

MOTIVERING, HOUDING EN STUDIEMETODE AS
BEPALENDE FAKTORE IN AKADEMIESE PRESTASIE

deur

Willie Johannes Bruwer
M.A., B.D. (U.S.)

Proefskrif voorgelê ter voldoening
aan die vereistes vir die graad
Doctor Philosophiae (Psigologie)
in die Fakulteit Lettere en Wysbe-
geerte aan die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër
Onderwys

Promotor:
Prof. dr. L.A. Gouws

Januarie 1973

Opgedra aan my Eggenote, my
Moeder en die nagedagtenis van
my Vader.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van koste van hierdie navorsing word met waardering erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

VOORWOORD

Aan God Almagtig wil ek die dank van my hart toebting. Sy genade en seën het hierdie studie moontlik gemaak. So leer die Skrifwoord dan ook: „Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid." (Rom. 11: 36).

Ek wil graag my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies betuig:

1. Prof. dr. L.A. Gouws vir sy deskundige en simpatieke leiding as promotor. Dit was 'n voorreg en verrykende ervaring om onder sy leiding te studeer.

2. Prof. dr. T.A. van Dyk wat as medepromotor opgetree het. Sy belangstelling in hierdie studie word opreg waardeur.

3. Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir al die nodige navorsingsgeleenthede en -geriewe.

4. Prof. dr. W.J. de Klerk wat as hoof van die Departement Interfakultêre Wysbegeerte, al die reëlins getref het sodat die vraelys tydens Interfakultêre Wysbegeerteperiodes toegepas kon word. Al die dosente wat Interfakultêre Wysbegeerte doseer, het hulle welwillende samewerking verleen. Ook aan hulle wil ek my dank betuig.

5. Die persone wat gehelp het met die toepassing van die vraelys. Prof. L.A. Gouws en prof. W.J. de Klerk was

ondanks 'n druk program, bereid om hiermee te help. Ge-
waardeerde hulp is ook ontvang van drie honneursstudente
in die Psigologie, t.w. mej. L. van Wyk en mnre. P.L.
Rossouw en N.M. Olivier. Mej. van Wyk is aan die einde
van 1971 in die fleur van haar lewe oorlede.

6. Mevv. K. Benade en E.F. Venter van die Rekensentrum
van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. vir hulle
reuse werk in verband met die programmering en verwer-
king van die gegewens.

7. My eggenote vir haar aanmoediging en opregte belang-
stelling in hierdie studie, asook vir haar hulp met die na-
sien van antwoordblaaie. Haar lojale ondersteuning was
besielend.

8. My ouers vir hulle jarelange ondersteuning, hulp en
voorbidding. Dit is vir my 'n rede tot droefheid dat my
vader oorlede is voordat hierdie studie voltooi is.

9. Mnr. en mev. I.J. Visser, Jnr^s, mnr. en mev. P.D.
Theron en mej. Susan Visser wat waardevolle hulp verleen
het met die nasien van honderde antwoordblaaie. Hulle was
bereid om baie ure van hulle kosbare tyd hiervoor af te
staan.

10. Mev. E. van Niekerk vir die bekwame wyse waarop
sy die tikwerk van hierdie proefskrif gedoen het.

11. Mev. R.H. Basson wat die versorging van die uittrek-
sel in Engels behartig het.

12. Die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Swartruggens wat aan my twee maande studieverlof verleen het vir die voltooiing van my studie.

13. Die 1822 studente van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. wat as proefpersone in die ondersoek gebruik is. Sonder hulle welwillende samewerking sou hierdie ondersoek nie moontlik gewees het nie.

HOOFSTUK 1INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN
LITERATUUROORSIG

I.	ALGEMENE INLEIDING	1
II.	DIE PROBLEEM VAN SWAK PRES- TASIE OP UNIVERSITEIT	3
III.	ONDERSOEK NA DIE PROBLEEM VAN ONDERPRESTASIE	6
A.	Die rol van ouderdom by toelating	6
B.	Geslagsverskille	7
C.	Verstandelike aanleg	8
D.	Persoonlikheidsaanpassing	10
E.	Belangstelling	11
F.	Leesvaardigheid	12
G.	Sosiologiese Faktore	12
H.	Samevatting	13
IV.	LITERATUUROORSIG	13
A.	Algemene Inleiding	13
B.	Algemene oorsig van vroeëre ondersoeke	14
C.	Bespreking van bepaalde navorsingsprojekte	19
	1. Wrenn	19
	2. Brown en Holtzman	20
	3. Gouws	26
	4. Bruwer	27

5. Blumberg	31
6. Du Toit	35
7. Botha	39
8. Van Niekerk	41
V. SAMEVATTING	45
<u>HOOFSTUK 2</u>	
DOEL, METODE EN OMVANG VAN ONDERSOEK	
I. INLEIDING	47
II. DOEL VAN DIE ONDERSOEK	47
III. BEGRIPSBEPALING	49
A. Proefpersone	49
B. Akademiese Prestasie	49
C. Motivering	50
D. Studiehouding	50
E. Studiemetode	50
IV. LEERTEORIEË	51
V. KEUSE VAN 'N NAVORSINGSTEGNIEK	51
VI. SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS	53
VII. DIE PROBLEEM VAN 'N KRITERIUM	55
VIII. DIE INVLOED VAN VERSTANDELIKE AANLEG	56
IX. BÛSKRYWING VAN DIE VOORONDERSOEK	58

A.	Doel van die voorondersoek	58
B.	Beskrywing van die navorsingsgroepe in die voorondersoek	59
	1. Groep Psigologie II-studente	59
	2. Groep Chemie II-studente	59
C.	Proeftoepassing van die vraelys	60
D.	Resultate van die proeftoepassing	60
X.	FINALE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS	70
XI.	DIE FINALE ONDERSOEK	71
A.	Beskrywing van die navorsingsgroep	71
	1. Eerstejaargroep	72
	2. Tweedejaargroep	74
	3. Derdejaargroep	75
	4. Die hele navorsingsgroep	76
B.	Toepassing van die vraelys	77
C.	Verwerking van gegewens	78
	1. Nasien van antwoordblaaie	78
	2. Indeling van groepe	79
	3. Bepaling van verband	86
	4. Uitskakeling van waardelose items	86
XII.	SAMEVATTING	86

HOOFSTUK 3

RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

I.	INLEIDING	89
II.	DIE VERBAND TUSSEN MOTIVERING, HOUDING EN STUDIEMETODE EN AKADEMIESE PRESTASIE	90
A.	Die hele navorsingsgroep	91
B.	Die eerstejaarsgroep	101
C.	Die tweedejaarsgroep	110
D.	Die derdejaarsgroep	120
III.	DIE VERBAND TUSSEN AFSONDERLIKE VRAELYSITEMS EN AKADEMIESE PRE- STASIE BY GROTER GROEPE	127
A.	Inleidend	127
B.	Items wat beduidend positief met akademiese prestasie korreleer in die groter groepe	128
	1. Alle proefpersone in die hele groep	129
	2. Alle dames in die hele groep	129
	3. Alle mans in die hele groep	129
	4. Alle proefpersone in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	129
	5. Dames in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	130
	6. Alle proefpersone in die Fakulteit Natuurwetenskappe	130
	7. Alle proefpersone in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe	130
	8. Alle proefpersone in B.A.-kursus	131

9.	Dames in B.A.-kursus	131
10.	Alle proefpersone in B.Sc.(Farm.)-kursus	131
11.	Die eerstejaarsgroep	131
12.	Dames in die eerstejaarsgroep	132
13.	Mans in die eerstejaarsgroep	132
14.	Alle proefpersone in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (Eerstejaar)	132
15.	Alle proefpersone in B.A.-kursus (Eerstejaar)	133
16.	Die tweedejaarsgroep	133
17.	Dames in die tweedejaarsgroep	133
18.	Mans in die tweedejaarsgroep	133
19.	Die derdejaarsgroep	134
C.	Inhoud van items wat beduidend korreleer met akademiese prestasie	134
	1. Motiveringsitems	134
	2. Houdingsitems	135
	3. Studiemetode-items	137
D.	Items wat klaarblyklik waardeloos is	139
	1. Motiveringsitems	139
	2. Houdingsitems	140
	3. Studiemetode-items	140
E.	Opmerkings ten opsigte van besondere items	140
	1. Motiveringsitems	141
	2. Studiemetode-items	141
IV.	SAMEVATTING	143

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN NAVORSINGSBEVINDINGE

I.	INLEIDING	145
II.	DIE VRAELYS AS NAVORSINGSTEG- NIEK	146
III.	MOTIVERING, HOUDING EN STUDIEME- TODE AS BEPALENDE FAKTORE IN AKADEMIESE PRESTASIE	148
IV.	'N VERGELYKING VAN MOTIVERING, HOUDING EN STUDIEMETODE MET BE- TREKING TOT HUL INVLOED OP PRESTASIE	150
A.	Motivering	150
B.	Houding	152
C.	Studiemetode	154
D.	Gevolgtrekking	155
V.	'N VERGELYKING VAN DIE JAAR- GROEPE	156
VI.	'N VERGELYKING VAN DIE GE- SLAGSGROEPE	159
VII.	'N VERGELYKING VAN DIE FAKUL- TEITSGROEPE	163
VIII.	'N VERGELYKING VAN DIE KURSUS- GROEPE	167
IX.	'N VERGELYKING VAN DIPLOMA- EN GRAADSTUDENTE	171
X.	MOTIVERING AS STIMULUS VIR GOEIE STUDIEMETODES	173

XI.	AFLEIDINGS MET DIE OOG OP DIE PRAKTYK	175
A.	Inleiding	175
B.	Studemotivering	176
C.	Houding teenoor studie	177
D.	Waardevolle studiemetodes	181

HOOFSTUK 5

SLOTPERSPEKTIEF

I.	INLEIDING	187
II.	SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK	187
III.	SAMEVATTING VAN DIE BELANGRIKSTE BEVINDINGE	189
IV.	BEPERKINGE VAN DIE ONDERSOEK	191
V.	AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE ONDERSOEK	192
VI.	SLOT	193
	BIBLIOGRAFIE	194

BYLAES

1.	Die vraelys wat in die voorondersoek ge- bruik is	202
2.	Die antwoordblad vir die vraelys wat in die voorondersoek gebruik is	215
3.	Gegewens van proefpersone in die voor- ondersoek (Psigologie II-studente)	219

4.	Gegewens van proefpersone in die voor- ondersoek (Chemie II-studente)	222
5.	Die vraelys wat in die finale ondersoek gebruik is	225
6.	Die antwoordblad vir die vraelys wat in die finale ondersoek gebruik is	233
7.	Gegewens van proefpersone in die finale ondersoek	236
	UITTREKSEL IN ENGELS	262

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN LITERATUUR= OORSIG

I. Algemene inleiding

Orals in die wêreld skeep die gebrek aan geskoolde manne-
krag probleme. In die Republiek van Suid-Afrika neem
hierdie probleem selfs groter afmetings aan as in sommige
ander lande. Vir die Republiek is die optimum benutting
van sy beperkte Blanke mannekragpotensiaal 'n saak van
nasionale belang (69, p. 1). 'n Gebrek aan geskoolde
arbeid is een van die grootste knelpunte in die ekonomie.
Van overheidsweë word daadwerklike pogings aangewend
om hierdie probleem die hoof te bied deur deeglik be-
heerde immigrasie. Tog is Suid-Afrika hoofsaaklik aan-
gewys op sy eie mannekrag.

In die lig van die mannekragtekort is dit vanselfsprekend
dat die aandag op die universiteite gerig sal wees wat
'n groot persentasie van hierdie persone moet lewer (72,
p. 1). Gouws (72) het reeds daarop gewys dat daar van-
dag baie klagtes teen die inrigtings vir hoër onderwys
ingebring word vanweë die grootskaalse vermorsing van
mannekrag en leierstalent wat daar plaasvind. Die klagtes
gaan nie oor die gehalte van die produkte nie, maar wel
oor 'n proses wat nie voldoende produkte gelewer het
van die rou materiaal wat deur die Middelbare Skool
voorsien is nie.

Verskillende persone, onder andere Lindgren (17) en de Moor (10) wys op die probleme wat studente ondervind wanneer hulle vir die eerste keer op universiteit kom. Vir baie studente bring dit geweldige frustrasie mee omdat hulle op universiteit met 'n geheel nuwe situasie te doen het. Daar word nou soveel meer van hulle verwag as toe hulle op skool was. Van die student word verwag dat hy selfstandig moet studeer. Hy weet egter dikwels nie hoe om hierdie nuwe situasie te hanteer nie. Hy weet nie hoe om aantekeninge af te neem tydens lesings nie; hy ondervind probleme met die bestudering van wetenskaplike handboeke; hy weet nie hoe daar verslag gedoen moet word van proewe nie ensovoorts. Die gevolg is dat so 'n student dikwels verlore voel en verward, terneergedruk en teleurgesteld is (17, p. 2). Baie studente moet wys word deur skade en skande. Die prys wat hiervoor betaal word is egter te hoog in terme van tyd en geld (10, p. 11).

Bennett (3) verwys in hierdie verband na 'n ondersoek wat onderneem is deur 'n sielkundige van die Departement van Gesondheid van die Yale Universiteit. Daarvolgens het geblyk dat ongeveer die helfte van die studente wat hom gekonsulteer het skolastiese probleme ondervind het. Laycock en Russell (46) het reeds in 1941 die inhoud van 38 „hoe-om-te-studeer“-handleidings ontleed. Volgens hulle is die blote feit dat so 'n groot getal handleidings binne die bestek van 14 jaar gepubliseer is, bewys van die behoefte aan deskundige leiding vir studente.

Du Toit (69) wys tereg daarop dat die onderwys nie deur die gebeurtenisse in 'n snel veranderende wêreld onaangeraak gelaat is nie. Een van die gevolge van die lansering

van die eerste Russiese Spoetnik was dat die Westerse wêreld, onder leiding van die V.S.A., begin het om oor sy eie onderwysstelsels te besin. Miljoene rande is bestee aan onderwysnavorsingsprojekte. Nuwe onderwysmetodes en -tegnieke is ondersoek en die akademiese prestasies van die studerende jeug is met ywer onder die soeklig geplaas (69, p. 1).

Die psigologie het beslis 'n groot rol te speel in die hantering en oplossing van hierdie probleem. Van psigologiese kant is daar dan ook reeds 'n groot bydrae gelewer tot die opvoedkundige teorie en praktyk deur die meting van individuele verskille deur middel van gestandaardiseerde toetse. Reeds in die dertigerjare is daar 'n groeiende behoefte merkbaar om akademiese prestasie binne redelike perke te voorspel ten einde die inrigtings vir hoër onderwys op die mees ekonomiese peil te laat funksioneer (36, p. 612).

II Die probleem van swak prestasie op universiteit

Veral gedurende die afgelope twee dekades het die probleem van druiping in die eerstejaar op universiteit of kollege baie aandag geniet (79, 67). Aanleiding hiertoe was die feit dat 'n ontstellende hoë persentasie studente 'n mislukking maak van hul studie in die eerstejaar op universiteit. Dit het geblyk dat tussen 30% en 45% van studente aan sommige inrigtings hulle eerstejaarkursus moet herhaal (72, 77, 79). Hier het ons met 'n wêreldwye probleem te doen. In Holland voltooi byvoorbeeld minder as 60% van studente in hoër opvoedkundige inrigtings hulle studie suksesvol (27, p. 4). Hierdie feit bring

'n groot geldelike las mee vir ouers en die staat en het ook 'n nadelige invloed op die individu en die gemeenskap.

Dis nie alleen die probleem van druiping wat kommer wek nie, maar ook die vermoede dat baie studente wat wel slaag beter kon presteer. Dit bring mens by die hele kwessie van prestasie en onderprestasie. Dis gebruiklik om die akademiese prestasie van studente met kognitiewe potensiaal in verband te bring. 'n Wanverhouding tussen akademiese prestasie en veral die resultate van I.K.-toetse word as onderprestasie beskou (69; p. 3). 'n Voorbeeld van hierdie benadering is die humoristiese definisie van onderprestasie deur Russel, aangehaal deur du Toit (69):

"In a very general sense, the 'underachiever' is the person who performs markedly below his capacities to learn, to make applications of learning, and to complete tasks. Speaking figuratively, he is the person who sits on his potential, and possibly needing an adroitly kick in that same potential" (p. 3).

Om onderprestasie slegs as 'n wanverhouding tussen aanleg of intelligensie en akademiese prestasie te beskou, mag egter 'n te simplistiese siening van die probleem wees, soos du Toit (69, p. 3) tereg opmerk. Navorsing wat reeds onderneem is, dui daarop dat akademiese prestasie deur meer faktore as slegs intellektuele vermoë bepaal word. (In afdeling III van hierdie hoofstuk word hierdie saak behandel.)

In die jongste jare word daar allerweë, ook van die kant van hoër opvoedkundige inrigtings, groter begrip getoon teenoor die probleme van onderpresteerders. Volgens

Impellizzeri, Barr en Cooney, aangehaal deur du Toit (69), is hulle

„students whose minds lie, either discouraged or inert or else trembling and helpless, in the grip of habits, attitudes or appetites" (p. 3).

'n Toenemende getal universiteite in Suid-Afrika beskik oor voorligtingsdienste wat tot die beskikking van studente gestel word om hulle te help met studie- en aanpassingsprobleme. Desondanks bly die probleem van swak akademiese prestasie 'n wesenlike probleem, soos onder andere uit die volgende blyk: Gouws (72) het bevind dat gemiddeld 42,9% van die totale aantal geregistreerde studente aan die Universiteit van Pretoria gedurende die tydperk 1952-55 aan die einde van hul eerste studiejaar gedruip het. Smit (77) het bevind dat die druipsyfer gedurende die tydperk 1966-68 op 45,0% te staan kom. Smit kom dan tot die volgende gevolgtrekking:

„Dit blyk dus dat daar nog nie 'n afname in die persentasie akademiese mislukkings by eerstejaar-universiteitstudente aan die Universiteit van Pretoria voorkom nie. Dit impliseer dat optredes om hierdie probleem te bekamp nog nie die kern van die probleem ontbloot het nie" (p. 352).

Dit is dus duidelik dat daar ten opsigte van die probleem van swak akademiese prestasie veel meer navorsing onderneem sal moet word.

Dit kan nie ontken word dat druipling in die eerstejaar op universiteit 'n groot probleem is nie. Tog moet daarteen gewaak word om nie hierdie probleem oor te beklemtoon nie. Dit is verkeerd om alle gevalle van druipling

in die eerstejaar as 'n dooie verlies te beskou. Baie van hierdie druipele vind met 'n tweede poging hulle voete, word goeie studente en uiteindelik ook nuttige lede van een of ander professie. Sommige persone het eenvoudig meer tyd nodig om bepaalde kursusse te voltooi as ander en die ekstra tyd en geld wat dit vereis mag later wel blyk 'n goeie belegging te wees (67, p. 2).

(III. Onderzoek na die probleem van onderprestasie

Dit word vandag feitlik deurgaans aanvaar dat akademiese prestasie nie deur een of twee faktore bepaal word nie, maar dat 'n verskeidenheid van faktore 'n rol speel in akademiese prestasie. Uit die literatuur blyk dat daar al navorsing gedoen is na die verband tussen akademiese prestasie en 'n hele aantal veranderlikes. Hieronder word 'n kort oorsig van die bevindings gegee.

A. Die rol van ouderdom by toelating

Vir baie jare is dit maar algemeen aanvaar dat studente te jonk is wanneer hulle tot die universiteite toegelaat word en dus onryp is om die gehalte werk te lewer wat verwag word.

In Suid-Afrika is 'n pioniersonderzoek in 1938 deur Malherbe en Cook gedoen na die verband tussen ouderdom en universiteitsprestasie (72, p. 3). Uit hierdie ondersoek blyk dat jeugdigheid nie 'n belemmerende faktor is nie en dat jeugdige studente oor die algemeen dié is met 'n groter bekwaamheid vir universiteitstudie. Hierdie bevinding word gesteun deur ander ondersoekers, byvoorbeeld Layton (47).

Ondersoeke aan die Universiteite van Stellenbosch (70) en Pretoria (79) het aangetoon dat jonger studente gemiddeld beter presteer op akademiese gebied as ouer studente.

Die teorie dat baie studente druij omdat hulle te jonk tot die universiteit toegelaat word, gaan dus nie op nie.

B. Geslagsverskille

Uit vroeë ondersoeke, byvoorbeeld dié van Malherbe en Cook, waarna reeds verwys is, blyk dit dat daar nie juis groot verskil bestaan tussen mans- en damesstudente nie.

Uit 'n ondersoek aan die Universiteit van Pretoria (72, 79) blyk dit egter dat damesstudente beter as mans presteer in die B.A.- en B.Sc.-studierigtings. In die B.A.-groep slaag 64,6% van die mans teenoor 82,7% van die dames. In die B.Sc.-groep slaag 42,4% van die mans teenoor 63,0% van die dames. In die toegepaste Biologie-studierigting het die mans weer beter presteer as die dames - 42,9% van die mans het geslaag teenoor 31,6% van die dames.

Die ondersoek aan die Universiteit van Stellenbosch het getoon dat die dames effens beter presteer as die mans (70). Uit 'n vorige ondersoek van die huidige ondersoeker (66) het dit ook geblyk dat die dames beter presteer as die mans. 'n Vergelyking van die gemiddeldes van die twee geslagte het 'n t-waarde van 2,34 opgelewer, wat statisties beduidend is op die 5%-peil.

Daar is probeer om 'n verklaring te vind vir hierdie verskynsel. So merk Gouws (72, p. 122) ten opsigte van die ondersoek aan die Universiteit van Pretoria op dat dit mag wees dat die dames wat die universiteit besoek ten opsigte van basiese toerusting vir akademiese werk 'n meer uitgesoekte groep is as die mans. By die Universiteit van Pretoria was daar gedurende die tydperk 1952-55 driemaal soveel mans as dames in die drie hoofstudierigtings ingeskryf. Dit maak so 'n verklaring aanneemlik.

-Die feit dat die dames effens beter presteer as die mans kan miskien ook 'n gevolg wees van minder vryheid, keuse van makliker kursusse en groter pligsgetrouheid.

Dit sou verkeerd wees om te veel waarde te heg aan geslagsverskille ten opsigte van prestasie aangesien die probleem van onderprestering tog ook binne die damesgroep voorkom.

C. Verstandelike aanleg

Dit is voorheen feitlik algemeen aanvaar dat akademiese prestasie bepaal word deur verstandelike vermoë. Deeglik verantwoorde ondersoeke dui egter daarop dat dit beslis nie net verstandelike vermoë is wat 'n rol speel in akademiese prestasie nie.

Locke (48) het in 'n ondersoek bevind dat daar wel 'n verband bestaan tussen intelligensie en akademiese prestasie. Hoewel die korrelasie beduidend is, is dit nietemin laag.

Aan die Universiteit van Stellenbosch (70) het geblyk dat die korrelasie tussen algemene intelligensie, soos gemeet deur die N.S.A.G.T., en akademiese prestasie wissel tussen 0,016 en 0,498. Hoewel hierdie korrelasies beduidend positief is, bly die korrelasie in al die gevalle baie laag.

Uit die ondersoek aan die Universiteit van Pretoria (79) blyk dat die verband tussen algemene intelligensie, soos gemeet deur drie bekende S.A. verstandstoetse, swak is. Lae positiewe korrelasiekoëffisiënte van die orde 0,1 tot 0,4 is verkry. Hoewel laag, was die verkreeë koëffisiënte in die meeste gevalle statisties beduidend. Die I.K. as basis van voorspelling van die akademiese prestasie van eerstejaarstudente is dus nie betroubaar nie (79, p. 132). Willems (27) kom as gevolg van 'n studie in Holland ook tot die gevolgtrekking dat dit gevaarlik is om 'n voorspelling van akademiese prestasie bloot op grond van die I.K. te maak (p. 57).

Uit 'n vorige ondersoek van die huidige ondersoeker (66) is ook ondersoek gedoen na die verband tussen algemene intelligensie, soos gemeet deur die N.S.A.G.T., en akademiese prestasie. In die geval van mansstudente is 'n korrelasie van 0,125 gevind en in die geval van damesstudente 'n korrelasie van 0,251. Albei hierdie korrelasies is onbeduidend op die 5%-peil.

Wat Hoërskoolleerlinge betref, het du Toit (69) bevind dat die korrelasie van intelligensie met prestasie in die Middellbare skool vir alle standerds in die omgewing van 0,5 is.

Daaruit lei hy af dat intelligensie die enkele faktor is wat die meeste variansie in skoolprestasie verklaar (p. 32).

Uit hierdie kort oorsig is dit duidelik dat daar beslis wel 'n verband bestaan tussen verstandelike aanleg en akademiese prestasie. In die lig van die betreklik lae korrelasies wat dikwels gevind is, is dit egter ewe duidelik dat 'n groot gedeelte van die variansie in akademiese prestasie nie deur die variansie in algemene verstandelike aanleg verklaar kan word nie.

D. Persoonlikheidsaanpassing

In 'n ondersoek aan die Universiteit van Pretoria (79) is probeer om vas te stel of daar enige verband bestaan tussen akademiese prestasie en sekere persoonlikheidstrekke, soos gemeet deur die Bernreuter-persoonlikheidsvraelys. In al drie die hoofstudierigtings is geen statisties beduidende verband tussen hierdie twee veranderlikes gevind nie. Gouws (72) konkludeer dat kennis van persoonlikheidstrekke, soos gemeet deur die Bernreutervraelys, van geen waarde is vir die doeleindes van voorspelling van akademiese prestasie nie (p. 143).

Uit die ondersoek aan die Universiteit van Stellenbosch (70) met die belangstellingsvraelys van die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike navorsing, blyk dat onbevredigende aanpassing in baie gevalle 'n rol gespeel het by die veroorsaking van mislukking met studie. Die persentasie afwykings van die hele groep druipele in elkeen van die tien aanpassingsvelde van die Nasionale Buro se aanpassingsvraelys, was presies 20%. Hierdie resultate is egter

ook nie voldoende om te dien as 'n enkele of belangrikste verklaring vir die probleem van onderprestasie nie.

E. Belangstelling (X)

In die ondersoekte aan die Universiteite van Stellenbosch (70) en Pretoria (79) is ook aandag gegee aan die verband tussen belangstelling en akademiese prestasie. In eersgenoemde geval is gevind dat daar wel onder druipele heelwat gevalle was waar die belangstellingsrigtings glad nie in verband gebring kon word met die gekose kursus nie. Daar is nie vasgestel hoeveel gevalle met sulke teenstrydige belangstellings- en studierigtings nogtans sukses behaal het nie. Hoewel dit in individuele gevalle 'n moontlike verklaring van mislukking kan bied, kan dit nie as algemene oorsaak beskou word nie.

Volgens die Pretoriase ondersoek vertoon belangstelling, soos gemeet deur die Kuder-belangstellingsvraelys, slegs 'n geringe korrelasie (wissel tussen 0,006 en 0,272) met akademiese prestasie. Hierdie resultaat is egter gegrond op 'n foutiewe interpretasie en gebruik van die Kuder-gegewens.

Van Niekerk (78) het in 'n ondersoek aan die Universiteit van Stellenbosch gevind dat belangstelling in spesifieke vakke baie hoog korreleer met vakprestasie. Die bevinding berus egter bloot op die subjektiewe aanduiding van die proefpersoon of hy geen, min, redelik, baie of intense belangstelling in 'n besondere vak het. Die bedenking kan geopper word of hierdie wyse van ondersoek na belangstelling diepgaande en omvattend genoeg is.

F. Leesvaardigheid

Uit ondersoek na leesvaardigheid (70) blyk dat daar heelwat meer stadige lesers onder die druipele as onder die hele eerstejaarsbevolking is. Maar by die oorweging van leesbeperrings as moontlike faktore by die mislukking van studie, moet daar ook in gedagte gehou word dat daar 'n positiewe korrelasie tussen leesbekwaamheid en intelligensie gevind is, sodat die groter persentasie swak lesers in 'n sekere mate, net soos die druipele, 'n gevolg van beperkte intellektuele vermoë mag wees (70, p. 44).

G. Sosiologiese Faktore

Ook van sosiologiese kant is ondersoek gedoen na die probleem van akademiese onderprestering. Goosen (71) het ondersoek ingestel na die verband tussen akademiese prestasie en die volgende faktore:

Die sosio-ekonomiese status van die gesinne waaruit die studente kom.

Woonplekke van studente.

Die faktor landelikheid-stedelikheid.

Die ontwikkelingspeil van die broodwinner (skoolopleiding).

Die sosiaal-pedagogiese agtergrond van die studente.

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat hierdie sosiologiese faktore weinig invloed uitoefen op akademiese prestasie.

H. Samevatting

Uit die oorsig van navorsing in verband met die probleem van akademiese onderprestering blyk dat hoewel daar skynbaar verskeie faktore is wat medebepalend is as oorsaak van onderprestasie, daar behalwe hierdie faktore ook nog ander moet wees wat 'n belangrike rol speel. Dit kan dus lonend wees om hierdie probleem verder te ondersoek met inagneming van ander faktore wat moontlik 'n rol kan speel in die bepaling van akademiese prestasie.

IV. Literatuuroorsig

A. Algemene Inleiding

Wat die literatuur betref oor ondersoeke na die verband tussen akademiese prestasie en motivering, studiehouding en -metode, word 'n mens gekonfronteer met 'n geweldige massa. Veral in die afgelope twee dekades het die getal ondersoeke vinnig toegeneem. In baie lande is ondersoeke onderneem, onder andere Brittanje, Holland, Australië, Nieu-Seeland, Rusland, Pole en Indië. Die meeste navorsing is egter in die V.S.A. gedoen.

Daar sal nie probeer word om in hierdie hoofstuk 'n geheel dekkende oorsig te gee van alles wat op hierdie gebied gepubliseer is nie. Dit sou tot gevolg hê dat hierdie hoofstuk te lywig word. Buitendien is dit nie die doel van die ondersoeker om 'n oorsigtelike en kritiese beeld van die hele veld te gee nie. Dit sou die onderwerp van 'n afsonderlike proefskrif kon wees. Daar sal dus net 'n kort oorsig van vroeëre navorsing gegee word.

Van die vroeëre navorsers sal Wrenn se werk egter meer breedvoerig bespreek word aangesien hy pionierswerk op hierdie gebied gedoen het. Daarna sal oorgegaan word tot 'n bespreking van besondere navorsingsprojekte, met besondere klem op navorsing in Suid-Afrika, veral na 1950.

Uit die aard van die saak sal al die geraadpleegde werke nie volledig bespreek kan word nie. Hulle word egter wel in die bibliografie vermeld omdat baie van hulle tog, hoe gering ookal, 'n bydrae gelewer het ten opsigte van hierdie studie.

B. Algemene oorsig van vroeëre ondersoeke (1926 - 1955)

Brown en Holtzman (33) deel mee dat daar sedert 1926 meer as honderd „How-to-study“-handleidings gepubliseer is. Dit toon die belangstelling van opvoedkundiges in die rol wat studiegewoontes en -houdings in die bepaling van akademiese sukses speel. Baie van hierdie handleidings berus egter nie op wetenskaplike navorsing nie en is dus betreklik waardeloos. So het Cuff (37) byvoorbeeld in 'n ondersoek met 1250 skoliere bevind dat 75 van die mees aanbevole studiebeginsels eerder deur die swakpresterende skoliere as deur die goedpresterende skoliere gebruik is! In die vroeëre werk in verband met studiehouding en -metode word 'n wetenskaplike basis ontbeer (37, p. 295). Die sogenaamde studiereëls het meesal voortgekom uit leunstoelspekulasies. Daar is maar verwag dat hulle goed behoort te wees. Ook Laycock en Russell (46) wat 38 van die sogenaamde studie-handleidings wat tussen 1926 en 1939 verskyn het, bestudeer het, het bevind dat baie

min van hulle op empiriese navorsing berus het. Wittenborn e.a. (60) pleit dan ook vir ondersoek na studiegewoontes omdat baie van die studiegewoontes wat deur dosente aanbeveel word nooit empiries ondersoek is nie.

Locke (48) het deur middel van sy Student Skills Inventory ondersoek ingestel na die verband tussen studiegewoontes en prestasie. Hoewel hy lae korrelasies behaal het, het hy tog gevind dat daar 'n verskil bestaan in die studiegewoontes van goed- en swakpresterende studente. Gordon (42) het egter bevind dat daar maar 'n geringe verband bestaan tussen Locke se vraelystings en akademiese prestasie.

Brown (31) het ondersoek gedoen na die rol van studiegewoontes deur middel van 'n vraelys bestaande uit 69 items, verdeel in 7 sub-afdelings. Sy resultate was teleurstellend. Hy bevind dat daar geringe getuienis bestaan dat goedpresterende studente beter studiegewoontes het as swakpresterende studente. Uit sy ondersoek blyk dat spesifieke studiemetodes klaarblyklik geen rol speel nie. Die swakheid van die ondersoek is egter daarin geleë dat die swak groep in sy monster studente was wat voorwaardelik tot die kollege toegelaat was. Vanweë die druk wat op hulle uitgeoefen is deur hulle voorwaardelike toelating, kan 'n mens verwag dat hulle die vroeë oneerlik sou beantwoord om sodoende 'n 'goeie indruk' te skep.

Brooks en Heston (30) het items van verskeie vraelyste uitgesoek en in 'n goed gekontroleerde ondersoek het hulle die geldigheid van hierdie items bepaal. Hulle het gevind

dat die vraelys onbeduidend korreleer met intelligensie ($r = 0,067$) en slegs 'n korrelasie van 0,175 toon met akademiese prestasies.

Wittenborn, Larsen en Mogil (60) het deur middel van 'n vraelys ondersoek ingestel na die verband tussen studiegewoonte en prestasie by die onderrig van Spaans en Frans. Korrelasies wat wissel van 0,07 tot 0,59 is gevind. Die voorondersoek met die vraelys is egter nie deeglik statisties verantwoord nie.

Richlen en Tresselt (53) het in 'n ondersoek probeer om, deur middel van 'n „how-to-study“-kursus, studente te help om hulle akademiese prestasie te verbeter. Lesings, groepbesprekings, individuele onderhoude en 'n battery van toetse het deel uitgemaak van die kursus. Die ondersoekers het gevind dat die gemiddelde eksamenpunte van studente beduidend hoër was nadat hulle 'n „how-to-study“-kursus voltooi het.

Deur Duncan, Bell, Bradt en Newman (38) is ondersoek gedoen na die studiegewoontes van 400 Psigologiestudente. 'n Poging is aangewend om te onderskei tussen die 50 persone wat die hoogste punte behaal het in psigologie en die 50 persone wat die swakste gedoen het, ten opsigte van die volgende 11 faktore:

1. Studieplek
2. Watter tyd van die dag studeer word
3. Hoeveelheid gerase in omgewing
4. Metode van studie

5. Gebruikmaking van die hulp van studenteraadgewers
6. Gebruik van ou vraestelle
7. Hoeveelheid tyd bestee aan studie
8. Belangstelling in kursus
9. Punte behaal in ander vakke as psigologie.
10. Jaar op universiteit
11. Introspektiewe vrae:
 - a) „Hoe vinnig meen jy dat jy lees?“
 - b) „Hoe goed meen jy dat jy die materiaal ken?“
 - c) „Meen jy dat jou punte in ooreenstemming is met die wyse waarop jy die vak beheers?“

Volgens die ondersoekers onderskei items 3, 5, 6, 7, 8, 9, en 10 tussen die twee groepe. Geen poging is egter aangewend om die resultate statisties te verantwoord nie. Gevolglik kan slegs gesprek word van 'n moontlike onderskeiding tussen die groepe.

Michael en Reeder (51) het die studiegewoontes van studente ondersoek deur middel van 'n vraelys bestaande uit 100 items. Nadat 'n itemontleding uitgevoer is, is gevind dat 43 en 47 items respektiewelik geldig is vir mans en dames. Die kriterium was slaag of druip. Slegs 23 van hierdie 90 items was geldig vir beide geslags-groepe. Ook is bepaal in hoe 'n mate die vraelys korreleer met werklike akademiese prestasie. In die geval van die mans is 'n korrelasie van 0,549 gevind en in die geval van die dames 'n korrelasie van 0,307. Die ondersoekers het rekening gehou met die intelligensiefaktor.

Robinson (55) beskryf 'n remediële werkprogram ten behoeve van universiteitstudente aan die Ohio State University. Een onderafdeling van die remediële werk bestaan daarin dat aan elke individuele student 'n onderhoud toegestaan word waar daar dan onder andere die "regte" studiemetodes verduidelik word. Daar is ook gepoog om die student insig in sy spesifieke studieprobleme te laat kry. Daar is gevind dat studente deur so 'n "how-to-study"-program deurgaans gebaat het. Nie alleen het hulle akademiese prestasie verbeter nie, maar ook hulle sosiale aanpassing. Ongelukkig is hierdie resultate nie statisties verantwoord nie en dus betreklik betekenisloos. Ook word nie gemeld wat beskou is as gewenste studiemetodes nie.

Lae, maar statisties beduidende, korrelasies tussen studiegewoonte-vraelyste en akademiese prestasie is ook gerapporteer deur Eurich (39), Myers en Schultz (52), Schultz en Green (56), Burgess (34) en Schutter en Maher (57).

Die reeds genoemde ondersoeke het hoofsaaklik probeer om vas te stel watter studiegewoontes tussen goeie en swak studente differensieer. Oor die algemeen was die resultate teleurstellend. Tog het sommige van hierdie ondersoeke aangedui dat die motivering van die student ten opsigte van sy studie moontlik belangriker mag wees as blote meganiese studieprosedure (33, p. 76). 'n Onderzoek deur Tiebout (58) met damesstudente het hierdie vermoede verder bevestig. Brown en Holtzman (33) verwys ook na ondersoeke deur Symonds en Mathews en Toepfer. Die resultate van hierdie ondersoeke suggereer dat die verskil tussen goed- en swakpresterende studente van

vergelykbare intelligensie, hoofsaaklik 'n verskil is in houding en motivering, eerder as 'n verskil in studiemetode (p. 76).

C. Bespreking van bepaalde navorsingsprojekte

1) Wrenn (61, 80, 81)

In 1933 het Wrenn een van die eerste studiegewoontevraelyste gepubliseer. Hy kan beskou word as die pionier op die gebied van navorsing oor die verband tussen akademiese prestasie en studiegewoontes.

Wrenn se voorlopige vraelys het bestaan uit 69 items. Dit is aanvanklik toegepas op 110 pare mansstudente van die Universiteit van Stanford. Een lid van elke paar het uit die boonste 10% van die studentebevolking gekom wat akademiese prestasie betref, en die ander uit die onderste 20%. Sy finale keuse van items is gebaseer op 'n itemontleding van die antwoorde op 'n gekeurde lys van studiegewoontevrae, verstrek deur goed- en swakpresterende studente wat afgepaar is ten opsigte van faktore soos intelligensie en studierigting. Desondanks het 'n geldigheids-ondersoek deur Gordon (42) aangetoon dat daar slegs 'n geringe verband tussen die vraelystellings en akademiese prestasie bestaan.

Humber, aangehaal deur Wrenn (80), het later verdere navorsing met die vraelys aan die Universiteit van Minnesota gedoen. Anders as Wrenn, het hy ook dames by sy ondersoek betrek. Sy bevinding was dat die dames minder as die helfte soveel beduidende verskille getoon het as die mans.

Humber se resultate is met dié van Wrenn gekombineer en daarvolgens is die hersiene uitgawe van 1941 saamgestel. Die finale vraelys het bestaan uit 28 items, wat onder die volgende hoofde gerangskik is: „A. Reading and Note-taking Techniques”, „B. Habits of Concentration”, „C. Distribution of Time and Social Relationships in Study” en „D. General Habits and Attitudes of Work.”

Wrenn vermeld die resultate van drie verdere ondersoeke met die vraelys. Daarvolgens is korrelasies met akademiese prestasie gevind van 0,24 0,58 en 0,42.

Ten opsigte van Wrenn se vraelys moet die bedenking geopper word dat 'n vraelys met so min items baie moeilik die hele studieveld kan dek. Voorts moet op Humber se bevinding gewys word dat daar groot verskille tussen die geslagte se studiebenaderings bestaan. Hierdie bevinding het egter op die gegewens van slegs 'n klein aantal dames berus. Daar is verder gevind dat slegs 12 van die finale vorm se items beduidend tussen goeie en swak presteerders in die damesgroep onderskei het. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die vraelys van minder waarde vir dames is as vir mans (78, p. 54).

2) Brown en Holtzman (33, 44, 45, 64, 65)

In die V.S.A. is daar reeds talle ondersoeke met Brown en Holtzman se vraelys oor studiehouding- en -gewoonte (Survey of Study Habits and Attitudes, afgekort: S.S.H.A.) gedoen. Ook hier te lande is dit die bekendste vraelys oor studiehouding en -gewoonte.

Brown en Holtzman het hulle ten doel gestel om 'n geldige vraelys saam te stel wat 'n student se houding en motivering teenoor studie sal meet, sowel as sy studiegewoontes.

Uit bestaande studiegewoontevraelyste, groepbesprekings, onderhoude ensovoorts is 'n groep van 234 stellings saamgestel. Hulle is verdeel in twee groepe; die een groep bestaande uit studiegewoonte-items en die ander uit studiehoudingitems. Twyfelagtige stellings is herformuleer of weggelaat. Die 88 studiehouding- en 100 studiemetode-items is in 'n vraelys versamel. Elke item is van 'n vyf-puntskaal voorsien, waarvolgens 'n student kan aandui of hy selde, somtyds, dikwels, gewoonlik of meesal altyd die prosedure volg wat in die stelling gesuggereer word.

Die voorlopige vraelys is in 1951 toegepas op 117 eerstejaarstudente aan die Universiteit van Texas. In die monster was goed- sowel as swakpresterende studente verteenwoordig. Behalwe die voorskrifte oor die beantwoording van die vraelys, is elke student ook gevra om items te merk wat hy moeilik gevind het om te beantwoord. Hierdie inligting is later gebruik om die vraelys te verbeter en af te rond. 22 van die 23 swakpresterende studente is afgepaar met 22 van die 94 goedpresterende studente. Sover moontlik was die lede van elke groep vergelykbaar ten opsigte van 7 veranderlikes: geslag, huwelikstaat, tydperk van inskrywing op universiteit, telling op 'n aanlegtoets (American Council of Education Psychological Examination; ACE), ouderdom, getal lesings bygewoon en aard van verblyfplek. Vir elke moontlike antwoord is 'n numeriese waarde

tussen 1 en 5 toegeken. „Selde" - 1, „somtyds" - 2
ensovoorts. Antwoordverspreidings van die goed- en swak-
presterende groepe is vergelyk ten opsigte van elke item.
Fischer se t-toets is gebruik om die belangrikheid van die
verskil tussen elke paar gemiddelde korrelasies te bepaal.
Vier van die 188 items het tussen goed- en swakpreste-
rende studente onderskei op die ,01-peil van betroubaar-
heid, 9 op die ,02-peil en 13 op die ,05-peil. Van die
60 items wat bo die ,20-peil onderskei het, was 42
studiehoudingitems en 18 studiegewoonte-items.

Die voorondersoek het dus getoon dat die vraelys se waarde
sal verhoog as dit goed gelaai word met stellings wat be-
trekking het op studiehouding. Op grond van die vooronder-
soek is die vraelys verkort tot 102 items.

Hierdie vraelys is in Mei 1951 toegepas op 'n groep
eerstejaarstudente van 5 kolleges in die V.S.A. (285 mans
en 285 dames). Slegs ongetroude studente, jonger as 24
jaar, is opgeneem in die monster. Eksamenpunte is gebruik
as kriterium. Die boonste 27% van die verspreiding is be-
skou as die goedpresterende groep, die laagste 27% van
die verspreiding as die swak presterende groep. Uit hier-
die ondersoek het geblyk dat 49 items op die ,05-peil
onderskei tussen goeie en swak presteerders by die mans.
Wat die dames betref, het 20 items onderskei. Weens hier-
die geslagsverskil is aparte tellingsleutels vir mans en
dames ontwerp.

Die 102-item vraelys is gedurende September 1951 weer
toegepas op 'n groep eerstejaarstudente aan die Universiteit

van Texas (219 mans en 176 dames). In die geval van die dames is 'n korrelasie van 0,52 gevind en in die geval van die mans was die korrelasie 0,50.

Om te bepaal in watter mate intellektuele faktore 'n rol gespeel het in die resultate, is die interkorrelasies bereken tussen die vraelystellings, tellings op die Co-operative Inter-American Tests of Reading en die ACE (aanlegtoets). Uit die resultate van hierdie ondersoek is afgelei dat daar weinig verband bestaan tussen die vraelystellings en verstandelike aanleg.

'n Finale hersiening van die vraelys is gedoen om waardelose items uit te skakel en ander duideliker te formuleer. Die resultaat is die 75-item vraelys bekend as die Survey of Study Habits and Attitudes (S.S.H.A.). Nadat 'n verdere itemontleding uitgevoer is, is 'n 36-itemsleutel vir mans ontwerp en 'n 29-itemsleutel vir dames. Ook is 'n spesiale „Counseling“-sleutel ontwerp om die items uit te lig wat praktyke of foute verteenwoordig wat bydra tot studieprobleme van studente.

Brown en Holtzman kom op grond van hul ondersoek tot die volgende gevolgtrekking:

1. Houding teenoor studie kan deur 'n objektiewe prosedure gemeet word en speel 'n belangrike rol in akademiese vordering.
2. Die S.S.H.A.-tellings vertoon 'n baie lae verband met verstandelike aanleg.
3. Die voorspellingsgeldigheid van die S.S.H.A. lewer belangrike getuienis ten opsigte van sy waarde vir voor-

ligting, diagnostiese toetsing, ondersoek na die onderwysproses en as hulpmiddel in remediële werk.

Na aanleiding van verdere ondersoeke in 1952 en 1953 is nuwe nasiensleutels ontwerp. Deur middel van 'n voorligtingmasker kan die antwoorde geïdentifiseer word wat swak presteerders die beste onderskei. Hoe meer van hierdie antwoorde 'n bepaalde student verstrek, hoe groter is die behoefte aan studievoorligting.

Die resultate van 'n ondersoek in 1966 word in tabel 1 weergegee.

Tabel 1 Korrelasies tussen eksamenpunte, SSHA-tellings en die tellings van die ACE (Aanlegtoets)

Kollege	N	Korrelasiekoëffisiënte		
		Eksamenpunte X ACE-tellings	SSHA-tellings X ACE-tellings	Eksamenpunte X SSHA-tellings
1	198	0,35	0,20	0,48
2	379	0,25	0,07	0,27
3	127	0,33	0,05	0,23
4	465	0,45	0,27	0,59
5	372	0,37	0,25	0,42
6	231	0,40	0,27	0,51

Uit tabel 1 blyk dat die toepassing van die vraelys aan ses verskillende kolleges 'n hoë positiewe korrelasie tussen

SSHA-tellings en eksamenpunte en 'n lae korrelasie tussen SSHA-tellings en die tellings van 'n aanlegtoets gelewer het.

Deur herhaalde toepassing en ontleding is die oorspronklike 75-itemvraelys omgewerk tot die huidige Vorm C-vraelys vir studente en die Vorm H-vraelys vir skoliere. Die vraelys bestaan nou uit 100 items.

Dit moet opgemerk word dat hierdie vraelys met besondere deeglikheid gestandaardiseer is. Blumberg (62) het die SSHA vir sy ondersoek gebruik. Uit sy ondersoek het dit geblyk 'n nuttige hulpmiddel te wees.

Van Niekerk (78, p. 58) opper 'n probleem in verband met die bruikbaarheid van die vraelys as voorligtingshulpmiddel, wat vermelding verdien. Die probleem hou verband met die feit dat die vraelys as voorspeller van prestasie gestandaardiseer is. Die standaardiseringsproses het meegebring dat slegs dié items wat by die totale monster voldoende tussen goeie en swak presteerders onderskei het, uitgesoek is. As gevolg daarvan bestaan die moontlikheid dat die terrein nie meer voldoende gedek word nie en die vraelys dus grootliks slegs as studieprestasietoets gebruik kan word, terwyl sy diagnostiese waarde nie meer so hoog is nie. Aan die ander kant moet in gedagte gehou word dat Brown en Holtzman afsonderlike voorligtingsleutels ontwerp het om studieprobleme te identifiseer. Ook die onderskeiding van die vier subskale in die C- en H-vorms is met die oog op die bruikbaarheid van die SSHA vir voorligtingsdoeleindes gemaak.

3) Gouws (72)

Gouws doen verslag oor 'n ondersoek na akademiese vordering aan die Universiteit van Pretoria. In die lig van die lae korrelasie tussen verstandelike aanleg en akademiese prestasie en die vermoede dat daar ernstige gebreke in baie studente se studiegewoontes is, is 'n poging aangewend om vas te stel of daar enige verband bestaan tussen die studiegewoontes en akademiese prestasie van eerstejaarstudente.

Vir die doel is 'n vraelys oor studiegewoontes, bestaande uit 53 items, verdeel in 5 groepe, ontwerp. Die antwoorde op die vrae in die vraelys is vergelyk met die eksamenprestasies van die studente. Die kriterium was die aantal vakke geslaag in die eksamen. Deur middel van die tegniek van chi-kwadraat is bepaal of daar 'n verband bestaan tussen studiegewoontes en akademiese prestasie. Dit het egter geblyk dat slegs drie items (17, 18 en 47) 'n statisties beduidende verband met die eksamenuitslae vertoon.

Uit hierdie beperkte ondersoek kan beslis nie afgelei word dat daar geen verband bestaan tussen studiegewoontes en akademiese prestasie nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die vraelys nie noodwendig beantwoord aan die doel waarvoor dit opgestel is nie. As die grootte van die monster en sy subverdeling in 'n hele aantal sub-kategorieë in gedagte gehou word, kan daar ook nie met reg verwag word dat daar enige positiewe resultate uit die ondersoek verkry kan word nie. Die rede vir die betreklik onbeduidende resultate moet waarskynlik hierin gesoek word.

4) Bruwer (66)

Die huidige ondersoeker het voorheen 'n ondersoek onderneem na die verband van studiehouding en -metode met akademiese sukses. Die ou uitgawe van Brown en Holtzman se SSHA is in hierdie ondersoek gebruik. 'n Monster van 118 eerstejaarstudente aan die Universiteit van Stellenbosch is gebruik as proefpersone. Die kriterium vir sukses was die gemiddeld van klas- en eksamensyfers.

Ondersoek is gedoen na die wisselwerking van die drie veranderlikes: SSHA-tellings, I.K. en akademiese prestasie. Die resultate verskyn in tabel 2.

Tabel 2 Interkorrelasies tussen die drie veranderlikes SSHA-tellings, I.K. en gemiddelde eksamenpunte

	Mans	Dames
I.K. en Eksamenpunte	-,125*	,251*
SSHA en I.K.	-,23*	,30 +
SSHA en Eksamenpunte	,49 =	,344 =

* Korrelasie onbeduidend

+ Korrelasie beduidend op die 5%-peil.

= Korrelasie beduidend op die 1%-peil.

Hieruit blyk

1. Die verband tussen I.K. en gemiddelde eksamenpunt is laag en onbeduidend.
2. Hoewel laag, is daar tog 'n geringe verband tussen I.K. en SSHA-tellings.

3. Daar bestaan 'n besliste beduidende verband tussen studiehouding en -metode (SSHA-tellings) en akademiese prestasie.

Daar is ook vasgestel of die SSHA geskik is vir gebruik in Suid-Afrikaanse toestande. Gevolglik is daar 'n vergelyking gemaak tussen die resultate van hierdie ondersoek en dié van Brown en Holtzman in die V.S.A. Gegewens in verband met die twee verspreidings verskyn in tabel 3.

Tabel 3 SSHA-verspreidings (Stellenbosse & V.S.A.-studente)

	N	Gemiddeld	S.A.
Mans (V.S.A.)	2114	35,3	13,0
Mans (Stellenbosch)	72	33,7	11,04
Dames (V.S.A.)	1446	31,6	10,1
Dames (Stellenbosch)	68	31,9	10,76

Uit tabel 3 blyk dat by albei ondersoeke die SSHA-tellings van mans en dames verskil. Hierdie verskille is ook statisties beduidend; in die geval van die V.S.A.-groep op die 1%-waarskynlikheidsgrens ($t = 9,49$) en in die geval van Stellenbosse groep op die 5%-waarskynlikheidsgrens ($t = 2,00$).

Die t -waarde van die verskil tussen die mans in die V.S.A.-groep en die Stellenbosse groep is 1,19 en in die geval van die dames is die t -waarde ook 1,19, wat albei onbeduidend is. Daar is dus geen beduidende verskil

tussen die V.S.A.-groep en die Stellenbosse groep ten opsigte van SSHA-tellings nie. Daaruit het die ondersoeker afgelei dat die SSHA-vraelys, wat hy in Afrikaans vertaal het, resultate lewer wat vergelykbaar is met dié wat in die V.S.A. verkry is.

Omdat die bedenking dikwels geopper is dat daar in hierdie ondersoek nie rekening gehou word met die moontlike invloed van verstandelike aanleg nie, het die ondersoeker die invloed van intelligensie uitgeskakel deur middel van twee tegnieke, te wete parsiële korrelasie en kovariansie-ontleding. Die resultate verskyn in tabel 4.

Tabel 4 Korrelasie tussen SSHA en Eksamenpunte vóór en ná die verwydering van die invloed van intelligensie

	Mans	Dames
SSHA en eksamenpunte	,49	,344
Korrelasie na die verwydering van die invloed van intelligensie deur kovariansie-ontleding	,47	,28
Korrelasie na die verwydering van die invloed van intelligensie deur parsiële korrelasie	,45	,28

Hoewel die korrelasies na die verwydering van die invloed van intelligensie effens laer is, is hulle in alle gevalle nog beduidend op die 1%-waarskynlikheidsgrens.

Hieruit het die ondersoeker tereg die afleiding gemaak dat verstandelike vermoë 'n baie geringe rol gespeel het in die korrelasie tussen SSHA-tellings en eksamenpunte.

Ten einde vas te stel watter een van die twee faktore (houding en metode) die grootste rol speel in die bepaling van akademiese sukses, is die interkorrelasies tussen studiehoudingstellings en studiegewoonte-tellings en gemiddelde eksamenpunte bereken. Die verband tussen studiegewoontes en -houdings is ook bereken. Die resultate verskyn in tabel 5.

Tabel 5 Interkorrelasies tussen eksamenpunte en studiehouding en -gewoonte

	<u>r</u>
Studiehouding en eksamenpunte	,43
Studiegewoonte en eksamenpunte	,42
Studiegewoonte en studiehouding	,69

Op grond van hierdie bevinding kon die ondersoeker nie vasstel dat een faktor 'n groter rol speel in die bepaling van akademiese sukses as die ander faktor nie.

Die betekenis van hierdie ondersoek kan soos volg saamgevat word:

1. Daar is vasgestel dat studiehouding en -metode beduidend korreleer met akademiese prestasie op eerstejaarsvlak aan die universiteit.

2. Die ondersoek het aan die lig gebring dat intelligensie nie 'n besondere rol speel in die verband tussen studie-houding en -metode en akademiese prestasie nie.

5) Blumberg (62)

Blumberg het 'n deurtastende ondersoek ingestel na die studiegewoontes en -houdings van Onderwyskollegestudente aan die Johannesburg College of Education. Die waarde van sy ondersoek is veral daarin geleë dat hy hom nie net bepaal het by eerstejaarstudente nie, maar ook tweede- en derdejaarstudente in sy ondersoek betrek het. In hierdie opsig is sy ondersoek uniek. Die feit dat slegs 'n klein persentasie van sy proefpersone mans was, moet as 'n beperking van sy ondersoek aangedui word. Hy het ook aandag gegee aan die betekenis van faktore soos intelligen- sie, aanpassing, spanning, ensovoorts.

In sy ondersoek het hy gebruik gemaak van onderhoude, vraelyste en die volgende toetse:

SSHA

California Test of Personality

Mental Alertness Test

Taylor Manifest Anxiety Scale

Reactions to Everyday Situations Test

Vir sy hoofondersoek het Blumberg die volgende proefpersone gebruik:

Die SSHA, California Test of Personality en die Mental Alertness Test is toegepas op die volgende persone:

- 240 derdejaars (23 mans en 217 dames)
- 302 tweedejaars (29 mans en 273 dames)
- 336 eerstejaars aan die begin van die jaar (27 mans en 309 dames)
- 224 eerstejaars aan die einde van die jaar (17 mans en 207 dames).

Vir die geskeduleerde onderhoude is die volgende persone gebruik:

- 105 eerstejaars
- 82 tweedejaars
- 92 derdejaars (119 mans en 160 dames).

Vir die ongeskeduleerde onderhoude is die volgende persone gebruik:

- 62 eerstejaars
- 58 tweedejaars
- 61 derdejaars (22 mans en 159 dames).

Vir die Taylor Manifest Anxiety Scale is die volgende persone gebruik:

- 251 eerstejaars (25 mans en 226 dames)
- 131 tweedejaars (7 mans en 124 dames).

Blumberg het die volgende hipoteses gestel en ondersoek:

- a) „Suksesvolle studente het goeie studiepatrone.“ („Study behaviour patterns“).

Sy ondersoek het hierdie hipotese bevestig. Hy het besondere hoë korrelasies tussen akademiese prestasie en

die SSHA-tellings gevind. In die geval van die eerstejaars was die korrelasie 0,85; in die geval van die tweedejaars 0,83 en in die geval van die derdejaars 0,81. Al hierdie korrelasies is beduidend op die 0,01%-peil. Dit blyk dus dat die SSHA 'n goeie voorspeller van akademiese prestasie is.

Die korrelasies wat Bruwer (66) gevind het was laer as dié van Blumberg (wissel van 0,344 tot 0,49), hoewel dit ook nog beduidend was op die 1%-peil. Hieruit maak Van Niekerk (78) die volgende afleiding:

„Dit is dus duidelik dat die waarde van die SSHA as voorspeller van sukses (en moontlik as voorligtingshulpmiddel) van die een studentegemeenskap na die ander grootliks verskil" (p. 61).

Daar moet toegegee word dat daar so 'n neiging bestaan, maar aan die ander kant moet in gedagte gehou word dat Bruwer die ou uitgawe van die SSHA gebruik het, terwyl Blumberg van die nuwe en verbeterde uitgawe gebruik gemaak het. Deels kan Blumberg se hoër korrelasies hieraan te wyte wees.

- b) „Studente met 'n goeie intelligensie het nie noodwendig goeie studiepatrone nie."

Hierdie hipotese is deur sy ondersoek bevestig. Net soos Bruwer, vind hy geen beduidende verband tussen SSHA-tellings en I.K. nie.

- c) „Studente met goeie persoonlikheidstrekke het goeie studiepatrone."

Hy het gevind dat persoonlike aanpassing wel 'n rol speel, maar nie sosiale aanpassing nie. Die ondersoek het dus nie hierdie hipotese bevestig nie. Goeie persoonlikheidstrekke waarborg nie op sigself noodwendig goeie studiepatrone nie.

- d) „Goed gemotiveerde studente het goeie studiepatrone.”

Blumberg het motivering verder ondersoek in onderhoude. Op grond van die gegewens vind hy 'n baie hoë verband (0,73) tussen motivering en akademiese prestasie. Hierdie hipotese is dus deur die ondersoek bevestig. Blumberg konkludeer:

„Study behaviour patterns are significantly related to motivation” (p. 332).

„Attitude is undoubtedly paramount in regard to study behaviour” (p. 335).

- e) „Die hooggespanne ('highly anxious') studente het swak studiepatrone.”

Uit die ondersoek blyk dat daar geen beduidende verband bestaan tussen die SSHA en die Manifest Anxiety Scale nie. Die ondersoeker vermoed egter dat hierdie bevinding verband hou met die feit dat hooggespanne studente nie tot die kollege toegelaat word nie omdat hulle nie voldoen aan die vereistes wat deur die onderwysowerheid gestel word nie.

- o) „Die studiepatrone van studente wat in kollegekoshuise loseer is swakker as dié van studente wat nie in koshuise loseer nie.”

Hierdie hipotese kon nie deur die ondersoek bevestig word nie.

- g) „Damesstudente se studiepatrone is beter as dié van mansstudente.”

Die ondersoeker het gevind dat geslagsverskille geen rol gespeel het nie. Hier moet egter opgemerk word dat daar in vergelyking met die dames baie min mans in die ondersoek betrek is.

- h) „Die studiepatrone van eerstejaarstudente verskil van dié van studente in die tweede- en derdejaar.”

Uit die ondersoek het geblyk dat die kwaliteit van studiepatrone grootliks dieselfde bly van die eerste tot die derdejaar.

- i) „Die studiepatrone van ex-B-baanstudente is swakker as dié van ex-A-baanstudente.”

Die ondersoek het geen beduidende verskille aan die lig gebring nie. Hierdie bevinding hou verband met hipotese (b). Mens sou hierdie bevinding kon verwag omdat leerlinge op skool op grond van hul verstandelike vermoë in die A- en B-bane ingedeel word.

- 6) Du Toit (68, 69)

Du Toit het die standaardisering van die SSHA-vraelys vir Suid-Afrikaanse Hoërskole vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing onderneem. Op Afrikaans staan die

vraelys bekend as die „Opname van Studiegewoontes en -Houdings" (O.S.G.H.).

Die volgende skale is gebruik:

- a) Vermyding van uitstel (VU) dui aan in watter mate die leerling sy take stiptelik afhandel, uitstel van werkopdragte vermy en nie geneig tot onnodige tydverkwisting is nie.
- b) Werkmetodes (WM) gee 'n aanduiding van die leerling se gebruik van doeltreffende studiemetodes, sy bekwaamheid in die uitvoering van werkopdragte en in watter mate hy sy skoolwerk op die beste, mees sistematiese wyse aanpak.
- c) Studiegewoontes (SG) kombineer die tellings van die eerste twee subskale, VU en WM, om 'n maatstaf vir akademiese gedrag daar te stel.
- d) Onderwysergoedkeuring (OG) verskaf 'n maatstaf van die leerling se houding teenoor die onderwyser en die mate waarin hy die onderwyser se optrede in die klas-kamer goedkeur.
- e) Aanvaarding van Onderwys (AO) bepaal in watter mate die leerling opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes aanvaar.
- f) Studiehoudings (SH) kombineer die tellings van die vorige twee subskale, OG en AO, en verskaf 'n maatstaf van die leerling se vertroue in skolastiese doelwitte en ideale.

g) Studie-oriëntasie (SO) is 'n samevatting van al die bo- genoemde aspekte en verskaf 'n totale maatstaf van die leerling se studiegewoontes en -houdings.

Gedurende 1968 is die vraelys toegepas op 'n steekproef van Hoërskoolleerlinge in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. 2790 Leerlinge (1342 seuns en 1448 dogters) is in hierdie ondersoek betrek. Die gemiddelde skriftelike eksamen- punt van die leerlinge is gebruik as kriterium van pres- tasie.

'n Paar baie interessante aspekte het in hierdie ondersoek na vore gekom:

By 'n hele aantal vergelykings tussen die standerdgroepe is beduidende verskille gevind. Daar was 'n neiging dat die vraelystellings van std. 6 na std. 8 daal, om dan weer te styg na std. 9 en 10. Du Toit gee die volgende verklaring vir hierdie tendens:

„Hierdie tendens kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat standerd 6-leerlinge wat nuut in die middel- bare skool is, in 'n groter mate die onderwysers se gesag aanvaar (OG) en studietake stiptelik uitvoer (VU). Vir leerlinge in standerds 7 en 8 is die skoolomgewing minder vreemd, die invloed van die puberteitstydperk (15 - 16 jaar) is groter, 'n hele aantal leerlinge nader die einde van hulle skoolloopbaan en frustrasie by swak presteerders en potensiële skoolverlaters laat hom geld in hulle houdings en gewoontes. Leerlinge wat in stan- derds 9 en 10 in die skool bly, doen dit waarskynlik in 'n groot mate uit eie keuse en is daarom beter ge- motiveerd en het meer positiewe houdings met betrekking tot die skool en studie-ideale in die algemeen (AO). Aan die ander kant moet die moontlikheid dat leerlinge met beter studiegewoontes en -houdings beter presteer

en daarom langer in die skool bly, in gedagte gehou word" (69, p. 14).

Wat verskille tussen die geslagte betref, is gevind dat die dogters se tellings gemiddeld hoër is as dié van die seuns. Hieruit lei Du Toit af dat

„Dit kan dus gestel word dat die dogters, volgens genoemde bevindings, beter georiënteerde, beter gemotiveerde en gewilliger skoliere as seuns is" (69, p. 16).

Hier moet daar egter opgemerk word dat Du Toit nie vasgestel het of dogters ook skolasties beter as seuns presteer nie. Du Toit wys verder ook daarop dat die vroeëre ryppwording van die dogter 'n bydraende faktor mag wees.

Du Toit het gevind dat studiegewoontes en -houdings betekenisvol korreleer (1%-peil) met skoolprestasie vir dogters in std. 6 tot 10. Wat die seuns betref is dieselfde bevind, behalwe in std. 10. Op die std. 10-vlak is dit slegs studiegewoontes wat op die 5%-peil met skoolprestasie korreleer, terwyl studiehoudings neig na 'n betekenisvolle korrelasie. Du Toit opper as waarskynlike oorsaak vir hierdie verskynsel dat 'n groot getal seuns op hierdie stadium begin uitsien na 'n loopbaan en minder positief ten opsigte van opvoedkundige ideale en doelstellings is. Hierdie verklaring verklaar egter nie die groot verskil tussen die geslagte op std. 10-vlak nie, soos Du Toit self toegee.

Du Toit som sy bevindings soos volg op (p. 33):

- i. Daar bestaan 'n statisties betekenisvolle verband tussen studiegewoontes en -houdings en die akademiese prestasie van leerlinge.
- ii. Die OSGH-vraelys kan as 'n baie betroubare instrument beskou word.
- iii. Op grond van die bevindings is besluit om die OSGH te standaardiseer vir gebruik in die skole van die Republiek en Suidwes-Afrika.
- iv. Daar is bevind dat die trekke wat deur die OSGH gemeet word, redelik onafhanklik van intelligensie is.
- v. Aangesien die NSAG en die OSGH onderling laag korreleer, terwyl albei afsonderlik betreklik hoog met skoolprestasie korreleer, is die gesamentelike bydrae van die eienskappe wat deur die twee toetse onderskeidelik gemeet word, tot skoolprestasie betreklik hoog.
- vi. Du Toit is van mening dat die resultate van sy ondersoek nuwe lig op die probleem van onderprestasie in Suid-Afrikaanse skole werp.

7) Botha (63)

Botha het deelgeneem aan 'n navorsingsprojek oor die be-
 gaafde en minder begaafde student aan die Universiteit van
 Stellenbosch. As onderdeel van sy studie het hy ingegaan
 op die studiegewoontes en -houdings van suksesvolle studente

Hy het gebruik gemaak van die ou uitgawe van die SSHA-vraelys. Hy het verder ook van onderhoude gebruik gemaak.

Hy het 'n breë ondersoek gedoen om die invloed van nie-intellektuele faktore op akademiese prestasie te bepaal. Vir hierdie doel het hy 1339 finalejaarstudente se gegewens gebruik. Ten opsigte van die invloed van nie-intellektuele faktore op prestasie, het hy slegs met twee sub-monsters gewerk bestaande uit 65 suksesvolle 60 minder suksesvolle studente.

Botha het sy hoof- en sub-monsters vir verskillende bewerkings ook onderverdeel in mans- en damesgroepe, in studente in die fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe en Handel en in 8 prestasiegroepe, te wete.

Suksesvolle studente (S) groep:

S1: slaag cum laude plus ekstra vakke

S2: slaag cum laude sonder ekstra vakke

S3: slaag met een of meer onderskeiding(s) plus ekstra vakke

S4: slaag plus ekstra vakke

S5: slaag

S6: slaag na een of meer hereksamens binne minimum tyd.

Minder suksesvolle studente (MS-groep):

MS1: slaag na herhaling van een jaar

MS2: slaag na herhaling van twee of meer jare.

'n Interessante bevinding was dat daar selfs binne die suksesvolle groep beduidend verskille gevind is. So byvoorbeeld verskil die S1 - 4-groepe beduidend van die S5 - 6-groepe.

Van Niekerk (78) wys tereg daarop dat Botha se bevinding betekenisvol is in die lig van die feit dat die monster uit studente bestaan het wat almal in dié mate suksesvol was dat hulle wel uiteindelik hul grade of diplomas behaal het. Hy wys verder daarop

„Dit was dus 'n hoogs geselekteerde groep en nogtans onderskei die vraelys tussen die sub-groepe. Die gevolgtrekking is dus geregverdig dat minstens sommige aspekte van studiegewoontes en -houdings selfs vir gevorderde studente van groot belang vir prestasie is" (p. 63).

In aanvulling tot die vraelys het Botha ook onderhoude gevoer met 86 suksesvolle en 77 minder suksesvolle studente. Sy onderhoude het gegaan oor studiemotivering, studietyd en -beplanning, hersiening, spesifieke studiemetodes ensovoorts. Uit die onderhoude het geblyk dat beduidend meer van die suksesvolle groep hulle sukses aan goeie studiemetodes, sterk motivering, voldoende tydsbesteding en gereelde studie toeskryf, terwyl die minder suksesvolle groep die teendeel as redes vir hulle mislukkings aangevoer het. Die resultate wat deur middel van die vraelys verkry is, is dus deur die onderhoude bevestig.

8) Van Niekerk (78)

Van Niekerk het 'n vergelykende studie onderneem in verband

met die studiegewoontes en -metodes van Matriekleerlinge en eerstejaarstudente aan die universiteit.

Die skoolgroep het bestaan uit 1030 persone (518 seuns en 512 dogters). Hulle was almal eerstejaarstudente aan die universiteit en is getoets gedurende die sogenaamde oriënteringsweek reg aan die begin van die akademiese jaar. Hier moet opgemerk word dat die skoolgroep nie as verteenwoordigend van die Hoërskoolbevolking beskou kan word nie aangesien slegs eerstejaarstudente gebruik is, wat dus wel matriek geslaag het. Dit was dus uiteraard 'n hoogs geselekteerde groep, soos Van Niekerk self toegee. Dit moet as 'n swakheid in hierdie ondersoek aangedui word.

Die universiteitsgroep het bestaan uit 387 studente (160 mans en 227 dames). Aanvanklik is 'n toevallige monster van 600 uit die koshuisstudente getrek. Net 397 het vir toetsing opgedaag. Hierdie groep kan dus nie as verteenwoordigend beskou word nie, maar eerder as 'n groep vrywilligers, soos Van Niekerk self besef. Daar kan verwag word dat dit juis die meer toegewyde student sal wees wat vrywillig vir so 'n ondersoek na vore sal kom. Uit die aard van die saak staan mens simpatiek teenoor die probleme van die navorser. Tog moet hierdie feit ook as 'n leemte aangemerk word.

Van Niekerk het 'n battery opgestel vir sy navorsing, wat soos volg saamgestel is:

- a) Studiegewoontevraelys Dit bevat ses afdelings, naamlik gesondheid, liggaamlike toestand gedurende eksamentye/

toetsreeks, studie-omstandighede, studietyd en -beplanning, aanpak en hersiening en studiegerigtheid. Elke afdeling is tot 10 vrae beperk. Daar is gepoog om die vrae so verteenwoordigend moontlik te maak. Elke vraag is van 4-keuse antwoorde voorsien, wat deurgaans van ongewens (A) na gewens (D) gerangskik is.

- b) Studievaardighede In hierdie afdeling is ook vrae ingesluit wat die volgende vaardighede dek: opsommings en aantekeninge maak, skryf, snellees, vluglees en leesbegrip.
- c) Spesifieke vakstudiemetodes -belangstelling en -prestasie. Op hierdie vraelys moes die proefpersone aandui watter vakke hulle volgens watter metodes bestudeer het. Hulle moes ook aandui wat hulle eksamensimbole in elke vak was en hoeveel hulle in elke vak belanggestel het.
- d) Studievoorligting Hierdie vraelys was net vir die skoolgroep bedoel en handel oor voorligting wat hulle op skool ontvang het.

Omdat Van Niekerk wou rekening hou met die rol van intelligensie, het hy besluit om 'n prestasiekwosiënt as kriterium vir prestasie te gebruik, waarin prestasie en intelligensie as 'n verhouding uitgedruk is. Hy het die prestasiekwosiënt bereken met die volgende formule:

$$PK = \frac{\text{Prestasie}}{IK} \times \frac{1000}{3}$$

Die ondersoek van Van Niekerk is geweldig breed in opset, en daarom kan slegs enkele bevindinge hier weergegee word.

Daar is besliste verskille tussen die geslagsgroepe, die skool- en universiteitsgroepe, die I.K.-groepe en die prestasiekwasiëntgroepe se resultate gevind - daar is soms selfs onderskeidende studie-, belangstellings- en prestasiepatrone gevind.

Van Niekerk het bevind dat daar aanduidings is van besliste verskille in vakstudiemetodes.

'n Interessante bevinding van hierdie ondersoek was dat aanduidings gevind is dat studiemetodes (spesifieke vakstudiemetodes, asook algemene studie-aanpak en hersiening) weinig werklike invloed op prestasie uitoefen. Die verband tussen geslag en studiemetode, asook tussen intelligensie en studiemetode, is skynbaar sterker as die verband tussen studiemetode en prestasie. Vakstudiemetode het verder in die meeste gevalle 'n hoër korrelasie met vakbelangstelling as met vakprestasie getoon. Hieruit maak Van Niekerk die afleiding dat

„die doeltreffendheid, gemotiveerdheid en ywer waarmee 'n studiemetode toegepas word, van groter belang is as die besondere metode" (p. 300).

Daar is bevind dat belangstelling in spesifieke vakke baie hoog korreleer met vakprestasie. Die bevinding berus egter bloot op die subjektiewe aanduiding van die proefpersoon of hy geen, min, redelik, baie of intense belang-

stelling in 'n besondere vak het. Die vraag kan gestel word of hierdie wyse van ondersoek na belangstelling diepgaande en omvattend genoeg is.

Van Niekerk het verder bevind dat die invloed van tydsbesteding aan en beplanning van studie op prestasie byna net so sterk is as dié van studiegerigtheid en vakbelangstelling.

V. Samevatting

Nadat daar in die algemeen gewys is op die probleme wat aanleiding gegee het tot hierdie ondersoek, is die probleem van swak prestasie op universiteit aan die hand van verskeie bronne bespreek. Daaruit blyk dit dat die swak prestasie van studente kommer wek.

Die probleem van onderprestasie is vervolgens bespreek met verwysing na ondersoeke wat reeds onderneem is. Die rol wat verskillende faktore in akademiese prestasie mag speel, is reeds ondersoek. Daarvolgens blyk dit dat daar naas hierdie faktore ook nog ander faktore moet wees wat medebepalend is in akademiese prestasie.

Hierna is oorgegaan na 'n literatuuroorsig van navorsing in verband met studiemotivering, -houding en -metode. Na 'n vlugtige oorsig oor die vroeëre navorsing, is bepaalde navorsingsprojekte meer volledig bespreek met besondere klem op navorsing wat in Suid-Afrika gedoen is. Uit hierdie oorsig van navorsing het dit duidelik geblyk dat die rol van motivering, studiehouding en -metode ten opsigte

van akademiese prestasie meriete het. 'n Leemte in die navorsing is egter dat hoofsaaklik gekonsentreer is op eerstejaarstudente. Blumberg se navorsing is 'n uitsondering. Hy het egter navorsing gedoen na die studiepatrone van Onderwyskollegestudente. Op tweede- en derdejaarsvlak is daar, wat universiteitstudente betref, feitlik geen navorsing onderneem nie. Die huidige ondersoeker voel dus dat navorsing in hierdie rigting lonend mag wees.

In die volgende hoofstukke sal die doel, aard en omvang van hierdie ondersoek beskrywe word, die resultate sal ontleed word en gevolgtrekkings gemaak word.

HOOFSTUK 2

DOEL, METODE EN OMVANG VAN ONDERSOEK

I. Inleiding

Soos die titel van hierdie proefskrif aandui, is die doel van hierdie ondersoek om die rol van motivering, houding en studiemetode in akademiese prestasie te bepaal. Daar is besluit om nie slegs 'n monster van studente vir die ondersoek te trek nie, maar om sover moontlik alle binne-muurse voor-gradse studente van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. in die ondersoek te betrek. Ewentueel is 1822 eerste-, tweede- en derdejaarstudente van die Universiteit in die ondersoek betrek. Omdat hierdie ondersoek spesifiek gerig is op die motivering, houding en studiemetode van studente aan die Potchefstroomse Universiteit, is soveel as moontlik van die studente by die ondersoek ingeskakel. In hierdie hoofstuk sal die doel, metode en omvang van die ondersoek beskryf word.

II. Doel van die ondersoek

Die doel van die ondersoek kan soos volg gestel word:

A. 'n Ondersoek na die moontlike verband tussen akademiese prestasie aan die een kant en die veranderlikes motivering, houding en studiemetode aan die ander kant.

B. Die opstel van 'n meetinstrument wat vir hierdie ondersoek geskik sal wees.

C. Daar word nie slegs ondersoek gedoen na die motivering, houding en studiemetode van eerstejaarstudente nie, maar ook van tweede- en derdejaarstudente. Dit is juis 'n leemte in die meeste ondersoeke dat daar alleen op die eerstejaarstudent gekonsentreer word. Daar sal probeer word om vas te stel of die studiepatroon betekenisvolle veranderinge ondergaan van die eerste- na die derdejaar.

D. Die vergelyking van die onderstaande groepe met betrekking tot die verband tussen akademiese prestasie en motivering, houding en studiemetode:

1. Die jaargroepe
2. Die geslagsgroepe
3. Die fakulteitsgroepe
4. Die kursusgroepe

In totaal sal 127 verskillende groepe hier ter sprake kom.

E. 'n Vergelyking van die verband tussen die drie veranderlikes afsonderlik en akademiese prestasie. Daar sal dus probeer word om vas te stel watter van die drie veranderlikes die grootste rol speel in akademiese prestasie.

F. Die omskrywing van faktore wat 'n rol mag speel in akademiese prestasie. Dit sal gedoen word met die oog op die praktyk van voorligting en hulp aan studente.

III. Begripsbepaling

Dit is nodig om presies te weet wat met sekere begrippe bedoel word wat herhaaldelik in hierdie proefskrif gebruik sal word. Hieronder word dan kortliks verklaar wat die ondersoeker onder die onderskeie begrippe verstaan.

A. Proefpersone

Die studente van wie se gewens in hierdie ondersoek gebruik gemaak is, word proefpersone genoem. Hulle is

1. Tweedejaarstudente in die Psigologie en Chemie van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. wat vir die doeleindes van die voorondersoek gedurende Augustus en September 1970 deur middel van 'n vraelys getoets is ten opsigte van hulle motivering, houding en studiemetodes.
2. Eerste-, tweede- en derdejaarstudente van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. wat vir die doeleindes van die finale ondersoek gedurende Junie 1971 deur middel van 'n vraelys getoets is ten opsigte van hulle motivering, houding en studiemetode.

B. Akademiese prestasie

Akademiese prestasie beteken ten opsigte van

1. Die voorondersoek Die semesterpunt van Junie 1970 in die vakke Psigologie II en Chemie II onderskeidelik.
2. Die finale ondersoek Die proefpersone se gemiddelde

wat bereken is deur die gemiddelde van die jaar en eksamenpunt vir die jaar 1971.

C. Motivering

Motivering kan beskrywe word as dit wat gedrag, wat op 'n bepaalde doel gerig is, laat ontstaan, laat voortduur en rigting daaraan gee. Studiemotivering sou dan beskrywe kon word as die dryfkrag agter die handeling van studeer. By motivering kom faktore binne die persoon ter sprake, sowel as ervarings wat deur die omgewing voorsien word (75, p. 5). Daar sou gepraat kon word van inwendige en uitwendige motivering. Die vrae wat in die vraelys opgeneem is oor motivering, handel oor die dryfkrag agter die studiehandeling.

D. Studiehouding

Hoewel studiehouding nou verwant is aan motivering, is daar tog ook onderskeid. Houding dui op die gesindheid en ingesteldheid van die student ten opsigte van studie. Studiehouding is dus die uitdrukking of manifestasie van motivering (78, p. 10). Goeie motivering kan ook lei tot die ontwikkeling van effektiewe studiemetodes (20, p. 242). In die vraelys oor hierdie afdeling word dus vrae gestel oor die aandag wat aan studie bestee word, die bevrediging wat studie meebring ensovoorts.

E. Studiemetode

In die literatuur word die terme 'studiemetode' en 'studie-

gewoonte' afwisselend gebruik. Vir die doel van hierdie ondersoek word die term 'studiemetode' verkies omdat die term 'studiegewoonte' die gedagte van 'n dwanghandeling mag inhou. Met studiemetode word nie slegs spesifieke studiemetodes, soos die maak van opsommings, herhaling van leerstof ensovoorts, bedoel nie, maar ook dinge soos die tyd wat aan voorbereiding bestee word, die fisiese omstandighede tydens studie ensovoorts. Vir die doel van hierdie ondersoek moet onder studiemetode verstaan word die algemene beplanning, organisasie en werkwyse wat verband hou met die taak van studeer.

IV. Leerteorieë

Omdat hierdie proefskrif op die praktyk gerig is en probeer aantoon watter faktore akademiese prestasie positief beïnvloed, sal daar nie ingegaan word op die verskillende leerteorieë nie. In die werke van Hilgard (13) en Bigge (4) word die meeste leerteorieë bespreek. Daar kan ook gewys word op die werk van Bode (6) vir 'n oorsig van die meer wysgerig gerigte leerteorieë.

V. Keuse van 'n navorsingstegniek

In die navorsing na motivering, houding en studiemetode is daar verskillende navorsingstegnieke wat gebruik kan word, naamlik onderhoude, waarnemings en vraelyste. Wat hierdie ondersoek betref, het die omvang van die ondersoek eintlik die navorsingstegniek bepaal. Omdat daar so 'n groot getal proefpersone in die ondersoek betrek is en omdat die veld so goed moontlik gedek moes word, kon daar nie van

waarnemings of onderhoude gebruik gemaak word nie. Daar is gevolglik besluit om gebruik te maak van die vraelysmetode.

Daar word soms besware ingebring teen hierdie metode. Die proefpersone kan byvoorbeeld konsentreer op die sogenaamde „gunstige” antwoorde om sodoende 'n vleierende beeld van hulself te skep. Dit word soms ook genoem dat dit vir 'n student baie moeilik is om homself objektief te beoordeel. In die aanwysings vir die beantwoording van die vraelys is probeer om hierdie probleme te oorkom deur die proefpersone vooraf goed te motiveer ten opsigte van die beantwoording van die vraelys (Sien bylaes 1 en 5). Voorts is die vrae en stellings so geformuleer dat die antwoord „dikwels” nie deurgaans die „gunstige” antwoord verteenwoordig nie. Uit die verdere beskrywing van die ondersoek sal dit blyk dat hierdie besware nie groot probleme geskep het nie.

Aan die ander kant het die vraelysmetode ook besliste voordele, soos byvoorbeeld dat spesifieke items uitgelig kan word wat later in voorligtingsonderhoude gebruik kan word om studente met hul studieprobleme te help. Hierdie metode leen hom ook daartoe dat groot getalle proefpersone in 'n ondersoek gebruik kan word. Dit het verder ook die voordeel van statistiese hanteerbaarheid.

In hierdie ondersoek is daar nie van 'n bestaande vraelys gebruik gemaak nie, maar besluit om 'n eie vraelys saam te stel. Omdat die hoofdoel van die meeste vraelyste die voorspelling van prestasie is, word slegs vrae ingesluit

wat in ondersoek hoog korreleer met prestasie. Die gevolg is dat die hele veld nie meer voldoende gedek word nie. 'n Verdere rede vir die samestelling van 'n eie vraelys is dat dit in hierdie ondersoek spesifiek gaan om die studiepatroon van studente aan 'n bepaalde universiteit. Op een of ander wyse sou dit in berekening gebring moes word by die samestelling van die vraelys. Voorts kom die motiveringsfaktor nie tot sy reg in die bestaande vraelyste nie. In die lig van hierdie oorwegings is besluit om 'n eie vraelys saam te stel vir gebruik in hierdie ondersoek. Die prosedure wat gevolg is om die vraelys saam te stel word in afdeling VI van hierdie hoofstuk beskryf.

VI. Samestelling van die vraelys

Ten einde die veld so goed moontlik te dek is items uitgesoek uit bestaande vraelyste. Waardevolle items uit 'n vorige ondersoek van die huidige ondersoeker (66) is ook uitgesoek en bygevoeg. Daar is verder besluit om by studente van die Potchefstroomse Universiteit self navraag te doen oor hulle motivering, houding en studiemetode. Met hierdie doel voor oë is gedurende Februarie 1970 inligting ingewin van 266 studente (122 Psigologie II-studente, 62 Farmasie III-studente en 82 Psigologie III-studente). Uit hul antwoorde is interessante gegewens gevind en daaruit kon items vir die vraelys gevind word wat nie in ander vraelyste voorkom nie.

Uit die drie bronne hierbo genoem is 'n voorlopige vraelys met 148 items saamgestel. Dis aan die dosente van die Departement Psigologie van die Potchefstroomse Universiteit

vir kommentaar voorgelê. Na aanleiding van die kommentaar wat ontvang is, is enkele items beter geformuleer.

By die finale samestelling van die vraelys wat in die voor-
ondersoek gebruik is, is die items wat betrekking het op
die drie veranderlikes motivering, houding en studiemetodes
so gerangskik dat hulle nie direk op mekaar volg nie. Die
148 items is soos volg verdeel onder die drie verander-
likes:

Motivering	-	22 items
Houding	-	41 items
Studiemetode	-	85 items

Die vraelys vir die voorondersoek verskyn in bylae 1 agter
in hierdie proefskrif.

Die volgende items het betrekking op motivering:

1, 7, 14, 19, 25, 32, 39, 44, 51, 56, 63, 68, 75, 80,
86, 92, 98, 105, 110, 116, 129 en 139.

Die volgende items het betrekking op houding:

2, 8, 9, 15, 20, 26, 27, 33, 34, 40, 45, 46, 52, 57, 58,
64, 69, 70, 76, 81, 87, 93, 94, 99, 100, 106, 111, 112,
117, 118, 121, 122, 125, 126, 130, 131, 134, 135, 139,
140 en 145.

Die volgende items het betrekking op studiemetode:

3, 4, 5, 6, 10, 11, 12, 13, 16, 17, 18, 21, 22, 23, 24,
28, 29, 30, 31, 35, 36, 37, 38, 41, 42, 43, 47, 48, 49,
50, 53, 54, 55, 59, 60, 61, 62, 65, 66, 67, 71, 72, 73,
74, 77, 78, 79, 82, 83, 84, 85, 88, 89, 90, 91, 95, 96,

97, 101, 102, 103, 104, 107, 108, 109, 113, 114, 115, 119, 120, 123, 124, 127, 128, 132, 133, 136, 137, 141, 142, 143, 144, 146, 147 en 148.

'n Antwoordblad is ontwerp waarop die proefpersoon kon aantoon of hy selde, dikwels of byna altyd doen of voel soos in die bepaalde vraag of stelling gesuggereer word. Die antwoordblad verskyn in bylae 2.

VII. Die probleem van 'n kriterium

Waar dit in hierdie ondersoek gaan om die verband tussen akademiese prestasie en sekere veranderlikes, is die kwessie van 'n kriterium vir akademiese prestasie 'n belangrike oorweging. Sukses kan op verskillende maniere bepaal word. 'n Mens moet egter 'n keuse doen ten opsigte van die kriterium. By akademiese sukses is die klaarblyklike keuse die eksamenprestasies van die proefpersone. Dit bepaal immers of 'n student slaag of druip. Die bedenking word dikwels geopper dat sommige dosente strenger nasien as ander. Dit moet toegegee word dat eksamenprestasie nie 'n onfeilbare kriterium vir sukses is nie. Aan die ander kant is dit, ondanks gebreke, waarskynlik die beste wat gebruik kan word. Gouws (72) merk in hierdie verband op

„Akademiese prestasie, soos weerspieël in eksamenuitslae, besit 'n genoegsame mate van geldigheid as aanduiding van akademiese vordering. Dit bied nie 'n volledige beeld daarvan nie, maar verteenwoordig ongetwyfeld die belangrikste segment daarvan. Daarby het dit die voordele van beskikbaarheid, statistiese hanteerbaarheid, aanneemlikheid en in die algemeen betroubaarheid" (p. 47).

In die meeste ondersoeke van hierdie aard word eksamenpunte as kriterium gebruik. Hier kan onder andere verwys word na die ondersoeke van Brown en Holtzman (33), Duncan e.a. (38), Locke (48), Wittenborn e.a. (60) en Du Toit (68).

In hierdie ondersoek is eksamenpunte gebruik as kriterium vir akademiese prestasie. In die voorondersoek is die semesterpunt in die betrokke vak gebruik. In die finale ondersoek is die gemiddeld van die jaar- en eksamenpunt as kriterium vir akademiese prestasie gebruik.

VIII. Die invloed van verstandelike aanleg

Dit kan betoog word dat die verband tussen motivering, houding en studiemetode en akademiese prestasie in 'n groot mate deur verstandelike aanleg beïnvloed word sodat daar nie veel waarde aan 'n verband tussen hierdie veranderlikes geheg kan word as daar nie ook rekening gehou word met die intelligensiefaktor nie.

Dit is die mening van die huidige ondersoeker dat die invloed van verstandelike aanleg in hierdie opsig oorbe-klemtoon word. Met verwysing na 'n paar ondersoeke in hierdie verband sal aangetoon word waarom daar besluit is om die intelligensiefaktor buite rekening te laat.

In 'n vorige ondersoek van die huidige ondersoeker (66) is 'n statisties beduidende korrelasie tussen tellings op die SSHA-vraelys en akademiese prestasie gevind. Om vas te stel of die korrelasie nie grotendeels deur verstandelike

aanleg veroorsaak is nie, is die invloed van intelligensie deur middel van twee tegnieke (kovariansie-ontleding en parsiële korrelasie) uitgeskakel. Die resultate verskyn in tabel 6.

Tabel 6

Korrelasie tussen SSHA-tellings en Eksamenpunte voor en ná die verwydering van die invloed van intelligensie

	Mans	Dames
SSHA en eksamenpunte	,49	,344
Korrelasie na die verwydering van die invloed van intelligensie deur kovariansie-ontleding	,47	,28
Korrelasie na die verwydering van die invloed van intelligensie deur parsiële korrelasie	,45	,28

Uit tabel 6 is dit duidelik dat die korrelasies na die verwydering van die invloed van intelligensie effens laer is. Hulle is egter nog in alle gevalle beduidend op die 1%-peil van waarskynlikheid. Hieruit is die afleiding geregverdig dat verstandelike vermoë 'n baie geringe rol gespeel het in die korrelasie tussen SSHA-tellings en eksamenpunte.

Ook Brown en Holtzman (33) het bevind dat die rol van verstandelike vermoë baie gering is. Hulle verklaar dan ook:

"Clearly, performance on the inventory of study habits and attitudes is largely unrelated to the usual measures of scholastic aptitude" (p. 81).

"Performance on the Survey of Study Habits and Attitudes is only slightly related to scholastic aptitude as measured by the ACE Psychological Examination or similar tests" (p. 83).

Blumberg (62) wat ondersoek ingestel het na die studiepatrone van studente deur middel van die SSHA, vind geen beduidende verband tussen SSHA-tellings en I.K. nie. Daaruit lei hy af dat die verband tussen SSHA-tellings en akademiese prestasie feitlik nie deur verstandelike aanleg beïnvloed word nie.

Ná 'n ondersoek na die verband tussen studiegewoontes en -houdings en akademiese prestasie in die Middelbare Skool, verklaar Du Toit (69):

"Daar is bevind dat die trekke wat deur die OSGH gemeet word, redelik onafhanklik van intelligensie is" (p. 33).

In die lig van al hierdie bevindinge is besluit dat daar nie in hierdie ondersoek rekening gehou sal word met die intelligensiefaktor nie.

IX. Beskrywing van die voorondersoek

A. Doel van die voorondersoek

Nadat die 148-item vraelys saamgestel is, soos in afdeling VI van hierdie hoofstuk beskryf is, moes vasgestel word watter items statisties beduidend onderskei tussen goed- en

swakpresterende studente. Met hierdie doel voor oë is die voorondersoek uitgevoer.

B. Beskrywing van die navorsingsgroepe in die voorondersoek

'n Groep tweedejaar Psigologie-studente en 'n groep tweedejaar Chemie-studente is in die voorondersoek betrek. Tweedejaarstudente is gekies omdat hulle reeds vertrouwd is met universiteitstudie en waarskynlik meer bewus sal wees van hul houding, studiemetodes ensovoorts as eerstejaars wat maar pas met die universiteitslewe kennis maak het. Om te voorkom dat items wat moontlik net binne 'n sekere groep studente onderskei, in die vraelys opgeneem word, is studente uit twee uiteenlopende studierigtings gekies. Die groepe is soos volg saamgestel:

1. Groep Psigologie II-studente

Die 25 Psigologie II-studente wat in die eerste semester-eksamen van 1970 die hoogste punte behaal het en die 25 Psigologie II-studente wat die laagste punte behaal het, is gekies. Die goedpresterende groep se eksamenpunte het gewissel van 86 tot 65, terwyl die swakpresterende groep se punte gewissel het van 28 tot 46. Volledige gegewens van hierdie proefpersone verskyn in bylae 3.

2. Groep Chemie II-studente

Die 25 Chemie II-studente wat in die eerste semester-eksamen van 1970 die hoogste punte behaal het en die

25 Chemie II-studente wat die laagste punte behaal het, is gekies. Die goedpresterende groep se eksamenpunte het gewissel van 79 tot $58\frac{1}{2}$, terwyl die swakpresterende groep se punte gewissel het van $32\frac{1}{2}$ tot 48. Volledige gegewens van hierdie proefpersone verskyn in bylae 4.

Daar is dus 100 studente van die Potchefstroomse Universiteit in die voorondersoek betrek. Van hulle was 42 mans en 58 dames.

C. Proeftoepassing van die vraelys

Die 148-item vraelys is gedurende Augustus en September 1970 toegepas op die twee proefgroepe van Psigologie II- en Chemie II-studente. Dit is deur die ondersoeker self waargeneem. Die samewerking van die kant van die proefgroepe was uitstekend. Die ondersoeker het onder die indruk gekom dat die proefpersone die waarde en betekenis van die vraelys besef het. Sommige het selfs later verklaar dat die vraelys hulle gehelp het om beter insig in hulle studie-onderneming te verkry. Daar was geen sprake van ligsinnigheid of onverskilligheid nie.

D. Resultate van die proeftoepassing

Deur middel van die tegniek van chi-kwadraat is vasgestel watter items van die vraelys statisties beduidend onderskei tussen goed- en swakpresterende studente. Die berekeninge is deur middel van 'n rekenaar van die Rekensentrum van die Universiteit gedoen.

Omdat die frekwensie in die tabel „byna altyd” en „dikwels” in sommige gevalle minder as 5 was, is besluit om die twee moontlike antwoorde, wat in elk geval baie na aan mekaar lê, saam te voeg sodat daar net ’n twee-by-twee tabel gebruik is.

Die resultate verskyn in tabel 7. Die volgende simbole is gebruik:

- A - Psigologiestudente
- B - Chemiestudente
- C - Die hele groep van 100 proefpersone.

Tabel 7

Chi-kwadraatwaardes van vraelysitems ten opsigte van Psigologie- en Chemiestudente.

<u>Item</u>	<u>X² A</u>	<u>X² B</u>	<u>X² C</u>
1	0,73	0,72	1,97
2	3,20	4,50	8,86
3	0,00	0,00	0,04
4	0,09	1,86	1,82
5	0,32	0,08	0,16
6	0,00	0,18	0,00
7	0,12	1,52	0,21
8	0,46	0,72	1,58
9	3,92	5,12	10,24
10	0,35	0,00	0,40
11	0,18	0,14	0,08
12	0,08	0,33	0,65

<u>Item</u>	<u>X² A</u>	<u>X² B</u>	<u>X² C</u>
13	2,57	0,54	2,07
14	1,70	0,00	0,81
15	0,08	1,35	0,17
16	0,08	2,16	1,68
17	0,08	3,42	0,67
18	0,00	0,00	0,06
19	0,08	0,89	1,14
20	0,27	0,14	0,09
21	1,31	6,57	7,84
22	1,41	4,73	7,81
23	0,09	2,95	2,74
24	2,17	4,25	7,33
25	0,00	2,65	0,60
26	0,73	0,00	0,16
27	0,09	0,08	0,04
28	0,26	0,32	1,01
29	0,72	3,97	4,84
30	0,00	1,12	0,24
31	0,08	0,08	0,36
32	0,08	4,25	3,32
33	7,44	2,29	10,34
34	0,32	7,03	5,87
35	0,08	1,28	1,44
36	0,08	0,32	0,00
37	2,17	0,09	1,96
38	1,12	4,87	6,49
39	1,52	4,25	6,51
40	0,00	0,08	0,16
41	0,72	1,28	2,56
42	1,12	0,00	1,13
43	2,02	0,32	2,56

<u>Item</u>	<u>X² A</u>	<u>X² B</u>	<u>X² C</u>
44	0,18	3,55	3,67
45	0,27	6,65	4,53
46	12,00	13,71	27,12
47	0,09	0,00	0,25
48	0,14	0,09	0,05
49	0,27	0,00	0,61
50	0,00	5,98	3,06
51	0,66	0,54	1,86
52	0,54	1,33	2,55
53	3,12	3,05	6,99
54	2,16	0,46	3,06
55	0,41	0,41	1,29
56	0,00	1,86	1,24
57	0,98	0,08	0,39
58	3,92	0,32	4,01
59	0,10	0,10	0,49
60	0,38	0,41	0,04
61	2,74	3,74	0,00
62	0,41	2,74	3,41
63	0,00	3,55	1,59
64	1,31	0,00	1,04
65	0,10	0,00	0,20
66	0,32	1,35	0,04
67	2,95	0,75	4,00
68	0,89	0,18	0,56
69	0,32	1,28	1,96
70	9,69	6,49	17,64
71	0,14	3,55	3,18
72	0,08	6,12	4,01

<u>Item</u>	<u>X² A</u>	<u>X² B</u>	<u>X² C</u>
73	0,08	0,00	0,16
74	0,12	0,00	0,25
75	0,10	0,35	0,77
76	0,09	4,08	3,51
77	2,16	0,00	0,74
78	2,16	4,73	0,00
79	0,52	0,52	0,26
80	3,74	0,00	1,97
81	1,52	5,43	7,53
82	5,12	0,32	4,87
83	2,44	1,70	6,93
84	2,08	4,50	6,90
85	0,35	2,29	2,89
86	0,00	3,74	1,24
87	0,78	0,08	0,04
88	0,00	0,00	0,04
89	1,86	2,48	5,33
90	0,09	0,75	0,39
91	0,82	1,42	2,89
92	0,09	0,78	0,41
93	0,00	5,43	2,01
94	2,89	5,12	9,01
95	0,08	0,00	0,00
96	0,82	0,38	1,68
97	2,65	0,18	0,35
98	0,18	0,41	0,25
99	0,00	0,41	0,52
100	0,66	3,12	4,53
101	1,31	5,25	6,93

<u>Item</u>	<u>X² A</u>	<u>X² B</u>	<u>X² C</u>
102	0,18	0,14	0,08
103	0,09	3,20	1,68
104	0,00	0,12	0,11
105	0,08	0,00	0,00
106	2,29	0,09	2,33
107	0,12	0,14	0,06
108	0,33	0,08	0,16
109	0,18	0,14	0,08
110	0,27	4,73	1,00
111	2,08	0,00	1,46
112	0,00	1,42	1,11
113	1,31	3,92	5,78
114	0,78	0,38	1,62
115	0,89	1,28	2,74
116	0,08	5,25	1,44
117	2,17	0,00	1,44
118	0,46	1,42	0,04
119	2,74	0,09	0,36
120	3,42	0,12	1,92
121	0,00	0,88	1,00
122	0,18	0,14	0,08
123	0,38	0,10	0,00
124	0,00	0,33	0,40
125	0,00	0,78	0,17
126	0,35	2,08	2,74
127	0,21	0,00	0,13
128	0,12	0,78	1,24
129	2,16	1,12	4,15
130	0,35	0,73	1,45
131	0,66	2,74	4,15

<u>Item</u>	<u>X² A</u>	<u>X² B</u>	<u>X² C</u>
132	0,00	2,02	0,64
133	0,18	0,88	0,00
134	1,52	0,46	0,05
135	0,54	1,84	4,06
136	0,66	0,52	0,00
137	0,46	6,75	5,95
138	0,89	0,14	0,52
139	5,15	0,08	2,56
140	5,98	0,00	6,65
141	2,02	0,00	0,68
142	0,98	0,27	0,07
143	0,00	0,78	0,16
144	0,66	1,86	3,31
145	1,35	5,15	6,80
146	0,08	0,75	1,02
147	0,00	2,65	2,77
148	0,00	0,12	0,00

Net soos by die hele navorsingsgroep, korreleer al drie die veranderlikes statisties beduidend met akademiese prestasie. Ook in die tweedejaarsgroep korreleer motivering laer met akademiese prestasie as wat die geval is met houding en studiemetode. Die korrelasie is nietemin beduidend op die ,001-peil. Net soos in die geval van die hele

navorsingsgroep en die eerstejaarsgroep, lewer houding die hoogste korrelasie. Wanneer die tweedejaarsgroep met die eerstejaarsgroep vergelyk word, blyk dit dat die korrelasies in alle gevalle beduidend is op die 001-peil.

2. Dames in die tweedejaarsgroep (N = 311)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,345*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,167+
Houding en akademiese prestasie	r =	0,390*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,235*

3. Mans in die tweedejaarsgroep (N = 331)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,402*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,173+
Houding en akademiese prestasie	r =	0,465*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,274*

Dit blyk dat daar weinig verskil tussen die geslagte in die tweedejaarsgroep bestaan. Dit is ook die geval met die hele navorsingsgroep en die eerstejaarsgroep.

4. Alle pp. in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (N = 244)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,366*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,242*
Houding en akademiese prestasie	r =	0,379*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,258*

Die patroon van korrelasies is feitlik dieselfde as by die eerstejaarsgroep (vgl. B. 4.) met die geringe verskil dat

motivering in hierdie groep beduidend met akademiese prestasie op die ,001-peil korreleer, terwyl die korrelasie in die geval van die eerstejaarsgroep beduidend is op die ,01-peil.

5. Dames in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (N = 159)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,329*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,257+
Houding en akademiese prestasie	r =	0,341*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,215+

In hierdie groep korreleer motivering effens hoër as studiemetode met akademiese prestasie.

6. Mans in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (N = 85)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,424*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,250x
Houding en akademiese prestasie	r =	0,455*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,310+

7. Alle pp. in die Fakulteit Natuurwetenskappe (N = 251)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,400*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,098y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,456*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,293*

Die tendens dat motivering onbeduidend met akademiese prestasie korreleer in die Fakulteit Natuurwetenskappe, blyk ook duidelik by die tweedejaarsgroep. (vgl. A.7 en B. 7.)

8. Dames in die Fakulteit Natuurwetenskappe (N = 104)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,326*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,068y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,377*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,233x

9. Mans in die Fakulteit Natuurwetenskappe (N = 147)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,404*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,156y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,459*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,286*

10. Alle pp. in die Fakulteit Opvoedkunde (N = 32)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,516+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,228y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,577*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,386x

In hierdie groep is die korrelasies deurgaans effens hoër as in die geval van die eerstejaarsgroep (vgl. B. 10), hoewel die getal proefpersone in hierdie groep veel minder is.

11. Dames in die Fakulteit Opvoedkunde (N = 29)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,518+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,281y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,567+
Metode en akademiese prestasie	r =	0,399x

12. Alle pp. in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (N=79)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,381*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,165y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,521*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,194y

Anders as in die geval van die eerstejaarsgroep (vgl. B. 12), korreleer motivering en studiemetode onbeduidend met akademiese prestasie. In hierdie geval is die getal proefpersone egter heelwat minder.

13. Dames in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (N = 16)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	-0,115y
Motivering en akademiese prestasie	r =	-0,433y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,307y
Metode en akademiese prestasie	r =	-0,217y

Behalwe in die geval van houding, is al die korrelasies onbeduidend en negatief. Hoewel die korrelasie in die geval van houding positief is, is dit ook onbeduidend. Die grootte van die groep moet in aanmerking geneem word.

14. Mans in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (N = 63)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,374+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,184y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,498*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,161y

15. Alle pp. in die Fakulteit Regte (N = 36)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,349x
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,204y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,420x
Metode en akademiese prestasie	r =	0,243y

16. Mans in die Fakulteit Regte (N = 33)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,361x
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,204y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,425x
Metode en akademiese prestasie	r =	0,264y

17. Alle pp. in B.A.-kursus (N = 225)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,382*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,269*
Houding en akademiese prestasie	r =	0,394*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,271*

Al die korrelasies is beduidend op die ,001-peil. Dit is ook die geval by die eerstejaarsgroep (vgl. B. 17).

18. Dames in B.A.-kursus (N = 143)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,360*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,282*
Houding en akademiese prestasie	r =	0,376*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,244*

Motivering lewer in hierdie groep 'n effens hoër korrelasie as studiemetode. Dit is nie die geval in die eerstejaarsgroep nie (vgl. B. 18).

19. Mans in B.A.-kursus (N = 82)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,420*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,297+
Houding en akademiese prestasie	r =	0,442*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,297+

Motivering en studiemetode lewer in hierdie groep presies dieselfde korrelasie met akademiese prestasie (0,297).

20. Alle pp. in B.Sc.-kursus (N = 69)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,395*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,086y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,501*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,255x

21. Dames in B.Sc.-kursus (N = 33)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,387x
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,062y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,566*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,186y

Ten opsigte van totaalstelling en houding is die korrelasies in hierdie groep beduidend. In die geval van die eerstejaardames in die B.Sc.-kursus is al die korrelasies onbeduidend (vgl. B. 21), ondanks die feit dat die eerstejaarsgroep groter is as die tweedejaarsgroep.

22. Mans in B.Sc.-kursus (N = 36)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,283y
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,118y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,315y
Metode en akademiese prestasie	r =	0,212y

Dit blyk dat alle korrelasies in hierdie groep onbeduidend is. In die geval van die eerstejaarmans in die B.Sc.-kursus is twee korrelasies beduidend op die ,05-peil (vgl. B. 22). In laasgenoemde geval is die groep egter effens groter.

23. Alle pp. in B.Sc.(Farm.)-kursus (N = 182)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,428*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,120y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,459*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,329*

24. Dames in B.Sc.(Farm.)-kursus (N = 71)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,358+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,106y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,349+
Metode en akademiese prestasie	r =	0,305+

25. Mans in B.Sc.(Farm.)-kursus (N = 111)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,454*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,185y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,509*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,318*

Behalwe in die geval van motivering, korreleer al die veranderlikes beduidend op die ,001-peil met akademiese prestasie. In die suiwer B.Sc.-kursus is die teenoorge= stelde gevind (vgl. C. 22).

26. Alle pp. in Diploma (Opvoedkunde)-kursus (N = 32)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,516+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,228y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,577*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,386x

Studiemetode korreleer beduidend met akademiese prestasie. In die geval van die eerstejaars is die korrelasie onbe= duidend (vgl. B. 26).

27. Dames in Diploma (Opvoedkunde)-kursus (N = 29)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,518+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,281y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,567+
Metode en akademiese prestasie	r =	0,399x

28. Alle pp. in B.Comm.-kursus (N = 79)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,381*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,165y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,521*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,194y

Motivering en studiemetode korreleer onbeduidend met akademiese prestasie. By die eerstejaarsgroep is hierdie korrelasies beduidend op die,05-peil (vgl. B. 28).

29. Dames in B.Comm.-kursus (N = 16)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r = -0,115y
Motivering en akademiese prestasie	r = -0,433y
Houding en akademiese prestasie	r = 0,307y
Metode en akademiese prestasie	r = -0,217y

Ten opsigte van al die veranderlikes is die korrelasies onbeduidend en in drie gevalle ook negatief. Die getal proefpersone in hierdie groep moet egter in gedagte gehou word.

30. Mans in B.Comm.-kursus (N = 63)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r = 0,374+
Motivering en akademiese prestasie	r = 0,184y
Houding en akademiese prestasie	r = 0,498*
Metode en akademiese prestasie	r = 0,161y

31. Alle pp. in B.Jur.-kursus (N = 36)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r = 0,349x
Motivering en akademiese prestasie	r = 0,204y
Houding en akademiese prestasie	r = 0,420x
Metode en akademiese prestasie	r = 0,243y

Net soos in die geval van die eerstejaars (vgl. B. 31) korreleer motivering en studiemetode in hierdie groep onbeduidend met akademiese prestasie.

32. Mans in B.Jur.-kursus (N = 33)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r = 0,361x
Motivering en akademiese prestasie	r = 0,204y
Houding en akademiese prestasie	r = 0,425x
Metode en akademiese prestasie	r = 0,264y

33. Alle pp. in Diploma-kursusse (alle fakulteite) (N = 41)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,448+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,157y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,512*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,293y

In hierdie groep korreleer motivering en studiemetode onbeduidend met akademiese prestasie. In die geval van die eerstejaars is die korrelasies beduidend (vgl. B. 33). In laasgenoemde geval is daar egter tweekeer soveel proefpersone in die groep.

34. Dames in Diploma-kursusse (alle fakulteite) (N = 38)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,449+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,196y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,500+
Metode en akademiese prestasie	r =	0,303y

D. Die derdejaarsgroep (303 proefpersone)

1. Alle pp. in die derdejaarsgroep (N = 303)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,364*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,157+
Houding en akademiese prestasie	r =	0,363*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,291*

Net soos by die hele navorsingsgroep (A. 1), die eerstejaarsgroep (B. 1) en die tweedejaarsgroep (C.1), korreleer al drie veranderlikes statisties beduidend met akademiese

prestasie. Die enigste verskil is dat motivering in hierdie geval effens laer (op die ,01-peil) korreleer met akademiese prestasie. Die kleiner getal proefpersone in die derdejaarsgroep moet egter in gedagte gehou word. Dié tendens dat houding die hoogste korrelasie lewer, kom ook in die derdejaarsgroep na vore.

2. Dames in die derdejaarsgroep (N = 171)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,337*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,203+
Houding en akademiese prestasie	r =	0,362*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,223+

3. Mans in die derdejaarsgroep (N = 132)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,329*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,077y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,295*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,314*

In die derdejaarsgroep blyk daar verskille te wees tussen die geslagte. In die geval van die dames korreleer motivering beduidend met akademiese prestasie op die ,01-peil. In die geval van die mans is die korrelasie onbeduidend. By die mans lewer studiemetode 'n effens hoër korrelasie as houding. Die verskil is egter baie gering. Waar studiemetode in die geval van die mans op die ,001-peil met akademiese prestasie korreleer, is die korrelasie in die geval van die dames beduidend op die ,01-peil.

4. Alle pp. in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (N=189)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,393*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,177x
Houding en akademiese prestasie	r =	0,419*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,284*

Die patroon van korrelasies is feitlik dieselfde as by die eerste- en tweedejaarsgroepe. Ten opsigte van motivering wissel die peil van beduidendheid, maar by al drie jaargroepe is die korrelasie nogtans statisties beduidend bo die ,05-peil.

5. Dames in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (N = 130)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,409*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,253+
Houding en akademiese prestasie	r =	0,405*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,292*

6. Mans in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (N = 59)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,340+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,031y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,398+
Metode en akademiese prestasie	r =	0,268x

Die tendens dat motivering in die geval van die mans in die derdejaarsgroep onbeduidend met akademiese prestasie korreleer, word hier verder bevestig. Veral in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is in die ander jaargroepe hoë korrelasies tussen motivering en akademiese prestasie, ook in die geval van die mans, gevind. In hierdie geval lewe motivering slegs 'n korrelasie van 0,031.

7. Alle pp. in die Fakulteit Natuurwetenskappe (N = 44)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,272y
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,108y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,264y
Metode en akademiese prestasie	r =	0,225y

8. Dames in die Fakulteit Natuurwetenskappe (N = 27)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,232y
Motivering en akademiese prestasie	r =	-0,163y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,396x
Metode en akademiese prestasie	r =	0,144y

9. Mans in die Fakulteit Natuurwetenskappe (N = 17)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,207y
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,464y
Houding en akademiese prestasie	r =	-0,041y
Metode en akademiese prestasie	r =	0,289y

Anders as in die ander jaargroepe in die Fakulteit Natuurwetenskappe, is die korrelasies in die geval van die derdejaarsgroep deurgaans baie laag. Die grootte van die groep moet egter in gedagte gehou word.

10. Alle pp. in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (N = 70)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,338+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,087y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,307+
Metode en akademiese prestasie	r =	0,321+

In hierdie groep korreleer studiemetode effens hoër met akademiese prestasie as houding. Die verskil is egter baie gering. Studiemetode korreleer in hierdie groep beduidend met akademiese prestasie. In die geval van die tweedejaarsgroep is die korrelasie onbeduidend (vgl. C. 12). By die eerstejaarsgroep is die korrelasie egter wel beduidend (vgl. B. 12).

11. Dames in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (N = 14)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,269y
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,263y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,336y
Metode en akademiese prestasie	r =	0,100y

12. Mans in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (N = 56)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,428*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,071y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,340x
Metode en akademiese prestasie	r =	0,451*

Die tendens dat motivering in die geval van die mans in die derdejaarsgroep onbeduidend met akademiese prestasie korreleer, word hier bevestig. Anders as in die meeste ander groepe lewer studiemetode hier 'n hoër korrelasie as houding.

13. Alle pp. in B.A.-kursus (N = 179)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,399*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,177x
Houding en akademiese prestasie	r =	0,419*
Metode en akademiese prestasie	r =	0,300*

14. Dames in B.A.-kursus (N = 121)

Totaaltelling en academische prestatie	r = 0,416*
Motivering en academische prestatie	r = 0,263+
Houding en academische prestatie	r = 0,391*
Metode en academische prestatie	r = 0,321*

15. Mans in B.A.-kursus (N = 58)

Totaaltelling en academische prestatie	r = 0,344+
Motivering en academische prestatie	r = 0,021y
Houding en academische prestatie	r = 0,412+
Metode en academische prestatie	r = 0,268x

In hierdie groep korreleer motivering onbeduidend met akademiese prestatie. Dit bevestig die tendens dat motivering, in die geval van die mans in die derdejaarsgroep, onbeduidend met akademiese prestatie korreleer (vgl. D.6 en 12).

16. Alle pp. in B.Sc.-kursus (N = 44)

Totaaltelling en akademische prestatie	r = 0,272y
Motivering en akademische prestatie	r = 0,108y
Houding en akademische prestatie	r = 0,264y
Metode en akademische prestatie	r = 0,225y

17. Dames in B.Sc.-kursus (N = 27)

Totaaltelling en akademische prestatie	r = 0,232y
Motivering en akademische prestatie	r = -0,163y
Houding en akademische prestatie	r = 0,396x
Metode en akademische prestatie	r = 0,144y

18. Mans in B.Sc.-kursus (N = 17)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,207y
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,464y
Houding en akademiese prestasie	r =	-0,041y
Metode en akademiese prestasie	r =	0,289y

19. Alle pp. in B.Comm.-kursus (N = 70)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,338+
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,087y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,307+
Metode en akademiese prestasie	r =	0,321+

20. Dames in B.Comm.-kursus (N = 14)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,269y
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,263y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,336y
Metode en akademiese prestasie	r =	0,100y

21. Mans in B.Comm.-kursus (N = 56)

Totaaltelling en akademiese prestasie	r =	0,428*
Motivering en akademiese prestasie	r =	0,071y
Houding en akademiese prestasie	r =	0,340x
Metode en akademiese prestasie	r =	0,451*

Studemetode lewer in hierdie groep 'n hoër korrelasie met akademiese prestasie as houding. Dit is 'n afwyking van die algemene tendens in hierdie ondersoek.

III. Die verband tussen afsonderlike vraelysitems en akademiese prestasie by groter groepe

A. Inleiding

In hierdie ondersoek na die rol van motivering, houding en studiemetode in akademiese prestasie is die verband tussen akademiese prestasie en die drie veranderlikes bepaal. Die resultate is in afdeling II van hierdie hoofstuk weergegee. Binne elke subgroep is die verband tussen afsonderlike items en akademiese prestasie ook bepaal. Dit is gedoen met die doel om te probeer bepaal watter items die belangrikste bydrae lewer tot die verband met akademiese prestasie.

Soos verwag kon word, neem die getal items wat beduidend met akademiese prestasie korreleer af namate die subgroepe kleiner word, hoewel die korrelasie tussen die totaaltellings en akademiese prestasie in baie gevalle nog statisties beduidend is. Dit sou onjuis wees om af te lei dat alleen die items wat in die kleiner groepe beduidend met akademiese prestasie korreleer, bydra tot die verband. In die geval van die meeste afsonderlike items bestaan daar wel 'n korrelasie met prestasie, wat daarop dui dat die items wel bydra tot die verband, hoewel nie beduidend nie. In die groter groepe word die verband baie duidelik. Daarom sal slegs die resultate ten opsigte van die groter groepe hier weergegee word.

Dit moet opgemerk word dat baie min items beduidend negatief met akademiese prestasie korreleer. In die geval van

die hele navorsingsgroep korreleer 48 items beduidend positief met akademiese prestasie, terwyl slegs 2 items beduidend negatief korreleer.

Waar items wel statisties beduidend met akademiese prestasie korreleer, is die korrelasie in baie gevalle besonder hoog. Van die 48 items wat in die hele navorsingsgroep beduidend met akademiese prestasie korreleer, korreleer 35 items op die ,001-peil van waarskynlikheid. Alle items wat bo die ,05-peil met akademiese prestasie korreleer, word hier in aanmerking geneem.

'n Aanduiding van die items wat klaarblyklik geen bydrae tot die verband lewer nie, sal gegee word. Hierdie items korreleer selfs in die grootste groepe onbeduidend met akademiese prestasie.

Uit die resultate blyk dat items wat in een groep beduidend bydra tot die verband, dit ook in ander groepe doen. Ten opsigte van enkele items is daar egter afwykings. Hierdie afwykings sal aangedui word.

B. Items wat beduidend positief met akademiese prestasie korreleer in die groter groepe

Die volgende items korreleer beduidend positief met akademiese prestasie. By elke groep word slegs die itemnommers verstrekk. Die inhoud van die items word in 'n afsonderlike afdeling van hierdie hoofstuk weergegee.

1. Alle proefpersone in die hele groep (A. 1)

N = 1734

Motiveringsitems: 9, 13, 14, 23, 30, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 15, 16, 20, 25, 28, 31,
31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.

Stuadiemetode-items: 3, 4, 5, 6, 7, 8, 12, 17, 22, 24, 26,
27, 32, 33, 34, 35, 37, 38, 42, 45,
46, 48, 54, 57, 59

2. Alle dames in die hele groep (A. 2)

N = 931

Motiveringsitems: 13, 14, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 20, 25, 28, 31, 39,
40, 50, 52, 53, 56, 58.

Stuadiemetode-items: 3, 4, 6, 7, 8, 12, 17, 22, 24, 26, 27,
32, 33, 34, 38, 42, 45, 46, 48, 54.

3. Alle mans in die hele groep (A. 3)

N = 803

Motiveringsitems: 9, 13, 14, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 15, 16, 25, 28, 31, 39,
40, 50, 52, 53, 56, 58.

Stuadiemetode-items: 3, 4, 6, 7, 8, 12, 22, 24, 26, 27, 32,
33, 34, 35, 38, 45, 46, 48, 54, 57.

4. Alle pp. in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (A. 4)

N = 786

- Motiveringsitems: 13, 14, 23, 30, 51.
- Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 20, 25, 28, 31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.
- Studiemethode-items: 4, 5, 6, 7, 8, 12, 24, 26, 27, 32, 33, 34, 37, 38, 42, 45, 46, 48, 54.

5. Dames in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (A. 5)

N = 547

- Motiveringsitems: 30, 51.
- Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 20, 25, 28, 31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.
- Studiemethode-items: 6, 7, 8, 12, 17, 24, 26, 27, 32, 37, 38, 42, 45, 46, 48, 54.

6. Alle pp. in die Fakulteit Natuurwetenskappe (A. 7)

N = 494

- Motiveringsitems: 9, 14, 51.
- Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 15, 16, 25, 28, 31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.
- Studiemethode-items: 3, 4, 5, 7, 8, 22, 26, 27, 32, 33, 34, 38, 45, 54.

7. Alle pp. in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe (A. 12)

N = 269

- Motiveringsitems: 13, 51.
- Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 25, 28, 31, 39, 40, 50, 52, 56, 58.
- Studiemethode-items: 4, 6, 8, 17, 26, 38, 54.

8. Alle pp. in B.A.-kursus (A. 17)

N = 732

Motiveringsitems: 13, 14, 23, 30, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 20, 25, 28, 31, 39,
40, 50, 52, 53, 56, 58.

Studiemethode-items: 4, 5, 6, 7, 8, 12, 17, 24, 26, 27, 32,
33, 34, 35, 37, 38, 42, 45, 46, 48, 54.

9. Dames in B.A.-kursus (A. 18)

N = 499

Motiveringsitems: 13, 14, 23, 30, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 20, 25, 28, 31, 39,
40, 50, 52, 53, 56, 58.

Studiemethode-items: 6, 7, 8, 12, 17, 22, 24, 26, 27, 32, 38,
42, 45, 46, 48.

10. Alle pp. in B.Sc.(Farm.)-kursus (A. 25)

N = 288

Motiveringsitems: 9, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 25, 31, 39, 40, 50,
52, 53, 56, 58.

Studiemethode-items: 3, 4, 6, 7, 8, 26, 27, 32, 34, 37, 38,
54.

11. Die eerstejaarsgroep (B. 1)

N = 789

Motiveringsitems: 13, 14, 30, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 15, 16, 20, 25, 28, 31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.

Studiemethode-items: 3, 4, 6, 7, 8, 12, 24, 26, 27, 32, 33, 34, 38, 42, 45, 46, 48, 54, 57.

12. Dames in die eerstejaarsgroep (B. 2)

N = 449

Motiveringsitems: 13, 14, 51.

Houdingsitems: 1, 10, 11, 16, 20, 25, 28, 31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.

Studiemethode-items: 3, 4, 6, 7, 8, 12, 17, 24, 26, 27, 32, 38, 42, 45, 46, 54.

13. Mans in die eerstejaarsgroep (B. 3)

N = 340

Motiveringsitems: 13, 14, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 20, 28, 31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.

Studiemethode-items: 3, 4, 6, 7, 8, 12, 27, 32, 38, 46, 54, 57.

14. Alle pp. in Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

(Eerstejaar). (B. 4)

N = 353

Motiveringsitems: 13, 14, 30, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 20, 25, 31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.

Studiemethode-items: 6, 7, 8, 12, 24, 26, 27, 32, 33, 34, 35, 37, 38, 45, 46, 54, 57.

15. Alle pp. in B.A.-kursus (Eerstejaar) (B. 17)

N = 328

Motiveringsitems: 13, 14, 30, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 20, 25, 31, 39, 40,
50, 52, 53, 56, 58.

Studiemetode-items: 3, 6, 7, 8, 12, 24, 26, 27, 32, 33, 34,
35, 37, 38, 45, 46, 54, 57.

16. Die tweedejaarsgroep (C. 1)

N = 642

Motiveringsitems: 9, 23, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 15, 16, 25, 28, 31, 39,
40, 50, 52, 53, 56, 58.

Studiemetode-items: 3, 4, 5, 6, 7, 8, 26, 27, 32, 34, 37,
38, 42, 45, 48, 54.

17. Dames in die tweedejaarsgroep (C. 2)

N = 311

Motiveringsitems: 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 16, 25, 31, 39, 40, 50,
52, 53, 56, 58.

Studiemetode-items: 4, 6, 7, 8, 27, 45, 46, 48, 54.

18. Mans in die tweedejaarsgroep (C. 3)

N = 331

Motiveringsitems: 9, 14, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 10, 11, 15, 16, 25, 28, 31, 39,
50, 52, 53, 56, 58.

Studiemetode-items: 4, 6, 7, 8, 24, 26, 27, 32, 34, 37, 38, 45, 54.

19. Die derdejaarsgroep (D. 1)

N = 303

Motiveringsitems: 13, 51.

Houdingsitems: 1, 2, 16, 25, 28, 31, 39, 40, 50, 52, 53, 56, 58.

Studiemetode-items: 5, 6, 7, 8, 12, 26, 27, 33, 34, 45, 54

As die items wat in die hele navorsingsgroep beduidend met akademiese prestasie korreleer, as basis geneem word, dan blyk dit dat 66,6% van die motiveringsitems, 89,5% van die houdingsitems en 80,6% van die studiemetode-items as waardevolle items beskou kan word. Sommige van hierdie items se waarde is egter beperk, soos in afdeling III (E) van hierdie hoofstuk aangetoon sal word.

C. Inhoud van items wat beduidend korreleer met akademiese prestasie

Alhoewel al die vraelysitems in bylae 5 verskyn, word die inhoud van die items wat beduidend met prestasie korreleer hier weergegee sodat hulle nie telkens in die bylae nageslaan hoef te word nie.

1. Motiveringsitems

Item 9 Ek ondervind heelwat persoonlike probleme, soos bv. swak gesondheid, geldelike probleme, moeilike aanpassing ens.

Item 13 Ek is nie werklik geïnteresseerd in my studie nie. Ek hou maar net aan omdat ek voel dat 'n graad of diploma my sal help om later 'n goeie pos te beklee.

Item 14 Hoewel ek eintlik liewers iets anders wou doen, het ek tog na die universiteit gekom omdat van my vriende gekom het of omdat my ouers dit van my verwag.

Item 23 Ek ondergaan universitêre opleiding nie net om meer kennis op te doen en my vir 'n loopbaan te bekwaam nie, maar omdat ek glo dat dit belangrik is vir my persoonlikheidsontwikkeling.

Item 30 Ek volg 'n kursus op universiteit sodat ek later baie geld kan verdien en gemaklik kan lewe.

Item 51 Of ek van 'n kursus hou of nie, werk ek nogtans hard om goeie resultate te behaal.

2. Houdingsitems

Item 1 By my is studie 'n saak van „raak of mis“, afhanklik van die bui waarin ek verkeer.

Item 2 Ek mors te veel tyd met die lees van tydskrifte, na die radio te luister, bioskoop toe te gaan ens. as wat goed is vir my werk.

Item 10 Ek kan nie goed konsentreer nie vanweë periodes van rusteloosheid en moedeloosheid.

Item 11 Dit neem my lank om „opgewarm“ te word vir die taak om te studeer.

Item 15 Ek voel dat die tyd, geld en inspanning wat mens aan 'n universiteitsopleiding moet bestee nie die moeite werd is nie.

Item 16 Ek glo dat my punte 'n redelike goeie weergawe van my vermoë is.

Item 20 Wanneer ek onder druk verkeer, is my werk van 'n minderwaardige gehalte.

Item 25 Tensy ek werklik van 'n kursus hou, glo ek daarin om slegs soveel te doen as wat nodig is om te slaag.

Item 28 Gebrek aan belangstelling in my studie maak dit vir my moeilik om my aandag te bepaal by die voorgeskrewe opleeswerk.

Item 31 Ek verloor belangstelling in my studies na die eerste paar dae of weke.

Item 39 As my voorgeskrewe huiswerk of selfstudie te veel of besonder moeilik is, word ek mismoedig en laat staan dit of werk haastig daardeur en doen alleen die makliker dele.

Item 40 Ek voel dat ek harder sal studeer as ek toegelaat sou word om die vakke waarvan ek hou te kies.

Item 50 Ek maak graag vriende met mede-studente wat eintlik meer belangstel in die sosiale lewe as in hul studies.

Item 52 Ek is dikwels afwesig van lesings sonder dat ek goeie redes daarvoor het.

Item 53 Ek aanvaar 'n moeilike studie-opdrag as uitdaging vir my bekwaamheid i.p.v. om tou op te gooi by die eerste teken van probleme.

Item 56 Ek probeer om gedurende die jaar 'n goeie jaarpunt

op te bou sodat ek my nie voor die eksamen moet oorwerk ten einde te slaag nie.

Item 58 Ek probeer gewoonlik om met die minste werk die meeste punte te behaal.

3. Studiemetode-items

Item 3 Ek hou daarvan om agter in die klas te sit.

Item 4 Ek ondervind moeilikheid om die belangrike punte in opleeswerk uit te soek - dinge wat later in die eksamen gevra word.

Item 5 Ek is op datum met skriftelike take, soos referate ens.

Item 6 Ek gebruik die vrye ure tussen klasse vir studie sodat ek die werk vir die aande kan verminder.

Item 7 My studie word op 'n blindelinge, onbeplande wyse gedoen en word beheers deur die eise wat onmiddellik komende klasse stel.

Item 8 Ek stel die skryf van referate, verslae ens. uit tot op die laaste minuut.

Item 12 My dosente se kritiek op my geskrewe verslae of referate is dat dit oorhaastig geskryf of swak georganiseer is.

Item 17 Ek sorg dat ek genoeg slaap kry. (7 tot 8 uur per nag).

Item 22 Ek werk tot baie laat in die nag om te leer vir eksamens.

Item 24 Indien ek 'n klas weens onvoorsiene omstandighede misloop, gaan spreek ek die dosent ten einde die werk te probeer inhaal.

Item 26 Ek bestudeer foute wat die dosent in my geskrewe werk aandui totdat ek die rede vir my fout begryp en dit self kan verbeter.

Item 27 Wanneer ek leer vir 'n eksamen of toets, gaan ek die werk slegs eenkeer deur.

Item 32 Ek doen hersiening van al my leerwerk onmiddellik nadat ek dit geleer het en dan later weer voor die eksamen of toets.

Item 33 Ek probeer alles verstaan wat ek lees, al neem dit ook baie tyd in beslag.

Item 34 Ek probeer die vrae aan die einde van 'n hoofstuk (waar dit wel voorsien word) vir myself beantwoord.

Item 35 Ek maak gewoonlik eers 'n aanvanklike opname van teksboeke deur te let op die opskrifte van hoofstukke en paragrawe, om dan later te konsentreer op die belangrikste gedeeltes.

Item 37 Ek lees gewoonlik die aantekeninge van die vorige lesing deur voordat ek die volgende lesing bywoon.

Item 38 Ek maak notas van sake wat tydens lesings vir my onduidelik is om die dosent later daarvoor uit te vra.

Item 42 Wanneer ek studeer, versprei ek herhalings van die leerstof oor 'n lang periode (m.a.w. nie twee- of driekeer direk na mekaar nie).

Item 45 Ek beplan my studieprogram vooraf vir die volgende twee of drie weke.

Item 46 Ek het 'n bepaalde studiestrategie en beplan maniere waarmee ek waarskynlik sukses sal behaal.

Item 48 Ek probeer soveel moontlik gebruik maak van die biblioteek.

Item 54 Omdat ek nie lus het om alles te leer nie, "spot" ek dikwels sekere vrae voor die eksamen waarop ek dan konsentreer.

Item 57 Aan die einde van elke week gaan ek die werk van die week deur om te sorg dat ek alles onder die knie het.

Item 59 Ek maak gebruik van opwekmiddels sodat ek langer kan studeer.

D. Items wat klaarblyklik waardeloos is

Elf vraelysitems korreleer in die hele navorsingsgroep onbeduidend met akademiese prestasie. Al die subgroepe is gekontroleer om vas te stel of hierdie items nie moontlik in geïsoleerde gevalle wel beduidend met akademiese prestasie korreleer nie. In geen enkele groep is gevind dat hierdie items 'n beduidende korrelasie lewer nie. Die inhoud van hierdie items word hieronder weergegee.

1. Motiveringsitems

Item 36 Ek is op universiteit omdat dit aan my die nodige "agtergrond" sal gee wat in die samelewing nogal belangrik kan wees.

Item 44 Ek voel oortuig dat ek deur middel van my professionele bekwaamheid 'n bydrae sal kan lewer tot die welsyn van ons jong land en sy mense. Daarom is ek op universiteit.

Item 47 Ek moet gedurende vakansies werk om geld te verdien. Daarsonder sal ek nie my studie kan voortsit nie.

2. Houdingsitems

Item 41 Ek voel dat ek te veel tyd aan studie bestee.

Item 55 Ek neem deel aan die aktiwiteite van vakwetenskaplike verenigings soos bv. die regsvereniging, sielkundevereniging ens.

3. Studiemetode-items

Item 18 Ek sit bepaalde tye opsy vir geselskap en algemene ontspanning.

Item 19 Ek het gewoonlik 'n skoon ruimte van ongeveer 2 x 2 vt. op my lessenaar of tafel.

Item 21 Ek vind dit moeilik om volledige sinne te maak wanneer ek skryf.

Item 29 Ek maak gebruik van snelskrif om notas af te neem.

Item 43 Nadat ek 'n boek of artikel gelees het, probeer ek die inhoud in hoofsaak vir myself weergee.

Item 49 My dosente kla dikwels dat my handskrif moeilik leesbaar is.

E. Opmerkings ten opsigte van besondere items

Agt en veertig items korreleer beduidend met akademiese prestasie in die hele navorsingsgroep. Al die subgroepe

is gekontroleer om vas te stel of hierdie items ook in die subgroepe beduidende korrelasies lewer. In die meeste gevalle het dit wel gebeur. Daar is egter ook uitsonderings. Enkele items wat in die groter groepe baie hoog met akademiese prestasie korreleer, blyk in ander groepe betreklik waardeloos te wees. Hierdie items word hieronder aangedui.

1. Motiveringsitems

Item 9 Ek ondervind heelwat persoonlike probleme, soos bv. swak gesondheid, geldelike probleme, moeilike aanpassing ens.

Hierdie item korreleer nie in een enkele geval beduidend in die geval van die dames nie. By verskillende mansgroepe is die korrelasie wel beduidend.

Item 30 Ek volg 'n kursus op universiteit sodat ek later baie geld kan verdien en gemaklik kan lewe.

In die geval van derdejaarstudente korreleer hierdie item nooit beduidend met akademiese prestasie nie. By eerste- en tweedejaarstudente is die korrelasies wel beduidend.

2. Studiemetode-items

Item 5 Ek is op datum met skriftelike take, soos referate ens.

Hierdie item korreleer onbeduidend in die geval van eerstejaarstudente. By tweede- en derdejaarstudente is die korrelasies wel beduidend.

Item 17 Ek sorg dat ek genoeg slaap kry, 7 tot 8 uur per nag.

In die Fakulteit Natuurwetenskappe en die verskillende kursusse in hierdie fakulteit, korreleer item 17 onbeduidend met akademiese prestasie.

Item 24 Indien ek 'n klas weens onvoorsiene omstandighede misloop, gaan spreek ek die dosent ten einde die werk te probeer inhaal.

In die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Regte korreleer hierdie item onbeduidend met prestasie.

Item 35 Ek maak gewoonlik eers 'n aanvanklike opname van teksboeke deur te let op die opskrifte van hoofstukke en paragrawe, om dan later te konsentreer op die belangrikste gedeeltes.

Hierdie item korreleer nooit beduidend in die geval van die dames nie. By die mansgroepe is die korrelasies in baie gevalle wel beduidend.

Item 57 Aan die einde van elke week gaan ek die werk van die week deur om te sorg dat ek alles onder die knie het.

Item 57 korreleer nooit beduidend in die damesgroep nie. Met die uitsondering van die derdejaar, korreleer dit wel beduidend in die geval van die mans.

Hierdie item toon ook deurgaans 'n onbeduidende korrelasie in die geval van die derdejaarstudente.

Item 59 Ek maak gebruik van opwekmiddels sodat ek langer kan studeer.

Hierdie item korreleer wel beduidend met prestasie in die hele navorsingsgroep van 1734 proefpersone (op die ,05-peil). Daar is egter nie in een van die subgroepe beduidende korrelasies ten opsigte van hierdie item gevind nie.

In die geval van houdingsitems is daar geen afwyking ten opsigte van subgroepe gevind nie. Soos reeds in afdeling II van hierdie hoofstuk gemeld is, korreleer houding deurgaans die hoogste met akademiese prestasie.

Dis interessant om die aandag daarop te vestig dat item 16 (Ek glo dat my punte 'n redelike goeie weergawe van my vermoë is.) van al die vraelysitems deurgaans die hoogste korrelasie met akademiese prestasie toon.

IV. Samevatting

Die resultate van die finale ondersoek is in hierdie hoofstuk weergegee. In die inleiding is meegedeel op watter wyse die resultate verstrekk sal word.

Die korrelasies tussen die totale vraelystelling en akademiese prestasie, sowel as tussen akademiese prestasie en die drie veranderlikes motivering, houding en studiemetode, is aangedui ten opsigte van die hele navorsingsgroep sowel as die 126 subgroepe. Bepaalde tendense het uit die ondersoek geblyk. Die aandag is telkens daarop gevestig, sonder om dit te bespreek of gevolgtrekkings te maak.

Vervolgens is die verband tussen afsonderlike vraelysitems en akademiese prestasie bespreek. Omdat die verband duideliker in die groter groepe blyk, is die resultate van 19 sulke groepe verstrekk. By die weergawe van die resultate is daar telkens onderskei tussen die veranderlikes motivering, houding en studiemetode. Dit blyk dat 48 van die 59 vraelysitems beduidend met akademiese prestasie korreleer. Dit het egter ook uit die ondersoek duidelik geword dat sommige van hierdie items se waarde beperk is. Die betrokke agt items is bespreek en die beperkings aangedui. Geen houdingsitems was hier ter sprake nie.

Die inhoud van items wat beduidend korreleer met akademiese prestasie is weergegee, ingedeel onder die drie veranderlikes. In die vraelys, wat as bylae in hierdie proefskrif opgeneem is, is die items wat betrekking het op die drie veranderlikes motivering, houding en studiemetode deurmekaar gerangskik.

Uit die ondersoek het geblyk dat elf vraelysitems klaarblyklik waardeloos is omdat dit in geen geval beduidend met akademiese prestasie korreleer nie. Hierdie items is aangedui en die inhoud daarvan weergegee.

Die resultate wat in hierdie hoofstuk gerapporteer is, sal in die volgende hoofstuk ontleed en bespreek word. Gevolgtrekkings sal gemaak word en 'n poging sal aangewend word om sekere tendense, wat in die ondersoek na vore gekom het, te verklaar. In die daaropvolgende hoofstuk sal enkele slotopmerkings na aanleiding van hierdie ondersoek gemaak word.

BESPREKING VAN NAVORSINGSBEVINDINGE

I. Inleiding

In die vorige hoofstuk is die resultate van hierdie ondersoek uiteengesit sonder om die resultate te bespreek of gevolgtrekkings te maak. In hierdie hoofstuk sal afleidings uit die bevindinge gemaak word. Die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is se waarde as navorsingstegniek sal bespreek word.

Soos die titel van hierdie proefskrif aandui, is die hoofdoel van die navorsing om die rol van motivering, houding en studiemetode in akademiese prestasie te bepaal. Na aanleiding van die bevindinge van hierdie ondersoek sal hieroor tot 'n slotsom geraak word. In die lig van die navorsingsbevindinge sal dié veranderlike aangedui word wat die grootste bydrae tot akademiese prestasie lewer.

Soos reeds in hoofstuk 2 aangedui is, is daar in hierdie ondersoek ook rekening gehou met die verskillende akademiese jaargroepe, die geslagte, die verskillende fakulteite en kursusse. In hierdie hoofstuk sal die verskillende groepe bespreek word en verskille wat gevind is, sal aangedui word. 'n Vergelyking tussen diploma- en graadstudente sal ook gemaak word. In die literatuur word beweer dat sterk motivering lei tot die ontwikkeling van goeie studiemetodes. Hierdie stelling sal in die lig van die bevindinge van hierdie ondersoek bespreek word.

Met die oog op die praktyk van voorligting, sal die motiveringsfaktore, houdings en studiemetodes wat voordelig skyn te wees vir suksesvolle studie, aangedui en kortliks bespreek word. Dit spreek vanself dat hier alleen faktore ter sprake sal kom wat uit hierdie ondersoek geblyk het. Die bedoeling is dus geensins om die laaste woord oor hierdie saak te spreek nie.

II. Die vraelys as navorsingstegniek

In hierdie ondersoek is daar nie gebruik gemaak van 'n bestaande vraelys nie. Die redes hiervoor is in hoofstuk 2 uiteengesit. Daar is besluit om 'n eie vraelys saam te stel vir gebruik in hierdie ondersoek. Na voltooiing van die ondersoek, kan die vraag nou gestel word of hierdie bepaalde vraelys aan sy doel beantwoord het.

In afdeling III van hierdie hoofstuk word die rol van motivering, houding en studiemetode in akademiese prestasie bespreek. Ook in die verdere afdelings van hierdie hoofstuk sal die resultate wat met hierdie vraelys verkry is, bespreek word. Om onnodige herhaling te voorkom, sal die resultate nie breedvoerig in hierdie afdeling bespreek word nie.

Uit hoofstuk 3 het geblyk dat die totaalstelling van die vraelys baie hoog met akademiese prestasie korreleer. Wat die hele navorsingsgroep betref, is 'n korrelasiekoëffisiënt van 0,401 (beduidend op die ,001-peil) gevind. Motivering, houding en studiemetode korreleer ook beduidend op die ,001-peil met akademiese prestasie in die hele na=

vorsingsgroep. Selfs in sommige klein groepe van minder as 30 proefpersone is statisties beduidende korrelasies gevind.

Dat dit nie maar enkele items was wat die hoë korrelasies veroorsaak het nie, blyk daaruit dat 48 van die 59 vraelysitems statisties beduidend met akademiese prestasie korreleer in die hele navorsingsgroep. Die meeste van hierdie items korreleer ook in die subgroepe beduidend met akademiese prestasie.

Die ondersoeker moes ten opsigte van elke item bepaal watter antwoord as die gunstige antwoord beskou moes word. Dat die beoordeling hier korrek was, blyk uit twee dinge. Eerstens moet daarop gewys word dat die totaal telling van die vraelys, sowel as die drie veranderlikes afsonderlik, deurgaans positief met akademiese prestasie korreleer. Uit 'n totaal van 508 korrelasies tussen akademiese prestasie en motivering, houding en studiemetode is slegs 17 negatiewe korrelasies gevind. In al 17 gevalle was die korrelasies egter statisties onbeduidend. Dit moet opgemerk word dat 11 van die 17 negatiewe korrelasies betrekking het op die veranderlike motivering. Dit moet egter in gedagte gehou word dat daar uit 'n totaal van 59 slegs 9 motiveringsitems in die vraelys ingesluit is. Verder dien daarop gewys te word dat in 8 van die 11 gevalle waar negatiewe korrelasies ten opsigte van motiveringsitems gevind is, dit betrekking het op studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Uit die ondersoek blyk dat daar in die geval van studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe, geen verband tussen motivering en akademiese prestasie bestaan nie. Dat die

ondersoeker korrek was in sy beoordeling van gunstige antwoorde ten opsigte van die vraelysitems blyk verder daaruit dat die meeste items wat beduidend met akademiese prestasie korreleer, positiewe korrelasies gelewer het. Teenoor 48 items wat beduidend positief met akademiese prestasie korreleer, is daar slegs 2 items wat beduidend negatief korreleer in die hele navorsingsgroep.

Dit is die ondersoeker se mening dat hierdie vraelys wel beantwoord het aan die doel waarvoor dit saamgestel is. In moontlike verdere ondersoeke kan die geldigheid van die vraelys verder ondersoek word.

III. Motivering, houding en studiemetode as bepalende faktore in akademiese prestasie

Uit hierdie ondersoek blyk dit duidelik dat daar 'n sterk verband tussen motivering, houding en studiemetode en akademiese prestasie bestaan. In die bespreking van hierdie afdeling word telkens verwys na die korrelasie tussen die totale vraelystelling en akademiese prestasie.

Ten opsigte van die hele navorsingsgroep is 'n korrelasie van 0,401 gevind, wat statisties beduidend is op die ,001-peil. Die korrelasies in die vier hoofgroepe word in tabel 12 weergegee:

Tabel 12

Korrelasies tussen totale vraelystelling en akademiese prestasie in die vier hoofgroepe.

	Hele Navorsingsgroep N = 1734	1ste Jaars N = 789	2de Jaars N = 642	3de Jaars N = 303
Korrelasie tussen totale telling en akademiese prestasie	0,401 *	0,378 *	0,384 *	0,364 *

* Korrelasie beduidend op die ,001-peil.

Uit tabel 12 blyk dat die korrelasies in alle gevalle beduidend is op die ,001-peil. Ook in die subgroepe korreleer die totaalstelling deurgaans hoog met akademiese prestasie. In 109 van die 126 subgroepe is statisties beduidende korrelasies gevind. Slegs in die geval van baie klein groepe is onbeduidende korrelasies gevind. In die meeste van hierdie groepe was daar minder as 30 proefpersone.

Die gevolgtrekking is geregtig dat motivering, houding en studiemetode inderdaad bepalende faktore in akademiese prestasie is. Uit hoofstuk 1 blyk dat faktore soos ouderdom, geslagsverskille, persoonlikheidsaanpassing, belangstelling ensovoorts weinig invloed het op akademiese prestasie. Die feit dat motivering, houding en studiemetode betreklik hoog met akademiese prestasie korreleer, bring mee dat daar in die probleem van akademiese onderprestasie, deeglik met hierdie faktore rekening gehou sal moet word. Indien aanvaar word dat die korrelasie tussen intelligensie en akade-

miese prestasie in die omgewing van 0,5 is (69), is dit waarskynlik dat die gesamentlike bydrae van intelligensie en motivering, houding en studiemetode tot akademiese prestasie betreklik hoog is. In gevalle waar studente wat verstandelik goed toegerus is swak presteer, sal dit minstens lonend wees om ondersoek in te stel na hulle motivering, houding en studiemetode.

IV. 'n Vergelyking van motivering, houding en studiemetode met betrekking tot hul invloed op prestasie

Die verband tussen die drie veranderlikes, motivering, houding en studiemetode afsonderlik en akademiese prestasie is ten opsigte van die verskillende navorsingsgroepe bepaal ten einde vas te stel watter van die drie veranderlikes die grootste invloed op akademiese prestasie het. Na aanleiding van die bevindinge in hierdie verband, sal die drie veranderlikes afsonderlik bespreek word.

A. Motivering

Die resultate van die ondersoek dui op 'n besliste verband tussen motivering en akademiese prestasie. Die korrelasies in die vier hoofgroepe word in tabel 13 weergegee:

Tabel 13

Korrelasies tussen motivering en akademiese prestasie in die vier hoofgroepe

	Hele Navor= singsgroep N = 1734	1ste Jaars N = 789	2de Jaars N = 642	3de Jaars N = 303
Korrelasie tussen moti= vering en akademiese prestasie	0,183 *	0,130 *	0,163 *	0,157 +

* Korrelasie beduidend op die ,001-peil.

+ Korrelasie beduidend op die ,01-peil.

Uit tabel 13 blyk dat motivering in al vier groepe beduidend met akademiese prestasie korreleer. In die geval van die derdejaarstudente is die korrelasie effens laer as by die ander groepe. Hier moet twee faktore egter voor oë gehou word. Eerstens is die getal proefpersone in die groep aansienlik minder as in die ander drie groepe. Tweedens het dit uit die ondersoek geblyk dat motivering in die geval van die derdejaarmans geen verband toon met prestasie nie. Dit het vanselfsprekend 'n invloed op die korrelasie van die groep as geheel (dames en mans).

Wanneer motivering egter met houding en studiemetode ver- gelyk word, blyk dit dat motivering, op enkele uitsonderings na, in elke groep die laagste korrelasie lewer. Soos reeds by die bespreking van die vraelys geblyk het (afdeling II

van hierdie hoofstuk), korreleer motivering in die kleiner groepe dikwels baie laag met akademiese prestasie. In 'n paar gevalle is negatiewe (maar onbeduidende) korrelasies gevind.

Uit die ondersoek blyk dat motivering klaarblyklik die minste invloed op prestasie het. Hierdie bevinding moet egter in die lig van die volgende oorwegings evalueer word: Daar is slegs 9 motiveringsitems in die vraelys opgeneem (15,3% van die totaal). Indien die vraelys met meer motiveringsitems gelaai was, sou die verband tussen motivering en prestasie waarskynlik ook in die kleiner groepe duideliker geblyk het. Voorts moet die noue verband tussen motivering en houding in gedagte gehou word. By die begripsbepaling in hoofstuk 1 is daarop gewys dat houding beskou kan word as die uitdrukking of manifestasie van motivering. Die noue verband tussen motivering en houding word later in hierdie hoofstuk verder bespreek.

B. Houding

Uit die ondersoek blyk dat houding 'n groot invloed op prestasie uitoefen. Dit blyk verder dat houding deurgaans hoër met prestasie korreleer as studiemetode. Die korrelasies ten opsigte van houding en studiemetode in die vier hoofgroepe word in tabel 14 weergegee:

Tabel 14

Korrelasies tussen houding en studiemetode en akademiese prestasie

	Hele Navorsingsgroep N = 1734	1ste Jaars N = 789	2de Jaars N = 642	3de Jaars N = 303
Korrelasie tussen houding en akademiese prestasie	0,433 *	0,411 *	0,438 *	0,363 *
Korrelasie tussen studiemetode en akademiese prestasie	0,309 *	0,299 *	0,267 *	0,291 *

* Korrelasie beduidend op die ,001-peil.

Uit tabel 14 blyk dat hoewel die korrelasies in alle gevalle beduidend is op die ,001-peil, die korrelasies in die geval van houding tog hoër is. Die verskil tussen hierdie twee veranderlikes word in die subgroepe nog duideliker. In baie van die kleiner groepe, waar motivering en studiemetode onbeduidend met prestasie korreleer, lewer houding nog 'n beduidende korrelasie. Slegs een van die talle voorbeelde word hier weergegee om die verskil te illustreer. In die geval van die studente in die B.Mus.-kursus (vgl. A. 20 op bls. 96) korreleer motivering en studiemetode onbeduidend met prestasie, terwyl houding nog 'n korrelasie van 0,377 lewer, wat beduidend is op die ,05-peil.

Uit 'n totaal van 127 groepe, lewer houding in slegs 12 gevalle 'n onbeduidende korrelasie met akademiese prestasie. In al 12 gevalle geld dit klein groepe. In hierdie gevalle het die ander twee veranderlikes ook onbeduidende korrelasies gelever.

In slegs twee groepe (D. 10 op bls. 123 en D. 21 op bls. 126) korreleer houding laer met prestasie as studiemetode. In al die ander gevalle is die korrelasie in die geval van houding hoër.

Die bevinding dat houding hoër met prestasie korreleer as studiemetode, word des te meer betekenisvol in die lig van die feit dat daar slegs 19 houdingsitems in die vraelys opgeneem is teenoor 31 studiemetode-items.

Die klaarblyklike groter betekenis van houding blyk ook wanneer die individuele items in oënskou geneem word. Slegs 2 van die 19 houdingsitems korreleer onbeduidend met akademiese prestasie. Daar is by die houdingsitems ook geen afwykings in die sin dat sekere items net in bepaalde groepe waardevol blyk nie. In die geval van studiemetode-items is daar wel sulke afwykings gevind.

C. Studiemetode

Hoewel studiemetode 'n kleiner rol in akademiese prestasie speel as houding, moet die betekenis van studiemetodes nie onderskat word nie. Uit tabel 14 blyk dit duidelik dat studiemetode hoog korreleer met akademiese prestasie. Daar is egter 36 subgroepe waar geen verband vasgestel kon word nie. Dit was deurgaans die geval in die kleiner groepe.

D. Gevolgtrekking

Alhoewel motivering; houding en studiemetode gesamentlik hoog met akademiese prestasie korreleer, het houding teenoor studie die grootste invloed op prestasie. Daar is reeds daarop gewys dat motivering moeilik van houding geskei kan word omdat houding eintlik die uitdrukking of manifestasie van motivering is. Indien daar meer motive-ringsitems in die vraelys ingesluit was, sou die betekenis van hierdie veranderlike waarskynlik duideliker aan die lig getree het. Uit die resultate van hierdie ondersoek kan die afleiding in elk geval gemaak word dat motivering en houding 'n belangriker rol speel in akademiese prestasie as blote studiemetodes.

In vroeëre ondersoeke kon Bruwer (66) en Botha (63) geen verskil vasstel tussen die rol van houding en studiemetodes nie. In beide hierdie gevalle is daar egter met die ou uitgawe van die Survey of Study Habits and Attitudes van Brown en Holtzman gewerk. Blumberg (62) het navorsing gedoen met die nuwe 100-item Survey of Study Habits and Attitudes. Hy kom ook tot die slotsom dat houding 'n belangriker rol speel as studiemetodes, en verklar dan

„Attitude is undoubtedly paramount in regard to study behaviour" (p. 335).

Hierdie ondersoek bevestig dus Blumberg se bevinding. Hy het vasgestel dat houding die grootste rol speel in die studieprestasie van Onderwyskollegestudente. Uit hierdie

ondersoek blyk dat dit ook die geval is met Universiteit=studente van die eerste tot die derde akademiese jaar.

Ook Van Niekerk (78); wat ondersoek gedoen het na die studiegewoontes van matriekleerlinge en eerstejaarstudente, het bevind dat houding belangriker is as studiemetodes in akademiese prestasie. Hy verklaar dat

„die doeltreffendheid, gemotiveerdheid en ywer waarmee 'n studiemetode toegepas word van groter belang is as die blote metode" (p.300).

V. 'n Vergelyking van die jaargroepe

In hierdie ondersoek is gepoog om vas te stel of die studiepatroon enige betekenisvolle veranderinge van die eerste na die derde universiteitsjaar ondergaan.

Die korrelasies tussen vraelystellings en akademiese prestasie ten opsigte van die verskillende jaargroepe verskyn in tabel 15.

Tabel 15

Korrelasies tussen vraelystellings en prestasie by die verskillende jaargroepe

	1ste Jaar N = 789	2de Jaar N = 642	3de Jaar N = 303
Korrelasie tussen totaaltelling en akademiese prestasie	0,378 *	0,384 *	0,364 *
Korrelasie tussen motivering en aka= demiese prestasie	0,130 *	0,163 *	0,157 +
Korrelasie tussen houding en akade= miese prestasie	0,411 *	0,438 *	0,363 *
Korrelasie tussen studiemetode en akademiese prestasie	0,299 *	0,267 *	0,291 *

* Korrelasie beduidend op die ,001-peil.

+ Korrelasie beduidend op die ,01-peil.

Uit tabel 15 blyk dat daar tussen die eerste- en tweedejaar= studente geen verskil ten opsigte van die verband tussen die drie veranderlikes en prestasie bestaan nie. Ook die derdejaarstudente verskil nie van die ander twee jaargroepe nie, behalwe dat motivering in die geval van die derdejaars op die ,01-peil met prestasie korreleer. In die geval van die eerste- en tweedejaars is die korrelasie op die ,001-peil. Die verskil is egter baie gering, veral in die lig van die feit dat die derdejaargroep veel kleiner is as die

ander twee groepe. In afdeling VI van hierdie hoofstuk sal aangetoon word dat dit eintlik op 'n geslagsverskil berus. In die geval van die derdejaarmans kon naamlik geen verband tussen motivering en prestasie vasgestel word nie.

Word die verskillende fakulteite in oënskou geneem, blyk dit ook dat daar feitlik geen verskille tussen die jaargroepe aanwysbaar is nie. In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte blyk geen verskille tussen die jaargroepe nie. Wat die Fakulteit Natuurwetenskappe betref, is daar geen verskille tussen die eerste- en tweedejaars nie. In die geval van die derdejaars is die korrelasies onbeduidend. Daar was egter slegs 44 proefpersone in die betrokke groep (vgl. D. 7 op bls. 123). Al verskil wat in die Fakulteit Opvoedkunde gevind kon word is dat studiemetode in die geval van die eerstejaars onbeduidend met prestasie korreleer terwyl die korrelasie in die geval van die tweedejaars wel beduidend is. In die lig van die feit dat daar slegs 32 en 66 proefpersone onderskeidelik in hierdie groepe is, kan daar nie veel waarde aan hierdie verskil geheg word nie. In die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe blyk daar geen verskille tussen die jaargroepe nie, behalwe dat studiemetode in die geval van die tweedejaars onbeduidend met prestasie korreleer. By die eerste- en die derdejaars is die korrelasie wel beduidend. Ook in die Regsfakulteit blyk geen verskille nie, behalwe die enkele verskil dat studiemetode in die geval van die tweedejaars onbeduidend met prestasie korreleer. Dit gaan hier egter om 'n baie klein groep wat slegs uit 32 proefpersone bestaan.

Uit hierdie ondersoek moet die afleiding dus gemaak word dat daar geen verskil tussen eerste- tweede- en derdejaar-

studente met betrekking tot die verband tussen motivering, houding en studiemetode en akademiese prestasie bestaan nie. Die studiepatroon bly grootliks dieselfde van die eerste- na die derdejaar.

Blumberg (62) het in sy ondersoek met Onderwyskollege= studente dieselfde bevinding gemaak. Uit sy ondersoek blyk dat die kwaliteit van studiepatrone grootliks dieselfde bly van die eerste tot die derdejaar.

Uit verskeie ondersoeke het dit reeds geblyk dat studie= houding en -metode 'n belangrike rol speel in die eerste studiejaar op universiteit. Uit die ondersoek van die huidige ondersoeker blyk dat hierdie faktore minstens net so belangrik is in die tweede en derde studiejaar op universiteit.

VI. 'n Vergelyking van die geslagsgroepe

In hierdie ondersoek is die dames en mans telkens ook as aparte groepe behandel om vas te stel of daar noemenswaardige verskille in hulle studiepatrone is.

Die belangrikste resultate ten opsigte van die groter groepe word in tabel 16 weergegee. In alle gevalle was die groepe, wat grootte betref, redelik vergelykbaar. In die hele navorsingsgroep was 931 dames betrek teenoor 803 mans.

Uit tabel 16 blyk dat ten opsigte van die verband tussen die totale vraelystelling en prestasie daar geen verskil tussen die dames en die mans is nie. Ook ten opsigte van

Tabel 16

Die verband tussen die drie veranderlikes en akademiese prestasie by die geslagsgroepe

	Hele Navorsingsgroep		1ste Jaar		2de Jaar		3de Jaar	
	Dames N = 931	Mans N = 803	Dames N = 449	Mans N = 340	Dames N = 311	Mans N = 331	Dames N = 171	Mans N = 132
Korrelasie tussen totaalteiling en akademiese prestasie	0,363*	0,360*	0,382*	0,344*	0,345*	0,402*	0,337*	0,329*
Korrelasie tussen motivering en akademiese prestasie	0,148*	0,140*	0,118x	0,119x	0,167+	0,173+	0,203+	0,077y
Korrelasie tussen houding en akademiese prestasie	0,394*	0,406*	0,397*	0,400*	0,390*	0,465*	0,362*	0,295*
Korrelasie tussen studiemetode en akademiese prestasie	0,272*	0,262*	0,316*	0,250*	0,235*	0,274*	0,223+	0,314*

* Korrelasie beduidend op ,001-peil.

x Korrelasie beduidend op ,05-peil.

+ Korrelasie beduidend op ,01-peil.

y Korrelasie onbeduidend.

die drie veranderlikes afsonderlik is korrelasies gevind wat geen verskil toon nie.

Word die verskillende fakulteite (eerste tot derde jaar) in oënskou geneem, blyk dit ook dat daar feitlik geen verskille tussen die geslagte aanwysbaar is nie. In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (A. 5 en 6 op bls. 92) blyk geen verskille nie. Dieselfde geld die Fakulteit Natuurwetenskappe (A. 8 en 9 op bls. 93). Wat die Fakulteit Opvoedkunde betref, kan daar eintlik nie 'n vergelyking getref word nie omdat daar slegs 12 mans in die groep opgeneem is teenoor 86 dames. In die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe blyk geen verskille tussen die geslagte nie (A. 13 en 14 op bls. 94). Ten opsigte van die Regsfakulteit kan daar nie 'n vergelyking getref word nie omdat daar slegs 6 dames in die groep opgeneem is teenoor 87 mans.

Daar is probeer om vas te stel of geslagsverskille in die verskillende kursusgroepe na vore kom. Ook hier blyk geen verskille tussen die geslagte nie. Waar daar wel verskille voorkom, moet die verskille aan die besonder klein groepe gewyt word.

Die dames en die mans is ook met mekaar vergelyk ten opsigte van die verdeling in die drie jaargroepe (sien tabel 16). In die eerste en die tweede studiejaar is daar geen verskil tussen die dames en die mans gevind nie. In die derde studiejaar blyk daar egter verskille te wees. By die mans lewer studiemetode 'n effens hoër korrelasie as houding. In die geval van die dames lewer houding weer 'n effens hoër korrelasie as studiemetode. Hierdie verskil is egter so gering dat dit nie verantwoord sou kon word om daaruit bepaalde afleidings te maak nie.

Daar is egter wel 'n verskil wat baie duidelik blyk. In die geval van die dames lewer motivering 'n korrelasie van 0,203 wat beduidend is op die ,01-peil. In die geval van die mans is die korrelasie slegs 0,077 en dus geheel onbeduidend. Hierdie verskynsel dat motivering in die geval van die mans geen verband met prestasie toon nie, is ook in die subgroepe bevestig (vgl. D.6 en 9 op bls.122, 123, D. 12 op bls. 124, D. 15 op bls.125 en D. 18 en 21 op bls. 126).

Uit hierdie ondersoek blyk dit dus duidelik dat motivering, in die geval van derdejaarmans, geen verband hou met akademiese prestasie nie. Dit sou aangevoer kon word dat dit te wyte is aan die invloed van mans in die Fakulteit Natuurwetenskappe omdat motivering in alle gevalle in die Fakulteit Natuurwetenskappe onbeduidend met prestasie korreleer. (Hierdie verskynsel word in afdeling VII van hierdie hoofstuk bespreek.) Hierdie verklaring gaan egter nie op nie aangesien slegs 17 van die 132 mansstudente in die derdejaar uit die Fakulteit Natuurwetenskappe kom. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel is die feit dat die derdejaarstudente feitlik aan die einde van hulle kursus gekom het (hulle is gedurende Juniemaand van hulle derdejaar getoets) en nie meer so bewus is van motiveringsfaktore soos aan die begin van die kursus nie. Dit moet egter toegegee word dat hierdie verklaring nie die groot verskil tussen die derdejaardames en -mans verklaar nie.

Uit die bevindinge van hierdie ondersoek moet die volgende gevolgtrekking gemaak word: Wat die verband tussen akademiese prestasie aan die een kant en motivering, houding en studiemetode aan die ander kant betref, bestaan daar

geen verskille tussen dames en mans nie. Die enigste verskil is dat motivering, in die geval van mans in die derde studiejaar, geen verband met prestasie tōon nie.

Blumberg (62) kom tot dieselfde slotsom. Hy het onder andere die volgende hipotese ondersoek: „Damesstudente se studiepatrone is beter as dié van mansstudente.” Hy het gevind dat geslagsverskille geen rol gespeel het nie. Dit moet egter opgemerk word dat daar in Blumberg se ondersoek relatief min mansstudente betrek is.

VII. 'n Vergelyking van die Fakulteitsgroepe

In hierdie ondersoek is 'n poging aangewend om vas te stel of die studiepatrone van studente in die verskillende fakulteite van die Universiteit wesenlik van mekaar verskil. In tabel 17 word 'n uiteensetting van die resultate ten opsigte van die hele navorsingsgroep (eerste tot derde jaar) gegee.

Uit tabel 17 blyk dat daar ten opsigte van die totaalstelling en houding geen verskil tussen die fakulteitsgroepe bestaan nie. Ten opsigte van studiemetode is die korrelasie ten opsigte van die fakulteite Opvoedkunde en Regte effens laer as by die ander fakulteite. In die geval van hierdie twee fakulteite is die korrelasie beduidend op die ,01-peil. By die ander fakulteite is die korrelasie beduidend op die ,001-peil. Die verskil is dus baie gering. As die verder in gedagte gehou word dat die getal proefpersone in hierdie twee groepe heelwat minder is as byvoorbeeld in Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe, is dit duidelik dat daar uit hierdie geringe verskil geen geldige afleiding gemaak kan word nie.

Tabel 17

Die verband tussen die drie veranderlikes en akademiese prestasie by die Fakulteitsgroepe (Eerste tot derde studiejaar)

	Lettere en Wysbegeerte N = 786	Natuur= wetenskappe N = 494	Opvoed= kunde N = 98	Ekonomiese Wetenskappe N = 269	Regte N = 87
Korrelasie tussen totaaltelling en aka= demiese prestasie	0,401*	0,339*	0,364*	0,376*	0,441*
Korrelasie tussen motivering en aka= demiese prestasie	0,199*	0,047y	0,170y	0,190+	0,240x
Korrelasie tussen houding en akade= miese prestasie	0,417*	0,377*	0,423*	0,446*	0,498*
Korrelasie tussen studiemetode en aka= demiese prestasie	0,304*	0,271*	0,273+	0,248*	0,297+
* Korrelasie beduidend op ,001-peil. . . +	Korrelasie beduidend op ,01-peil.				
x Korrelasie beduidend op ,05-peil. y	Korrelasie onbeduidend.				

Wat motivering betref, is daar egter wel verskille. In die Fakulteit Opvoedkunde korreleer motivering onbeduidend met prestasie. In die geval van die eerstejaarstudente is die korrelasie 0,151 (B. 10 op bls.103) en in die geval van die tweedejaars is die korrelasie 0,228 (C. 10 op bls. 113). In beide gevalle is die korrelasies onbeduidend. Enige gevolgtrekking uit hierdie bevinding moet egter met groot omsigtigheid gemaak word. Daar dien op die volgende gewys te word. Daar was slegs 98 proefpersone in hierdie groep. Nogtans lewer motivering 'n korrelasie van 0,170, teenoor 'n korrelasie van 0,047 in die geval van die Fakulteit Natuurwetenskappe, met 'n proefpersoontal van byna 500. In die geval van alle proefpersone in Diplomakursusse (A. 35 op bls.100) lewer motivering 'n korrelasie van 0,222, wat beduidend is op die ,01-peil. Agt en negentig van die 140 proefpersone in hierdie groep is Opvoedkundestudente. Hulle moes 'n aansienlike invloed op die korrelasie gehad het. Uit die resultate sou slegs afgelei kon word dat daar 'n neiging bestaan dat motivering in die geval van Opvoedkundestudente laag met prestasie korreleer. Daar kan met goeie reg verwag word dat die korrelasie in die geval van motivering hoër sou wees indien die groep groter was.

In die geval van die Fakulteit Natuurwetenskappe is die situasie geheel anders. Motivering lewer slegs 'n korrelasie van 0,047, wat onbeduidend is. Dit is ook die geval in al die subgroepe. Twee en dertig subgroepe is saamgestel uit studente uit die Fakulteit Natuurwetenskappe. In nie een enkele geval is 'n beduidende korrelasie tussen motivering en prestasie gevind nie. In enkele gevalle is

sels negatiewe korrelasies gevind. Hulle is egter ook onbeduidend. Uit die bevindinge van hierdie ondersoek moet die afleiding gemaak word dat motivering in die geval van studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe, geen verband met prestasie toon nie.

Dit skyn moeilik te wees om 'n afdoende verklaring vir hierdie verskynsel te gee. Dit sou aangevoer kon word dat die motiveringsitems wat wel verband hou met prestasie, nie van toepassing is op studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe nie. Word die inhoud van hierdie items (sien hoofstuk 3, III, C, 1) ontleed, blyk dit egter dat hulle van toepassing kan wees op studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe.

Aangesien motivering in die geval van studente in die Natuurwetenskappe, geen verband met prestasie toon nie, kan die vermoede bestaan dat die rol van die ander twee veranderlikes in hulle geval ook van geringer betekenis is as in die ander fakulteite, hoewel daar geen verskille in die geheelgroep (A. 7 op bls. 92) blyk nie. Om hierdie moontlikheid te ondersoek, is nagegaan hoe die totaalstelling van die vraelys met prestasie korreleer in groepe met minder as 100 proefpersone. In die geval van 17 sulke groepe korreleer die totaalstelling onbeduidend met prestasie. Dit blyk dat 9 van hierdie 17 groepe betrekking het op studente uit die Fakulteit Natuurwetenskappe. Voorts is nagegaan in watter kleiner groepe (30 tot 60 proefpersone) die totaalstelling wel beduidend met prestasie korreleer. In 15 van hierdie groepe is beduidende korrelasies gevind. In slegs een geval (C. 21 op bls. 116) geld dit studente uit die Fakulteit Natuurwetenskappe.

Hieruit sou moontlik afgelei kon word dat alhoewel motivering, houding en studiemetode 'n rol speel in die akademiese prestasie van Natuurwetenskapstudente, die rol tog geringer is as in die ander fakulteite. Aan die ander kant moet daarop gewys word dat die laer korrelasies ten opsigte van die totaalstelling grotendeels daaraan gewyt kan word dat motivering in elk geval onbeduidend met prestasie korreleer in die geval van Natuurwetenskapstudente. Dit moet 'n invloed hê op die korrelasie van die totaalstelling. Uit die bevindinge van hierdie ondersoek sou nie méér afgelei kan word as dat daar 'n neiging bestaan dat motivering, houding en studiemetode in 'n baie geringe mate van minder betekenis is in die geval van Natuurwetenskapstudente.

Ten opsigte van die verskillende fakulteite lei die bevindinge van hierdie ondersoek tot die volgende gevolgtrekking: Met die uitsondering van motivering in die geval van Natuurwetenskapstudente (en moontlik ook Opvoedkundestudente) bestaan daar geen verskille in die studiepatrone van die studente van die verskillende fakulteite van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. nie. Houding en studiemetode is dus belangrike faktore vir alle studente van die Universiteit.

VIII. 'n Vergelyking van die kursugroepe

Daar kan nie veel vergelykings ten opsigte van die verskillende kursusse getref word nie aangesien daar nie 'n groot verskeidenheid kursusse in die onderskeie fakulteite voorkom nie. Dit sou geen doel dien om kursusse van

verskillende fakulteite te vergelyk nie aangesien dit sou lei tot 'n herhaling van die bespreking wat reeds in afdeling VII van hierdie hoofstuk gedoen is.

Ten opsigte van die fakulteite Opvoedkunde, Ekonomiese Wetenskappe en Regte kan geen vergelyking van kursus-groepe gedoen word nie omdat daar slegs ten opsigte van een kursus in elk van die onderskeie fakulteite ondersoek gedoen is, naamlik Diploma (Opvoedkunde), B.Comm. en B.Jur.

In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is daar drie kursusse: B.A., B.Mus. en Diploma. Die korrelasies ten opsigte van al die studente (eerste tot derde jaar) verskyn in tabel 18.

Tabel 18

Die verband tussen die drie veranderlikes en akademiese prestasie by die kursusgroepe in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (Eerste tot derde studiejaar)

	B.A. N = 732	B.Mus. N = 34	Diploma N = 20
Korrelasie tussen totaaltelling en aka= demiese prestasie	0,409 *	0,272 y	0,171y
Korrelasie tussen motivering en aka= demiese prestasie	0,216 *	0,031 y	-0,245y
Korrelasie tussen houding en akade= miese prestasie	0,420 *	0,377 x	0,338y
Korrelasie tussen studiemetode en aka= demiese prestasie	0,312 *	0,136 y	0,101y

* Korrelasie beduidend op die ,001-peil

x Korrelasie beduidend op die ,05-peil

y Korrelasie onbeduidend

Uit tabel 18 blyk dat alle korrelasies in die geval van die B.A.-studente statisties beduidend is, terwyl slegs houding beduidend met prestasie korreleer in die geval van die B.Mus.-studente. By die Diplomagroep is alle korrelasies onbeduidend. Die afleiding kan egter nie gemaak word dat die studiepatroon in die verskillende kursusse radikaal verskil nie omdat die groepe in die geval van B.Mus- en Diplomastudente so klein is dat dit eenvoudig nie met die B.A.-groep vergelyk kan word nie. Die eerste- tweede- en derdejaargroepe toon dieselfde patroon van korrelasies.

In die Fakulteit Natuurwetenskappe is daar twee kursusse wat vergelyk kan word. Die korrelasies ten opsigte van al die studente (eerste tot derdejaar) verskyn in tabel 19.

Tabel 19

Die verband tussen die drie veranderlikes en akademiese prestasie by die kursusgroepe in die Fakulteit Natuurwetenskappe

	B.Sc. N = 206	B.Sc.(Farm.) N = 288
Korrelasie tussen totaal- telling en akademiese prestasie	0,307 *	0,368 *
Korrelasie tussen motivering en akademiese prestasie	0,016 _y	0,072 _y
Korrelasie tussen houding en akademiese prestasie	0,341 *	0,405 *
Korrelasie tussen studie= metode en akademiese prestasie	0,245 *	0,295 *

* Korrelasie beduidend op die ,001-peil.

y Korrelasie onbeduidend.

Uit tabel 19 blyk dat daar geen verskille tussen die twee kursusse bestaan met betrekking tot die verband tussen die drie veranderlikes en prestasie nie. Die eerste-, tweede- en derdejaargroepe toon dieselfde patroon van korrelasies.

In die enkele gevalle waar kursusse vergelyk kan word, blyk dus geen verskille tussen die kursusse nie. Uit hierdie baie beperkte gegewens moet die afleiding gemaak word dat die studiepatrone in die verskillende kursusse binne dieselfde fakulteit grootliks dieselfde is.

IX. 'n Vergelyking van die Diploma- en Graadstudente

In afdeling III van hierdie hoofstuk is die gevolgtrekking gemaak dat motivering, houding en studiemetode inderdaad bepalende faktore in akademiese prestasie op universiteit is. Die groot meerderheid van studente aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. volg graadkursusse. Daar is egter ook 'n klein minderheid wat Diplomakursusse volg. Een duisend vyf honderd vier en negentig van die studente wat in hierdie ondersoek betrek is, is graadstudente. Slegs 140 diplomastudente kon in die navorsingsgroep opgeneem word. Waar die drie veranderlikes wat in hierdie studie ondersoek is, 'n bepalende rol in prestasie speel, kan die vraag gestel word of dit ook die geval is ten opsigte van die klein minderheid diplomastudente. Om 'n antwoord op hierdie vraag te probeer kry, is al die diplomastudente in een groep saamgevoeg (A. 35 op bls.100). Hulle is vergelyk met die volgende graadstudente: B.A.-, B.Sc.- en B.Comm.-studente. In al vier hierdie groepe is eerste- tweede- en derdejaarstudente betrek. Die resultate van hierdie vergelyking verskyn in tabel 20.

Uit tabel 20 blyk dat alhoewel die groep Diplomastudente heelwat kleiner is as die ander drie groepe, dit nogtans korrelasies van dieselfde orde lewer. Die enigste verskil is dat motivering in die geval van die B.Sc.-studente onbeduidend met prestasie korreleer. Hier is dit egter die B.Sc.-studente wat van die algemene patroon afwyk en nie die Diplomastudente nie.

Tabel 20

Die verband tussen die drie veranderlikes en akademiese prestasie by groepe graad- en diplomastudente

	Alle Diploma- studente N = 140	Alle B.A.- studente N = 732	Alle B.Sc.- studente N = 206	Alle B.Comm.- studente N = 252
Korrelasie tussen totaaltelling en aka- demiese prestasie	0,403*	0,409*	0,307*	0,356*
Korrelasie tussen motivering en akademiese prestasie	0,222+	0,216*	0,016y	0,172+
Korrelasie tussen houding en aka- demiese prestasie	0,460*	0,420*	0,341*	0,431*
Korrelasie tussen studiemetode en akademiese prestasie	0,289*	0,312*	0,245*	0,228*

* Korrelasie beduidend op die ,001-peil.

+ Korrelasie beduidend op die ,01-peil.

y Korrelasie onbeduidend.

Uit hierdie ondersoek blyk dus geen noemenswaardige verskille tussen diploma- en graadstudente met betrekking tot die verband tussen prestasie en motivering, houding en studiemetode nie. In die akademiese prestasie van diploma-studente speel die drie veranderlikes, wat in hierdie studie ondersoek is, 'n bepalende rol, net soos wat dit die geval is met graadstudente.

X. Motivering as stimulus vir goeie studiemetodes

In die inleiding van hierdie hoofstuk is melding gemaak van die bewering wat soms gemaak word dat sterk motivering lei tot die ontwikkeling van goeie studiemetodes (20, p. 242). In hierdie afdeling sal gepoog word om hierdie bewering aan die resultate van hierdie ondersoek te toets.

Indien die algemene patroon so is dat in alle gevalle waar motivering besonder hoog met prestasie korreleer ook hoë korrelasies tussen studiemetode en prestasie gevind word, sou dit steun bied vir die bewering dat sterk motivering lei tot die ontwikkeling van goeie studiemetodes. Met hierdie doel voor oë is alle groepe uitgesoek waar motivering op die ,001-peil met prestasie korreleer. Daar is nagegaan of studiemetode in die betrokke gevalle ook op die ,001-peil met prestasie korreleer. Uit die ondersoek blyk dat dit wel die geval is, op een uitsondering na (C. 18 op bls.115). In die betrokke geval korreleer studiemetode op die ,01-peil met prestasie. Dit wil dus voorkom asof die neiging bestaan dat sterk motivering lei tot die ontwikkeling van goeie studiemetodes.

Hierdie aspek is ook op 'n tweede manier ondersoek. Alle gevalle is nagegaan waar motivering onbeduidend met prestasie

korreleer, om vas te stel of studiemetode in die betrokke groepe ook onbeduidend of laag met prestasie korreleer. In talle gevalle blyk dit wel die geval te wees, byvoorbeeld B. 10 (bls. 103), B. 30 (bls. 109), B. 31 (bls. 109), C. 12 (bls. 114), C. 15 (bls. 115), C. 28 (bls. 118), C. 33 (bls. 120). Daar is egter ook heelwat groepe waar motivering onbeduidend met prestasie korreleer en die verband tussen studiemetode en prestasie redelik hoog is. Hierdie verskynsel is in 12 subgroepe vasgestel. In 10 van hierdie gevalle is dit egter groepe wat saamgestel is uit Natuurwetenskapstudente. Die oorblywende twee gevalle geld mansstudente in die derde studiejaar. Daar is reeds vroeër in hierdie hoofstuk daarop gewys dat motivering, in die geval van Natuurwetenskapstudente en derdejaar mansstudente, onbeduidend met prestasie korreleer. Indien die gegewens van hierdie 12 subgroepe in die lig van hierdie bevinding buite rekening gelaat word, dan dui hierdie tweede ondersoek ook daarop dat sterk motivering lei tot die ontwikkeling van goeie studiemetodes.

Uit die resultate van hierdie ondersoek kan die afleiding gemaak word dat daar in elk geval 'n neiging bestaan dat die goed gemotiveerde student die waarde van studiemetodes besef en effektiewe studiemetodes ontwikkel. Tog moet daar weereens daarop gewys word dat daar relatief min motiveringsitems in die vraelys, waarmee hierdie ondersoek gedoen is, opgeneem is. Hierdie aspek kan in 'n selfstandige ondersoek verder nagevors word.

XI. Afleidings met die oog op die praktyk

A. Inleiding

Uit hoofstuk 3, III, blyk dat 48 vraelysitems beduidend met akademiese prestasie korreleer. Slegs agt van hierdie items toon afwykings in die sin dat dit nie by alle groepe voorkom nie. Een van hierdie items (item 59) moet eintlik buite rekening gelaat word aangesien dit slegs in die geval van die hele navorsingsgroep 'n beduidende verband met prestasie toon, maar nie in die geval van die subgroepe nie. Daar bly dus net sewe items oor wat in sommige groepe met prestasie korreleer en in ander groepe weer nie. Drie items (items 9, 35 en 57) korreleer onbeduidend met prestasie in die damesgroepe. Twee items (items 30 en 57) korreleer onbeduidend met prestasie in die geval van derdejaarstudente. Een item (item 5) korreleer onbeduidend met prestasie by eerstejaarstudente. Een item (item 17) korreleer onbeduidend met prestasie in die geval van studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Een item (item 24) korreleer onbeduidend met prestasie by studente in die Fakulteite Ekonomiese Wetenskappe en Regte.

Uit hierdie geringe afwykings kan nie afgelei word dat die verskillende jaar-, geslags-, fakulteits- en kursusgroepe verskillende studiepatrone het nie. Dat dit wel die geval is, blyk ook uit die bespreking van resultate in afdelings IV tot IX van hierdie hoofstuk.

Terwille van voorligting aan studente, is dit tog belangrik om 'n praktiese aanduiding te gee van die faktore wat

belangrik skyn te wees vir akademiese prestasie, soos dit uit hierdie ondersoek geblyk het. Hierdie ondersoek werp lig op ten minste sommige motiveringsfaktore, houdings en studiemetodes van studente ten opsigte van hulle studie wat voordelig skyn te wees. In die oorsig sal die faktore wat betrekking het op die drie veranderlikes afsonderlik behandel word.

B. Studiemotivering

Die afwesigheid van persoonlike probleme, soos swak gesondheid, geldelike probleme, moeilike aanpassing ensovoorts is bevorderlik vir akademiese prestasie. (Item 9) Dis moeilik om te bepaal waarom hierdie item in die geval van die damesstudente onbeduidend met prestasie korreleer. Dis onwaarskynlik om te aanvaar dat hulle as groep eenvoudig net nie met hierdie probleme te kampe het nie.

Die suksesvolle student is iemand wat werklik geïnteresseerd is in sy studie. (Item 13) Die studie is vir hom 'n belangrike saak en nie maar net 'n middel om later in sy lewe 'n goeie posisie te beklee nie.

Die student wat uit eie keuse 'n universiteitskursus volg, presteer beter as die student wat na die universiteit kom omdat ander persone dit van hom verwag of omdat hy nie wil 'afsteek' by vriende wat wel so 'n kursus volg nie. (Item 14) Omdat hy eintlik lievers iets anders wou doen, is dit duidelik dat hy swak gemotiveerd is.

Studente wat die universiteitsopleiding nie bloot beskou as 'n voorbereiding vir 'n bepaalde loopbaan nie, maar ook as 'n geleentheid tot hul eie persoonlikheidsontwikkeling, is gewoonlik meer suksesvol in hul studie as studente wat nie hierdie instelling openbaar nie (Item 23).

In gevalle waar studente die universiteitsopleiding beskou as 'n middel om later baie geld te verdien en gemaklik te lewe, is hulle akademiese prestasie swakker as dié van studente wat die universiteitsopleiding nie in die eerste plek as 'n middel sien om hulself later geldelik te verryk nie. (Item 30) Die beter gemotiveerde student is in hierdie geval die student vir wie die studie en kennis self belangrik is. In die geval van derdejaarstudente korreleer hierdie item onbeduidend met prestasie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat studente wat reeds hulle kursus byna voltooi het, nie meer so bewus is van bepaalde motiveringsfaktore soos aan die begin van hulle studie nie.

Die suksesvolle student lewer sy beste, selfs al hou hy nie van 'n bepaalde kursus nie. (Item 51) Studente wat in hierdie geval belangstelling verloor en nie hulle beste lewer nie, presteer swakker.

C. Houding teenoor studie

Uit die ondersoek het geblyk dat houding 'n belangriker rol in akademiese prestasie speel as studiemetodes. In die geval van die houdingsitems is daar geen items wat 'afwykings' toon in die sin dat hulle in sekere groepe beduidend met prestasie korreleer en in ander weer nie. Die bevindings

van die ondersoek dui daarop dat die volgende houdings 'n invloed het op goeie prestasie op universiteit.

Die goeie presteerder is nie onverskillig en traak-my-nie-agtig teenoor sy studie nie. Dis nie by hom 'n geval van "raak of mis", afhanklik van die bui waarin hy verkeer nie. (Item 1) Hy maak dus onder alle omstandighede erns met sy studie.

Studente wat sorg dat daar nie te veel tyd verlore gaan met die lees van tydskrifte, radio-luister, besoeke aan die bioskope ensovoorts nie, presteer beter as studente wat hulle tyd onoordeelkundig verspil. (Item 2) Die suksesvolle student is dus iemand wat beseft dat sy studie belangrik is. Hy is bereid om voldoende tyd daaraan te wy.

Die afwesigheid van periodes van rusteloosheid en moede-loosheid is bevorderlik vir studie. (Item 10) Die suksesvolle student ondervind blykbaar min probleme in hierdie verband.

Wanneer daar studiewerk is wat gedoen moet word, spring die goeie presteerder sonder meer aan die werk. Hy hoef nie eers geleidelik "opgewarm" te word vir die studietaak nie (Item 11). Die swakker student is iemand wat dikwels maar net nie sover kan kom om 'n begin te maak nie.

Studente wat swak presteer voel dikwels dat die tyd, geld en inspanning wat aan 'n universiteitsopleiding bestee moet word, nie die moeite werd is nie. (Item 15) Die student wat hierdie dinge egter as 'n goeie belegging beskou, presteer gewoonlik beter.

Die student wat sy punte as 'n redelike weergawe van sy vermoë beskou, presteer gewoonlik goed. (Item 16) Die swakker presteerders voel daarenteen dikwels dat hulle nie genoegsaam beloon word vir hulle werk nie. Hulle voel gefrustreerd en meen dat die dosente hulle 'beter' kon behandel het. Dat die houding van tevredenheid en vergenoegdheid inderdaad belangrik is, blyk daaruit dat item 16 deurgaans die hoogste van alle items met prestasie korreleer.

Die goed-presterende student doen sy bes, selfs wanneer hy onder druk verkeer. (Item 20) Persone wat onder sulke omstandighede dit moeilik vind om werk van goeie gehalte te lewer, behaal minder sukses.

Studente wat hard werk, selfs in gevalle waar hulle nie van bepaalde kursusse hou nie, presteer beter as studente wat in sulke gevalle net soveel doen as wat nodig is om te slaag (Item 25) Die suksesvolle student is dus die konsensieuse persoon wat besef dat sy studie belangrik is en dat alle werk eenvoudig gedoen moet word ten einde goed te presteer.

Studente wat werklik belangstel in hulle studie, vind dit maklik om hulle aandag by hulle werk te bepaal en behaal gevolglik sukses (Item 28).

Persone wat gou belangstelling in hulle studies verloor, presteer swakker as studente wat 'n volgehoue belangstelling in hulle studie openbaar (Item 31).

Die persone wat goed presteer, word nie mismoedig wanneer hulle huiswerk of selfstudie veeleisend en moeilik is nie (Item 39). Die swakker student doen in sulke gevalle slegs die makliker dele en span hom nie in om die ander dele te probeer baasraak nie.

Studente wat die houding openbaar dat hulle harder sal werk as hulle toegelaat sou word om die vakke te kies waarvan hulle hou, vaar swakker as studente wat besef dat sekere vakke geneem moet word omdat hulle belangrik is (Item 40).

Studente wat goed presteer sorg dat hulle nie vriende maak met mede-studente wat eintlik meer belangstelling het vir die sosiale lewe op universiteit as vir die akademie nie (Item 50).

Wanneer studente sonder gegronde redes dikwels lesings misloop, presteer hulle swakker as studente wat die lesings as belangrik beskou en sorg dat hulle dit sover moontlik gereeld bywoon (Item 52).

Studente wat moeilike studie-opdragte as uitdaging vir hulle bekwaamheid beskou, en nie maar tou opgooi by die eerste teken van probleme nie, behaal gewoonlik sukses (Item 53).

Die belangrik om gedurende die jaar 'n goeie jaarpunt op te bou. Die meer suksesvolle studente besef die belangrikheid hiervan omdat dit beteken dat hulle hul nie voor die eksamen hoef te oorwerk ten einde te slaag nie (Item 56).

Studente wat probeer om met die minste werk die meeste punte te behaal, presteer swakker as studente wat deurgaans hard werk (Item 58).

D. Waardevolle studiemetodes

Na aanleiding van die bevindinge van hierdie ondersoek word die studiemetodes wat gewoonlik deur die beter presterende studente toegepas word hieronder aangedui. Uit die ondersoek blyk dat studente wat hierdie metodes toepas akademies beter presteer as studente wat nie daarvan gebruik maak nie. Soos reeds by die begripsbepaling in hoofstuk I aangedui is, word met die term "studiemetode" nie slegs spesifieke studiemetodes bedoel nie. Dit dui op die algemene beplanning, organisasie en werkwyse wat verband hou met die taak van studeer. Die 'gunstige' studiemetodes, wat uit die ondersoek geblyk het, word hieronder kortliks aangedui.

Dis beter om voor in die klas te sit as agter (Item 3).
Dis vanselfsprekend dat daar minder geleentheid vir aandagafleiding is wanneer die studente naby die dosent sy plek inneem.

Die vermoë om belangrike punte in opleeswerk te identifiseer is belangrik (Item 4). Uit die ondersoek blyk dat die studente wat swakker presteer juis hiermee probleme ondervind.

Die student moet sorg dat hy stiptelik op datum is met skriftelike take, soos referate ensovoorts (Item 5). Uit die

ondersoek blyk dat hierdie item in die geval van die eerstejaarstudente nie beduidend verband hou met akademiese prestasie nie. Die rede is waarskynlik dat die beginner nog nie besef hoe belangrik dit is om jou werk op datum te hou nie. As jy eers begin agter raak, word dit steeds moeiliker om by te bly.

Vrye ure tussen klasse moet vir studie gebruik word. As dit gedoen word, word die werk vir die aande verminder. (Item 6). Tyd word dus ekonomies gebruik sodat daar voldoende tyd vir rus is. Dat dit belangrik is, blyk uit item 17, wat later bespreek word.

Studie moet deeglik beplan word (Item 7). In die geval van studente wat swakker presteer, word die studie dikwels op 'n onbeplande en blindelinge wyse gedoen en beheers deur die eise wat onmiddellik komende klasse stel.

Verslae, referate ensovoorts moet so gou moontlik nadat die opdrag ontvang is, aangepak en voltooi word. Dit betaal nie om hierdie werk tot op die laaste minuut uit te stel nie (Item 8).

Verslae en referate moet deeglik beplan word voordat met die skryfwerk begin word (Item 12). In die geval van die swak presteerders is dit juis die dosente se kritiek dat hulle referate ensovoorts oorhaastig geskryf en swak georganiseer is.

Dis belangrik vir studente om te sorg dat hulle genoeg slaap kry (7 tot 8 uur per nag) (Item 17). Dis deurgaans

die geval met studente wat goed presteer, behalwe in die geval van studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe. Hier moet die afleiding waarskynlik gemaak word dat die groep as geheel óf voldoende rus óf met minder rus klaar-kom as in die geval van die gemiddelde student.

Dis nie voordelig om voor die eksamen tot laat in die nag te studeer nie (Item 22). Hierdie bevinding hou ver-band met die voorafgaande bevinding. Die student kan nie helder en vars in die eksamenkamer gaan sit as hy die vorige nag nie goed gerus het nie.

In gevalle waar klasse weens onvoorsiene omstandighede nie bygewoon kan word nie, is dit goed om die dosent te gaan spreek ten einde die werk te probeer inhaal (Item 24). In die geval van studente in die Fakulteit Eko-nomiese Wetenskappe en Regte korreleer hierdie item nie beduidend met prestasie nie. Hieruit kan die afleiding ge-maak word dat swak sowel as goeie presteerders in hier-die groep nie hierdie gewoonte het nie. Waarom dit so is, is egter moeilik verklaarbaar. Dit sou nie opgaan om te beweer dat die dosente in hierdie fakulteite minder ge-naakbaar is as die dosente in die ander fakulteite nie!

Waar dosente die gewoonte het om foute in studente se ge-skrewe werk aan te dui, is dit voordelig vir die student om hierdie opmerkings te bestudeer totdat hy die rede vir sy foute begryp en dit self kan verbeter (Item 26).

Vir goeie prestasie is dit belangrik om die leerstof nie slegs eenkeer deur te gaan nie, maar herhaaldelik (Item 27).

Dis verder belangrik om hersiening van die leerwerk onmiddellik nadat dit die eerste keer geleer is, te doen (Item 32). Wat herhaling van leerstof betref, is dit beter om die herhalings te versprei en dit nie onmiddellik op mekaar te laat volg nie (Item 42). Hierdie bevinding bevestig hierdie aspek van die leerproses, wat in die Psigologie deurgaans as belangrik beskou is.

Dis uiters belangrik vir die student om te sorg dat hy verstaan wat hy lees. Die goeie presteerder is bereid om baie tyd te bestee ten einde te verseker dat hy die leerstof goed begryp (Item 33). Die swak presteerder lees dikwels maar voort, al is daar ook baie dinge wat hy nie begryp nie.

In sommige teksboeke word daar aan die einde van hoofstukke vrae gestel. Studente wat hierdie vrae vir hulself probeer beantwoord, presteer beter as studente wat dit nie doen nie (Item 34).

By die bestudering van teksboeke is dit beter om nie maar net te begin lees nie, maar om eers te let op die opskrifte van hoofstukke en paragrawe en dan later te konsentreer op die belangrikste gedeeltes (Item 35). Uit die ondersoek wil dit voorkom asof die damesstudente in die meeste gevalle nie hierdie gewoonte het nie aangesien item 35 in hulle geval onbeduidend met prestasie korreleer.

Voordat 'n lesing bygewoon word, is dit goed om die aantekeninge van die vorige lesing deur te gaan. Daardeur word 'n goeie verband behou (Item 37).

Dit gebeur dikwels dat sekere sake tydens lesings vir studente onduidelik is. Veral in baie groot klasse het hulle nie die vrymoedigheid om die dosent tydens die lesing om 'n verduideliking te vra nie. Dit is egter voordelig om notas te maak van sake wat onduidelik is sodat die dosent by 'n latere geleentheid daarvoor gesprek kan word (Item 38).

Die student wat goed presteer beplan telkens sy studieprogram vir die volgende twee of drie weke. Hy het 'n bepaalde studiestrategie en beplan voortdurend maniere waarmee hy waarskynlik sukses sal behaal (Item 45 en 46).

Die universiteitsbiblioteek blyk 'n baie nuttige studiehulpmiddel te wees. Studente wat soveel moontlik van die dienste en fasiliteite van die biblioteek gebruik maak, presteer oor die algemeen beter as studente wat dit nie doen nie (Item 48).

Dit gebeur dikwels dat studente eenvoudig nie lus het om alles te leer nie. Voor die eksamen „spot" hulle dan sekere vrae waarop gekonsentreer word. Uit hierdie ondersoek blyk dat dit nie 'n lonende metode is nie. Die prestasie van studente wat die hele veld so goed moontlik dek, is deurgaans beter (Item 54).

Dit is voordelig om aan die einde van elke week die werk wat gedurende die week gedoen is, deur te gaan om so=doende sorg te dra dat alles deeglik onder die knie gekry is (Item 57). Uit die ondersoek blyk dit egter dat dames=studente en derdejaarstudente, in die algemeen gesproke, nie hierdie metode toepas nie.

Die gebruik van opwekmiddels blyk nadelig te wees vir studieprestasie. (Item 59). Uit die ondersoek blyk dit egter dat relatief min studente van hierdie middels gebruik maak.

SLOTPERSPEKTIEF

I. Inleiding

Hierdie laaste hoofstuk sal gewy word aan 'n kort samevatting van die ondersoek. Die belangrikste bevindings en afleidings sal aangedui word. Geen ondersoek is ooit volmaak nie. Daarom sal enkele beperkings van hierdie ondersoek kortliks bespreek word. Ten slotte sal 'n paar aanbevelings na aanleiding van hierdie studie gemaak word.

II. Samevatting van die ondersoek

In die eerste hoofstuk van hierdie proefskrif is die probleem van onderprestering op universiteit bespreek. Dit gebeur dikwels dat studente, wat verstandelik goed toegerus is, nie na verwagting presteer nie. Daar bestaan dus 'n behoefte aan navorsing om hierdie probleem grondig te ondersoek. Verskillende faktore wat moontlik 'n invloed op akademiese prestasie kan hê, is reeds ondersoek. Uit die navorsing het geblyk dat faktore soos ouderdom, persoonlikheidsaanpassing, belangstelling ensovoorts nie 'n noemenswaardige invloed op akademiese prestasie het nie.

Ten opsigte van die invloed van studiehouding en -metode op akademiese prestasie is etlike navorsingsprojekte reeds onderneem. Uit die resultate van hierdie navorsing blyk

dat die rol van studiehouding en -metode meriete het. 'n Leemte in hierdie navorsing is dat daar hoofsaaklik gekonsentreer is op eerstejaarstudente. Daar is ook nie genoegsaam rekening gehou met die rol van motivering nie. In die onderhawige ondersoek is gevolglik eerste-, tweede- en derdejaarstudente betrek. Daar is ook rekening gehou met die motiveringsfaktor.

Die eerste probleem wat oorkom moes word, was die vind van 'n geskikte navorsingstegniek. Vanweë die groot omvang van hierdie ondersoek kon daar nie gebruik gemaak word van onderhoude en waarnemings nie. Daar is derhalwe besluit om gebruik te maak van die vraelysmetode. Bestaande vraelyste is nie gebruik nie. Die redes waarom besluit is om 'n eie vraelys saam te stel is breedvoerig in die tweede hoofstuk bespreek. Die vraelys is saamgestel uit items van bestaande vraelyste en verskillende studiehandleidings. Dit is aangevul met items wat verkry is nadat daar by 266 universiteitstudente navraag gedoen is oor hulle motivering, houding en studiemetode. In 'n voorondersoek is hierdie vraelys getoets en waardelose items is uitgeskakel. Die resultaat is die 59-item vraelys wat in die finale ondersoek gebruik is.

'n Poging is aangewend om soveel moontlik voor-graadse binnemuurse studente van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. in die ondersoek te betrek. In totaal is 1822 studente in die ondersoek betrek. Weens verskillende redes, wat in hoofstuk 2 aangedui is, kon die gegewens van 88 studente nie gebruik word nie. Die vraelys is gedurende Junie 1971, onmiddellik na afloop van die semestereksamen, toegepas.

Die antwoordblaaie is deur die ondersoeker self en 'n paar helpers nagesien. Die ondersoeker het die gemiddelde van die jaar- en eksamenpunt in die geval van al die proefpersone bereken en op die antwoordblaaie aangebring. Die verwerking van die gegewens is deur middel van 'n elektroniese rekenaar in die Rekensentrum van die Potchefstroomse Universiteit gedoen. In die finale verwerking is onderskei tussen jaar-, geslags-, fakulteits- en kursus-groepe. Die diplomastudente is ook apart gegroepeer.

III. Samevatting van die belangrikste bevindinge

Die belangrikste bevindings van hierdie ondersoek word hieronder puntsgewys aangedui. Soos in hoofstuk 4 aangedui is, moet sommige van hierdie bevindings as neigings of tendense beskou word, wat in verdere ondersoeke ondersoek moet word.

1. Daar is bevind dat motivering, houding en studiemetode 'n betekenisvolle rol in akademiese prestasie speel. Hierdie bevinding is van toepassing op studente in al drie die akademiese jaargroepe. Dit het geblyk dat hierdie faktore nie slegs van belang is vir eerstejaarstudente nie, maar vir alle voor-gradse studente.

2. Houding het 'n groter invloed op akademiese prestasie as studiemetodes. Om hierdie bevinding te evalueer, moet daarop gewys word dat daar slegs 19 houdingsitems in die vraelys ingesluit is teenoor 31 studiemetode-items. Aangesien houding eintlik die manifestasie van motivering is, is die afleiding gemaak dat motivering en houding 'n belangriker rol speel in akademiese prestasie as blote studiemetode.

3. Wat die drie verskillende akademiese jaargroepe betref, kon geen verskille vasgestel word met betrekking tot die verband tussen akademiese prestasie en motivering, houding en studiemetode nie. Die studiepatroon ondergaan dus nie noemenswaardige veranderinge van die eerste na die derde studiejaar nie.

4. Ten opsigte van die geslagsgroepe kon geen verskille in die studiepatrone van dames en mans vasgestel word nie, behalwe dat motivering, in die geval van mans in die derde studiejaar, geen verband met akademiese prestasie toon nie.

5. Wat die verskillende fakulteitsgroepe betref, is bevind dat motivering in die geval van studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe, geen verband met akademiese prestasie toon nie. Daar bestaan ook 'n neiging dat motivering in die geval van Opvoedkunde studente, laag met akademiese prestasie korreleer. Die afleiding is verder gemaak dat daar 'n neiging bestaan dat motivering, houding en studiemetode in 'n geringe mate van minder betekenis is in die geval van Natuurwetenskapstudente.

6. In die geval van die verskillende kursusse is die studiepatroon grootliks dieselfde binnê dieselfde fakulteit. Min groepe kon hier egter met mekaar vergelyk word.

7. 'n Vergelyking is getref tussen die studiepatrone van graad- en diplomastudente. Uit die ondersoek blyk geen verskille nie. Ook in die geval van die diplomastudente se akademiese prestasie speel motivering, houding en studiemetode 'n bepalende rol, net soos die geval is met graadstude

8. Uit die resultate van die ondersoek blyk dat daar 'n neiging bestaan dat sterk motivering lei tot die ontwikkeling van effektiewe studiemetodes. Ten opsigte van hierdie aspek sal daar egter meer navorsing gedoen moet word.

Sekere afleidings met die oog op die praktyk van voorligting aan studente is gemaak. Uit die aard van die saak kan dit nie weer hier herhaal word nie.

IV. Beperkinge van die ondersoek

Dit is nodig om op enkele tekortkominge in hierdie ondersoek te wys. Dit word hieronder kortliks aangestip.

1. Daar is relatief min motiveringsitems in die vraelys opgeneem. Slegs 15,3% van die vraelysitems het betrekking op motivering.
2. Daar kon nie veel afleidings gemaak word ten opsigte van die studiepatrone in die verskillende kursusse nie omdat daar nie 'n groot verskeidenheid kursusse binne die onderskeie fakulteite is nie. In sommige gevalle was die groepe so saamgestel dat hulle nie vergelykbaar was nie.
3. Meer geldige afleidings sou gemaak kon word indien die subgroepe ewe groot was. Aangesien daar egter gepoog is om soveel moontlik van die voor-gradse binnemuurse studente van die Universiteit in die ondersoek te betrek, kon dit nie anders nie. In sommige kursusse en fakulteite is daar eenvoudig net meer studente as in ander.

4. Hoewel daar probeer is om die vraelys so verteenwoordigend moontlik saam te stel, moet die moontlikheid tog toegegee word dat die veld nie geheel en al gedek is nie. Daar mag ook ander faktore wees wat belangrik mag wees. In verdere ondersoeke mag dit moontlik aan die lig kom. Ten opsigte van die vraelysmetode moet ook opgemerk word dat dit waarskynlik voordelig sou wees om dit aan te vul met andere tegnieke, soos byvoorbeeld onderhoude. Vanweë die omvang van hierdie ondersoek was dit egter nie moontlik nie.

V. Aanbevelings na aanleiding van die ondersoek

In hierdie afdeling word enkele aanbevelings na aanleiding van hierdie ondersoek gemaak.

1. In verband met die probleem van akademiese onderprestering behoort daar deeglik rekening gehou te word met die rol van motivering, houding en studiemetode. Veral in gevalle waar verstandelik begaafde studente swak presteer, behoort dit lonend te wees om ondersoek in te stel na hulle motivering, houding en studiemetode. In sulke gevalle behoort die student se houding teenoor sy studie besondere aandag te geniet.

2. In moontlike verdere navorsing behoort die invloed van motivering grondig ondersoek te word.

3. Uit die ondersoek het geblyk dat die goed-presterende student dosente desnoods persoonlik wil spreek in verband met sekere aspekte van die leerstof wat hy nie volkome

begryp nie. Dit spreek vanself dat dit nie moontlik is in gevalle waar een dosent groot getalle studente moet hanteer nie. Die klasse behoort dus klein te wees. Dit sal meebring dat die universiteitspersoneel uitgebrei moet word met 'n gevolglike groter geldelike las. Beter akademiese vordering en 'n kleiner verlies aan mannekrag, behoort hiervoor in 'n ruime mate te vergoed.

4. Voorligting aan studente met betrekking tot studieprobleme behoort aan elke universiteit besondere aandag te geniet. Die aangewese weg is selfstandige voorligtingsburo's met voldoende opgeleide voorligters en ander personeel.

5. Reeds op Hoërskoolvlak behoort voorligting daarop ingestel te wees om toekomstige studente so te beïnvloed dat hulle as goed gemotiveerde studente na die universiteit kom.

VI. Slot

Daar is probeer om deur middel van hierdie ondersoek 'n beskeie bydrae te lewer tot die oplossing van die probleem van akademiese onderprestoring op universiteit. Die moontlike waarde van hierdie ondersoek is dat dit nie beperk is tot die eerste studiejaar nie maar dat studente van die tweede en die derde studiejare ook in die ondersoek betrek is. Die ondersoeker besef dat die laaste woord oor die probleme wat in hierdie studie aan die orde gestel is, nog nie gespreek is nie. Nog meer navorsing sal onderneem moet word. Dit is van wesenlike belang vir ons vaderland wat so 'n unieke posisie beklee in die wêreld van ons dag.

BIBLIOGRAFIE

A. Boeke

1. ANASTASI, A.: Psychological Testing. (Third Edition). The MacMillan Company, New York, 1968.
2. BENNETT, H.E.: Psychology and Self Development. Ginn and Co., Boston, 1923.
3. BENNETT, M.E.: College and Life. McGraw-Hill Book Company Inc., 1952.
4. BIGGE, M.L.: Learning Theories for Teachers. Harper & Row, New York, 1964.
5. BIRD, C., BIRD, D.M.: Learning more by Effective Study. Appleton-Century-Crofts, N.Y., 1945.
6. BODE, B.H.: How we learn. Heath & Co., Boston, 1940.
7. BOOK, W.F.: Economy and Technique of Learning. Heath & Co., Boston, 1932.
8. CLAYTON, T.E.: Teaching and Learning. A psychological perspective. Prentice-Hall, Inc. Englewood Cliffs, N.J., 1965.
9. CROMBAG, H.F.M.: Studiemotivatie en studie-attitude. Wolters-Noordhoff, N.V., Groningen, 1968.
10. DE MOOR, J.C.: Op weg met de Wetenschap, J.H. Kok, N.V., Kampen, 1968.
11. DU TOIT, J.M.: Statistiese Metodes. 'n Inleiding vir studente in die Sielkunde, Opvoedkunde en Sosiale Wetenskappe. Kosmo Uitgewery, Stellenbosch, 1966.
12. HEESE, K.W.: Studie. Hoe om te studeer. Pro-Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1940.
13. HILGARD, E.R.: Theories of Learning. (Second Edition) Methuen & Co., London, 1948, Second Edition, 1958.

14. HOPKINS, P.: Aids to Successful Study. George Allen & Unwin Ltd., London, 1941.
15. JONES, J.C.: Learning. Harcourt, Brace & World Inc., N.Y., 1967.
16. LAVIN, D.E.: The Prediction of Academic Performance. A theoretical analysis and review of research. Russell Sage Foundation, New York, 1965.
17. LINDGREN, H.C.: The Psychology of College Success. John Wiley & Sons, Inc., New York, 1969.
18. MACE, C.A.: The Psychology of Study. C. Nicholls & Company, Ltd., 1965.
19. MADDOX, H.: How to Study. The Teacher's Bookshelf, English Language Book Society and Pan Books, London, 1963.
20. MORGAN, C.T.: Introduction to Psychology. (Second Edition). McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1961.
21. MORGAN, C.T., DEESE, J.: How to Study. McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1957.
22. PRESTON, R.C., BOTEL, M.: How to Study. Science Research Associates Inc., Chicago, 1956, 1967.
23. ROBINSON, F.P.: Effective Study. Harper & Brothers, Publishers, New York, 1961.
24. SCHWARTZ, E.M.: How to Double your Child's Grades in School. Executive Research Institute Book, Copyright 1964: Eugene M. Schwartz.
25. WARK, D., MOGEN, M.: Read, Underline, Review. A method for efficient learning. (Experimental version 111). McGraw-Hill, New York, 1969.
26. WEIGAND, G., BLAKE, W.S.: College Orientation. A study skills manual. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1955.

27. WILLEMS, P.J.: Voorspelbaarheid van studiegeshiktheid voor hoger onderwys. (Gepubliseerde akademiese proefskrif). Drukkerij Gebr. Janssen N.V., Nijmegen, 1959.

B. Tydskrifartikels

28. BERG, P.C., RENDEL, U.M.: "Improving Study Skills". Journal of Reading, 1960, IX, p. 343-346.
29. BLANTON, W.L., PECK, R.F.: "College student motivation and academic performance." Educational and Psychological Measurement, 1964, 24, p. 897-912.
30. BROOKS, F.D., HESTON, J.C.: "The validity of items in a study habits inventory." Journal of Educational Psychology, 1945, 36, p. 257-270.
31. BROWN, C.W.: "The study habits of failing and successful students in the first two years of College" Journal of Experimental Psychology, 1940-41, 9, p. 205-208.
32. BROWN, W.F.: "Student-to-student Counseling for Academic Adjustment." Personnel and Guidance Journal, 1965, XLIII, p. 811-817.
33. BROWN, W.F., HOLTZMAN, W.H.: "A study attitudes questionnaire for predicting academic success." Journal of Educational Psychology, 1955, 46, p. 75-83.
34. BURGESS, E.: "Personality Factors of Over- and Under-Achievers in Engineering." Journal of Educational Psychology, 1956, XLVII, p. 89-99.
35. COOPER, B., FOY, J.M.: "Students' Study Habits, Attitudes and Academic Attainment." Universities Quarterly, 1969, XXIII, p. 203-212.
36. CUFF, N.B.: "Prognosis and Diagnosis of Success in College." Journal of Applied Psychology, 1930, 14, p. 612-619.
37. CUFF, N.B.: "Study Habits in Grades Four to Twelve." Journal of Educational Psychology, 1937, 28, p. 295-301.

38. DUNCAN, C.P., BELL, G., BRADT, K.H., NEWMAN, S.E.: "How the poorer student studies." A Research Report. Journal of Educational Research, 1951, 45, p. 287-292.
39. EURICH, A.C.: "An analysis of self-ratings on studiousness traits." Journal of Applied Psychology, 1930, 14, p. 577-591.
40. GHISELLI, E.E.: "Dimensional Problems of Criteria." Journal of Applied Psychology, 1956, 40, p. 1-4.
41. GIBBONS, K.C., SAVAGE, R.D.: "Intelligence, Study Habits and Personality Factors in Academic Success - a Preliminary Report." The Durham Research Review, 1965, V, 16, p. 8-12.
42. GORDON, H.P.: "Study habit inventory scores and scholarship." Journal of Applied Psychology, 1941, 25, p. 101-107.
43. HASLAM, W.L., BROWN, W.F.: "Effectiveness of Study-skills Instruction for High School Sophomores." Journal of Educational Psychology, 1968, 59, p. 223-226.
44. HOLTZMAN, W.H., BROWN, W.F.: "Evaluating the Study Habits and Attitudes of High School Students." Journal of Educational Psychology, 1968, 59, p. 404-409.
45. HOLTZMAN, W.H., BROWN, W.F., FARQUHAR, W.G.: "The Survey of Study Habits and Attitudes: A new instrument for the prediction of scholastic success." Educational and Psychological Measurement, 1954, 14, p. 726-732.
46. LAYCOCK, S.R., RUSSELL, D.H.: "An Analysis of Thirty-eight How-to-study Manuals." School Review, 1941, XLIX, p. 370-379.
47. LAYTON, W.L.: "Predicting success of students in veterinary medicine." Journal of Applied Psychology, 1952, 36, p. 312-315.

48. LOCKE, N.M.: "The student skills inventory: A Study Habits Test." *Journal of Applied Psychology*, 1940, 24, p. 493-504.
49. MAHER, H.: "Follow-up on the Validity of a Forced-Choice Study Activity Questionnaire in another Setting." *Journal of Applied Psychology*, 1959, 43, p. 293-295.
50. MEUWESE, W., ZWEEKHORST, E., CROMBAG, H.: "Het effect van vijf verschillende instructiemethoden op reproductie en verwerking van informatie." *Nederlands Tijdschrift voor de Psychology*, 1965, 20, p. 129-136.
51. MICHAEL, W.B.; REEDER, D.E.: "The Development and Validation of a Preliminary Form of a Study-habits Inventory." *Educational and Psychological Measurement*, 1952, 12, p. 236-247.
52. MYERS, R.C., SCHULTZ, D.G.: "Predicting academic Achievement with a new Attitude-Interest Questionnaire - I." *Educational and Psychological Measurement*, 1950, 10, p. 654-663.
53. RICHLIN, M., TRESSELT, M.E.: "College student and other adult learning." *The American Psychologist*, 1951, 6, p. 368-369.
54. RICHLIN, M., TRESSELT, M.E.: "Differential Prognosis in a College Study Method Course." *Journal of Psychology*, 1951, 31, p. 81-89.
55. ROBINSON, F.P.: "Two quarries with a single stone." *Journal of Higher Education*, 1945, 16, p. 201-206.
56. SCHULTZ, D.G., GREEN, B.F.: "Predicting academic Achievement with a new Attitude-Interest Questionnaire - II." *Educational and Psychological Measurement*, 1953, 54, p. 54-64.
57. SCHUTTER, G., MAHER, H.: "Predicting Grade-Point Average with a Forced-Choice Study Activity Questionnaire." *Journal of Applied Psychology*, 1956, 40, p. 253-257.

58. TIEBOUT, H.M.: "The misnamed lazy Student." Educational Record, 1943, 24, p. 113-129.
59. TRESSELT, M.E.: "The how-to-study Course." Journal of Psychology, 1952, 34, p. 31-35.
60. WITTENBORN, J.R., LARSEN, R.P., MOGIL, R.L.: "An empirical evaluation of study habits for college courses in French and Spanish." Journal of Educational Psychology, 1945, 36, p. 449-474.
61. WRENN, C.G., HUMBER, W.J.: "Study habits associated with high and low scholarship." Journal of Educational Psychology, 1941, 32, p. 611-616.
- C. Verhandelings, Proefskrifte, Handleidings, Verslae ensovoorts.
62. BLUMBERG, J.G.: The Study Habits and Study Attitudes of Students, with special reference to the Johannesburg College of Education. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, UNISA, 1969.
63. BOTHA, A.G.: Suksesvolle en Minder suksesvolle Akademiese Presteerders - 'n Sielkundige Onderzoek. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.S., 1971.
64. BROWN, W.F., HOLTZMAN, W.H.: Manual for the Brown-Holtzman Survey of Study Habits and Attitudes. The Psychological Corporation, New York, 1956, 1964.
65. BROWN, W.F., HOLTZMAN, W.H.: Survey of Study Habits and Attitudes, Manual, Form C. The Psychological Corporation. New York, 1966.
66. BRUWER, W.J.: 'n Onderzoek na die Verband van Studiehouding en -Metode met Akademiese Sukses. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1957.
67. DU TOIT, J.M.: Resensie oor: Verslag van die Studentevoorligtingskomitee in sake 'n ondersoek na die akademiese aanpassing en vordering van eerstejaarstudente aan die Universiteit van Pretoria, Stellenbosch, 1957.

68. DU TOIT, L.B.H.: Die verband tussen Studiegewoontes en -Houdings en Akademiese Prestasie in die Middelbare Skool. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, UNISA, 1970.
69. DU TOIT, L.(B.H.): Die verband tussen Studiegewoontes en -Houdings en die Akademiese Prestasie van Hoërskoolleerlinge. Referaat gelewer tydens die SIRSA-Kongres, September 1971.
70. EERSTEJAARSVERSLAG van die Universiteit van Stellenbosch, 1955. Stellenbosch, 1956.
71. GOOSEN, D.S.: 'n Sosiologiese Onderzoek na die Vordering en Aanpassing van Eerstejaarstudente aan 'n Universiteit. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1957.
72. GOUWS, D.J.: Die Akademiese vordering en aanpassing van Eerstejaar-Universiteitstudente - 'n Statisties - Kliniese Studie. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1957.
73. GRIESEL, A.M.S.: Die invloed van onderstreping as hulpmiddel by die aanleer van sinvolle materiaal. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1955.
74. HARRIS, M.P.: Eienskappe van Eerstejaarstudente wat nie tot 'n beroepskeuse kan kom nie. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.E., 1967.
75. MÖLLER, A.T.: 'n Eksperimentele ondersoek na die kwantitatiewe en kwalitatiewe aspekte van akademiese motivering. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1968.
76. REYNEKE, C.J.J.: 'n Onderzoek na die verband tussen Loopbaan- en Studieplanne en Akademiese Prestasie by Universiteitstudente. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, U.S., 1965.
77. SMIT, G.J.: Die verband tussen bepaalde nie-intellektuele faktore en akademiese prestasie. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1971.

78. VAN NIEKERK, J.F.: Studiegewoontes en -Metodes van Matriekleerlinge en Eerstejaarstudente aan die Universiteit - 'n Vergelykende Studie. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, U.S., 1972.
79. VERSLAG VAN DIE STUDENTEVOORLICHTINGSKOMITEE insake 'n ondersoek na die akademiese aanpassing en vordering van eerstejaarstudente aan die Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1957.
80. WRENN, C.G.: Manual of Directions of the Study-Habits Inventory. Board of Trustees of the Leland Stanford Junior University, 1933, 1941, Wrenn, 1961.
81. WRENN, C.G.: Study-Habits Inventory. Scoring Key. Revised Edition 1941. Board of Trustees of the Leland Stanford Junior University, 1934, 1941.

BYLAE 1

DIE VRAELYS OOR MOTIVERING, HOUDING EN
STUDIEMETODE WAT IN DIE VOORONDERSOEK
GEBRUIK IS

VRAELYS OOR MOTIVERING, HOUDING EN STUDIE- METODE

Aanwysings: Lees asb. die onderstaande noukeurig deur voordat u begin om die vraelys te beantwoord.

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen motivering, houding en studiemetode en akademiese prestasie. Indien u hierdie vraelys ernstig benader, kan dit u en ander studente in die toekoms help om beter te presteer. Die waarde van hierdie vraelys sal vir u in direkte verhouding staan tot die mate van erns en eerlikheid waarmee u elke stelling benader. U antwoorde sal baie vertroulik behandel word; u kan dus met vrymoedigheid op al die vrae eerlik antwoord.

Merk asb. u antwoorde op die aparte antwoordblad, wat voorsien word. Daar is 148 stellings in hierdie vraelys. Daar is 'n drie-punt skaal voorsien vir elke stelling waardeur u kan aantoon of u selde, dikwels of byna altyd so doen of voel as wat die bepaalde stelling suggereer. By elke stelling moet u 'n kruisie maak onder een van die drie moontlike antwoorde. Wanneer u die antwoorde merk, maak seker dat die nommer van die stelling of vraag ooreenkom met die nommer op die antwoordblad. Maak seker dat u kruisie duidelik is. Moenie verwarrende merke maak nie. As u 'n antwoord wil verander, vee die verkeerde merk goed uit.

Onthou, u word versoek om uself so te beoordeel, nie volgens wat u dink u behoort te doen of te voel nie, of

volgens u dink wat andere sal doen of voel nie, maar soos uself gewoon is om te doen of te voel. As u nie nie in staat is om te antwoord volgens u werklike onder= vinding nie, antwoord dat wat u die waarskynlikste sou gedoen of gevoel het as u in so 'n situasie sou verkeer. Dit gaan om u motivering, houding en studiemetode en nie om dié van ander persone nie.

Daar is geen "regte" of "verkeerde" antwoorde nie en daar word geen tydsbeperking gestel nie. Werk so vinnig as u kan sonder om oorhaastig of onbedagsaam te wees. Moenie aan een bepaalde vraag te veel tyd bestee nie. Moet asb. nie enige van die vrae oorslaan nie. Antwoord almal so goed as u kan. Baie dankie vir u samewerking.

DIE VRAELYS

1. Ek voel onseker oor wat my doel in die lewe behoort te wees.
2. By my is studie 'n saak van "raak of mis", afhanklik van die bui waarin ek verkeer.
3. Wanneer eksamenskrifte of geskrewe take terug gegee word, vind ek dat ek 'n laer punt gekry het as gevolg van nalatige foute.
4. As daar genoeg tyd is, neem ek 'n paar minute om my antwoorde oor te gaan voordat ek my eksamenskrif ingee.
5. Ek verloor punte in "reg-verkeerd" of "veelvuldige keus - toetse en eksamens omdat ek my oorspronklike antwoorde verander net om later te ontdek dat my eerste antwoord die regte was.
6. Ek gee daaraan voorkeur om alleen te studeer, liever as saam met ander.

7. Indien ek een jaar druip, sal ek verplig wees om my studie te staak en te gaan werk.
8. Dit wil blyk asof ek baie min bereik in verhouding met die hoeveelheid tyd wat ek aan my studies bestee.
9. Ek mors te veel tyd met die lees van tydskrifte, na die radio te luister, bioskoop toe te gaan ens. as wat goed is vir my werk.
10. Ek hou my werk op datum deur my werk gereeld van dag tot dag te doen.
11. Ek vind geraas steurend wanneer ek studeer.
12. Ek kan slegs 'n kort rukkie op 'n leestaak konsentreer voordat woorde 'n betekenislose mengelmoes word.
13. Elke keer voor ek begin studeer, bepaal ek vir myself 'n hoeveelheid werk wat ek in 'n bepaalde tyd wil afhandel.
14. Ek het bepaalde vakke gekies omdat ek meen dat dit vir my voordelig sal wees.
15. Ek bly weg van klasse wanneer daar ookal iets anders is wat ek liever wil doen of wanneer ek moet blok vir 'n toets.
16. Ek studeer 3 uur of meer per dag buite die gewone klastye.
17. Ek hou daarvan om agter in die klas te sit.
18. Wanneer ek 'n lang stuk werk oorlees, stop ek met tussenposes en gee in my gedagte die belangrikste van wat ek gelees het weer.
19. Ek het eintlik die verkeerde studierigting gekies, maar voel dat dit nou te laat is om om te draai en weer van voor te begin.
20. Ek streef daarna om 'n diepgaande belangstelling in al my vakke te ontwikkel.
21. Ek ondervind moeilikheid om die belangrike punte in opleeswerk uit te soek - dinge wat later in die eksamens gevra word.

22. Ek is op datum met skriftelike take, soos referate ens.
23. Ek gebruik die vrye ure tussen klasse vir studie sodat ek die werk vir die aande kan verminder.
24. My studie word op 'n blindelinge, onbeplande wyse gedoen en word beheers deur die eise wat onmiddellik komende klasse stel.
25. Ek voel dat my swak prestasie te wyte is aan oorerwingsfaktore. Ek is nou eenmaal so en kan dit nie help nie.
26. Wanneer ek sit om te studeer vind ek dat ek te moeg, verveeld of slaperig is om deeglik te studeer.
27. Ek voel dat ek vakke neem wat vir my van weinige praktiese belang is.
28. Nadat ek 'n paar bladsye van 'n stuk werk gelees het, is ek nie in staat om weer te gee wat ek nou gelees het nie.
29. Ek stel die skryf van referate, verslae ens. uit tot op die laaste minuut.
30. Telefoonoproepe, persone wat kom en gaan in my kamerlang geselsery met my kamermaat ens. hinder my wanneer ek probeer studeer.
31. Die plek waar ek studeer hou ek soos 'n kantoor of sakeplek sonder onnodige en aandagwerende dinge soos prente, briewe ens.
32. Ek ondervind heelwat persoonlike probleme, soos bv. swakgesondheid geldelike probleme, moeilike aanpassing ens.
33. Ek kan nie goed konsentreer nie vanweë periodes van rusteloosheid en moedeloosheid.
34. Dit neem my lank om "opgewarm" te word vir die taak om te studeer.
35. Wanneer ek moeilikheid ondervind in my werk, probeer ek met die dosent oor my probleem praat.

36. As ek notas in 'n lesing afneem, neem ek dikwels dinge af wat later blyk onbelangrik te wees.
37. Ek memoriseer grammatiese reëls, definisies van tegniese terme, formules ens. sonder om hulle werklik te verstaan.
38. My dosente se kritiek om my geskrewe verslae of referate is dat dit oorhaastig geskryf of swak georganiseer is.
39. Ek is nie werklik geïnteresseerd in my studie nie. Ek hou maar net aan omdat ek voel dat 'n graad my sal help om later 'n goeie pos te beklee.
40. Sommige van my klasse is so vervelend dat ek die klasperiode gebruik om prentjies te teken, briewe te skrywe of te dagdroom i.p.v. na die dosent te luister.
41. Moeilikheid om myself goed uit te druk in woorde benadeel my in referate, eksamens en ander werk wat ingelewer moet word.
42. Ek probeer 'n bepaalde werkstuk voltooi sonder onderbreking.
43. Ek onderbreek my studie dikwels om eers iets anders te doen, soos bv. deur tydskrifte te blaai ens.
44. Hoewel ek eintlik liever iets anders wou doen, het ek tog na die universiteit gekom omdat van my vriende gekom het of omdat my ouers dit van my verwag.
45. Ek voel dat die tyd, geld en inspanning wat mens aan 'n universiteitsopleiding moet bestee nie die moeite werd is nie.
46. Ek glo dat my punte 'n redelike getroue weergawe van my vermoë is.
47. Wanneer ek begin studeer ontdek ek dikwels dat ek nie my notaboek, pen of ander materiaal byderhand het nie.
48. Ek gun myself 'n vrye tydjie saans na my werk voltooi is en voordat ek gaan slaap.

49. Die beligting by my studieplek is goed.
50. Ek sorg dat ek genoeg slaap kry. (7 tot 8 uur per nag)
51. Ek het na die universiteit gekom omdat ek presies weet wat my mikpunt in die lewe is en universitêre opleiding daarvoor nodig is.
52. Ek glo dat om 'n "goeie tyd" te hê en jou volle deel van genot uit die lewe te kry net so belangrik is as jou studies.
53. Ek sit bepaalde tye opsy vir geselskap en algemene ontspanning.
54. Ek het gewoonlik 'n skoon ruimte van ongeveer 2x2 vt. op my lessenaar of tafel.
55. Ek maak gewoonlik 'n vlugtige opname van 'n hoofstuk voordat ek dit in besonderhede bestudeer.
56. Hoewel ek 'n graadkursus volg, is ek nog nie heeltemal seker van watter beroep ek eendag gaan beoefen nie.
57. Dagdromery oor afsprake, toekomsplanne ens. trek my aandag af van my werk wanneer ek studeer.
58. Wanneer ek onder druk verkeer is my werk van 'n minderwaardige gehalte.
59. Ek maak eenvoudige kaarte, diagramme of tafels van my eie om die materiaal wat ek bestudeer op te som.
60. In gevalle waar dit voorsien word, lees ek eers die opsomming van 'n hoofstuk deur voor ek die hoofstuk self lees.
61. Ek vind dit moeilik om volledige sinne te maak wanneer ek skryf.
62. Ek werk tot baie laat in die nag om te leer vir eksamens.
63. Ek ondergaan universitêre opleiding nie net om meer kennis op te doen en my vir 'n loopbaan te bekwaam nie, maar omdat ek glo dat dit belangrik is vir my persoonlikheidsontwikkeling.

64. Sommige van my vakke is so oninteressant dat ek my moet forseer om die werk te doen.
65. Ek sorg dat ek gereeld liggaamlike oefening kry.
66. Nadat ek 'n bepaalde stuk werk voltooi het, gaan ek dadelik oor na ander werk.
67. Indien ek 'n klas weens onvoorsiene omstandighede misloop, gaan spreek ek die dosent ten einde die werk te probeer inhaal.
68. Ek het na die universiteit gekom omdat ek na voltooiing van my skoolloopbaan baie jonk was en nie kans gesien het vir die verantwoordelikheid van 'n betrekking nie.
69. Ek raak senuweeagtig en deurmekaar wanneer ek eksamen skryf en slaag nie daarin om die vrae na die beste van my vermoë te beantwoord nie.
70. Tensy ek werklik van 'n kursus hou, glo ek daarin om slegs soveel te doen as wat nodig is om te slaag.
71. Ek bestudeer foute wat die dosent in my geskrewe werk aandui totdat ek die rede vir my fout begryp en dit self kan verbeter.
72. Wanneer ek leer vir 'n eksamen of toets, gaan ek die werk slegs eenkeer deur.
73. Ek dril alle nuwe leerwerk in om dit so outomaties as moontlik te maak.
74. Ek probeer elke lesing of studie-opdrag bemeester.
75. Ek het na die universiteit gekom omdat ek na voltooiing van my skoolloopbaan nog onseker was oor watter beroep om te volg.
76. Gebrek aan belangstelling in my studie maak dit vir my moeilik om my aandag te bepaal by die voorgeskrewe opleeswerk.
77. Ek leer makliker van my eie notas en opsommings as uit teksboeke.

78. Ek maak gebruik van snelskrif om notas af te neem.
79. Ek probeer soveel as wat moontlik is afskrif tydens lesings.
80. Ek volg 'n kursus op universiteit sodat ek later baie geld kan verdien en gemaklik kan lewe.
81. Ek verloor belangstelling in my studies na die eerste paar dae of weke.
82. Ek doen hersiening van al my leerwerk onmiddellik nadat ek dit geleer het en dan later weer voor die eksamen of toets.
83. Ek probeer alles verstaan wat ek lees, al neem dit ook baie tyd in beslag.
84. Ek probeer die vrae aan die einde van 'n hoofstuk (waar dit wel voorsien word) vir myself beantwoord.
85. Ek maak gewoonlik eers 'n aanvanklike opname van teks=boeke deur te let op die opskrifte van hoofstukke en paragrawe, om dan later te konsentreer op die belangrikste gedeeltes.
86. Ek is op universiteit omdat dit aan my die nodige "agtergrond" sal gee wat in die samelewing nogal belangrik kan wees.
87. Ek voel dat dosente hulle persoonlike verhouding tot bepaalde studente, hulle in hul punttoekenning laat beïnvloed.
88. Ek lees gewoonlik eers 'n stuk werk deur sonder om te onderstreep, om dit dan later weer deur te gaan en notas te maak.
89. Ek lees gewoonlik die aantekeninge van die vorige lesing deur voordat ek die volgende lesing bywoon.
90. Ek kies graag vir my 'n studiemaat sodat ons aan mekaar vrae oor die werk kan stel voor 'n toets of eksamen.
91. Ek maak notas van sake wat tydens lesings vir my onduidelik is om die dosent later daarvoor uit te vra.
92. Ek het 'n geweldige drang na meer kennis. Dit gaan vir my meer om die versameling van kennis as om deur midd van my studie 'n goeie betrekking te bekom.

93. As my voorgeskrewe huiswerk of selfstudie te veel of besonder moeilik is, word ek mismoedig en laat staan dit of werk haastig daardeur en doen alleen die makliker dele.
94. Ek voel dat ek harder sal studeer as ek toegelaat sou word om die vakke waarvan ek hou te kies.
95. Ek neem graag deel aan groepbesprekings oor bepaalde vakke wanneer die geleentheid daarvoor geskep word.
96. Ek neem die vrymoedigheid om 'n dosent tydens 'n lesing in die rede te val en vrae te stel oor aspekte van die werk wat vir my onduidelik is.
97. Ek gebruik my eie stelsel van afkortings ten einde tyd te spaar.
98. Ek voel oortuig dat ek 'n bepaalde roeping het en volg nou 'n universitêre kursus om my daarvoor voor te berei.
99. Ek verwaarloos my studiewerk omdat ek nie van 'n bepaalde dosent hou nie.
100. Ek voel dat ek te veel tyd aan studie bestee.
101. Wanneer ek studeer versprei ek herhalings van die leerstof oor 'n lang periode (m.a.w. nie twee- of driekeer direk na mekaar nie).
102. Ek herhaal leerwerk 'n paar keer kort na mekaar om dit in my geheue vas te lê.
103. Nadat ek 'n boek of artikel gelees het, probeer ek die inhoud in hoofsaak vir myself weergee.
- 104. Ek onderstreep gewoonlik gedeeltes in teksboeke wat vir my belangriker as ander voorkom.
105. Ek het redelik arm groot geword en studeer om iets beter te bereik as wat my ouers gehad het.
106. Ek voel gespanne en senuweeagtig wanneer ek studeer en bekommer my baie oor my werk.
107. Ek maak gewoonlik kort opsommings van die werk wat geleer moet word om my te help om vinniger te leer en beter te onthou.

108. Ek probeer van tyd tot tyd vasstel of 'n bepaalde metode of studieplan vrugte afwerp en wysig my plan daarvolgens.
109. Ek bespreek probleme wat ek in my studie teëkom met mede-studente ten einde tot helderheid te probeer kom.
110. Ek voel oortuig dat ek deur middel van my professionele bekwaamheid 'n bydrae sal kan lewer tot die welsyn van ons jong land en sy mense. Daarom is ek op universiteit.
111. Ek voel onbekwaam om my studiewerk te doen.
112. My studie word dikwels onderbreek deurdat ek peins oor persoonlike probleme.
113. Ek beplan my studieprogram vooraf vir die volgende twee of drie weke.
114. Ek verdeel die tyd wat ek aan bepaalde vakke bestee in verhouding tot hulle relatiewe belangrikheid.
115. Ek het 'n bepaalde studiestrategie en beplan maniere waarmee ek waarskynlik sukses sal behaal.
116. Ek moet gedurende vakansies werk om geld te verdien. Daarsonder sal ek nie my studie kan voortsit nie.
117. Ek verduur die studiejare net omdat ek weet dat hierdie kennis my later goed te staan sal kom.
118. Ek voel dat ek geen werklike vriende op universiteit het nie.
119. Ek probeer soveel moontlik gebruik maak van die biblioteek.
120. Die dosente kla dikwels dat my handskrif moeilik leesbaar is.
121. Ek vind my studie geweldig interessant.
122. Ek kom dikwels laat vir klasse.

123. Ek gebruik losblaaie notaboek sodat ek my notas later behoorlik kan orden en groepeer.
124. Ek wissel vakke af wanneer ek studeer om vermoeidheid en verveling teen te werk.
125. Ek lees soveel moontlik oor die beroep wat ek gekies het en waarvoor ek nou besig is om my voor te berei.
126. Ek maak graag vriende met mede-studente wat eintlik meer belangstel in die sosiale lewe as in hul studies.
127. Ek skryf die betekenis van woorde en uitdrukkings wat moeilik is om te onthou tussen die lyne in my teksboek in.
128. Ek probeer die doel van elke werkstuk peil voordat ek probeer om dit te bemeester.
129. Of ek van 'n kursus hou of nie, werk ek nogtans hard om goeie resultate te verkry.
130. Ek werk harder in dié vakke wat deur dosente doseer word van wie ek persoonlik hou as in vakke wat deur dosente doseer word van wie ek nie hou nie.
131. Ek is dikwels afwesig van lesings sonder dat ek goeie redes daarvoor het.
132. Ek peusel gewoonlik aan eetgoed wanneer ek studeer.
133. Ek studeer liever in die bekende omgewing van my eie kamer as op ander plekke.
134. Ek doen moeite om my dosente buite die klaslokaal beter te leer ken.
135. Ek aanvaar 'n moeilike studie-opdrag as uitdaging vir my bekwaamheid i.p.v. om tou op te gooi by die eerste teken van probleme.
136. Ek sit gewoonlik op 'n stoel by 'n tafel of lessenaar wanneer ek studeer.

137. Omdat ek nie lus het om alles te leer nie, "spot" ek dikwels sekere vrae voor die eksamen waarop ek dan konsentreer.
138. Ek studeer om vir myself te bewys dat ek in staat is om bo die gemiddelde uit te styg.
139. Ek neem deel aan die aktiwiteite van vak-wetenskaplike verenigings soos bv. die regsvereniging, sielkunde=vereniging ens.
140. Ek probeer om gedurende die jaar 'n goeie jaarpunt op te bou sodat ek my nie voor die eksamen moet oorwerk ten einde te slaag nie.
141. Ek studeer liever vroeg soggends as om saans baie laat te werk.
142. Ek studeer die lekkerste wanneer ek gemaklik op my bed kan lê.
143. Ek het die gewoonte om hardop te leer.
144. Aan die einde van elke week gaan ek die werk van die week deur om te sorg dat ek alles onder die knie het.
145. Ek probeer gewoonlik om met die minste werk die meeste punte te behaal.
146. Ek probeer wyer oplees oor bepaalde vakke as wat eintlik van my verwag word.
147. Ek maak gebruik van opwekmiddels sodat ek langer kan studeer.
148. Ek verkies om in 'n enkelkamer te bly.

BYLAE 2

DIE ANTWOORDBLAD VIR DIE VRAELYS OOR
MOTIVERING, HOUDING EN STUDIEMETODE WAT
IN DIE VOORONDERSOEK GEBRUIK IS

VRAELYS OOR MOTIVERING, HOUDING EN STUDIE-
METODE

ANTWOORDBLAD

Maak seker dat u antwoorde duidelik met 'n kruisie (X) gemerk word. Maak die kruisie duidelik bokant die twee punte (..) by een van die drie moontlike antwoorde.

Die afkortings se betekenis is die volgende:

S - Selde
D - Dikwels
BA - Byna altyd

Verstrek asb. die volgende inligting:

Volle naam en van:

Ouderdom: Geslag:

Kursus (Bv. B.A. I, B.Sc. II ens.)

	S	D	BA		S	D	BA		S	D	BA
1	10	19
2	11	20
3	12	21
4	13	22
5	14	23
6	15	24
7	16	25
8	17	26
9	18	27

	S	D	BA		S	D	BA		S	D	BA
288	57	85
29	58	86
30	59	87
31	60	88
32	61	89
33	62	90
34	63	91
35	64	92
36	65	93
37	66	94
38	67	95
39	68	96
40	69	97
41	70	98
42	71	99
43	72	100
44	73	101
45	74	102
46	75	103
47	76	104
48	77	105
49	78	106
50	79	107
51	80	108
52	81	109
53	82	110
54	83	111
55	84	112
56								

S	D	BA		S	D	BA		S	D	BA	
113	125	137
114	126	138
115	127	139
116	128	140
117	129	141
118	130	142
119	131	143
120	132	144
121	133	145
122	134	146
123	135	147
124	136	148

